

BEELDSPRAAK IN DIE GESKREWE EN ONGESKREWE
LITERATUUR VAN TSWANA

PHILIPPUS THEUNIS VAN STADEN
HONNS.- BA

VOORGELE TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A. IN DIE FAKULTEIT
VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOER ONDERWYS.

LEIERDOSENT: MNR. S.A. SWANEPOEL

AUGUSTUS 1980.

BEDANKINGS

GRAAG WIL EK DIE VOLGENDE PERSONE EN INSTANSIES
BEDANK VIR HULLE BYDRAE TOT DIE SUKSESVOLLE VOLTOOIING
VAN HIERDIE STUDIE:-

DIE HERE WAT AAN MY DIE GESONDHEID GEGEE HET,
ALLE DANK AAN HOM WAT OOK VREDE GESKENK HET, SODAT
HIERDIE STUDIE ONDERNEEM KON WORD,

MY LEIERDOSENT MNR. S.A. SWANEPOEL VIR SY HULP EN
BYSTAND,

MNR. GERT ELS VAN HOËRSKOOLO KLERKSDORP VIR DIE
TAALKUNDIGE VERSORGING,

DIE PERSONEEL VAN DIE FERDINANT POSTMA-BIBLIOTEEK
VIR DIE HULP IN DIE VERKRYGING VAN DIE NODIGE BRONNE
EN DIE DRUK- EN BINDWERK,

MY VROU, NELLIE, VIR DIE TIKWERK,

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
HOOFSTUK 1	1
1.0.0. PROBLEEMSTELLING EN WERKSWYSE	1
1.1.0. PROBLEEMSTELLING	1
1.2.0. WERKSWYSE	1
1.3.0. DIE BEGRIP BEELDSPRAAK	2
1.4.0. VERSKILLENDSE TERME VIR DIE BEGRIP BEELDSPRAAK	4
1.4.1. Troop	4
1.4.2. Plastiek	5
1.4.3. Figuurlike Taal	5
1.4.4. Stylfiguur	6
1.4.5. Beeldspraak	7
1.4.6. Metafoor	8
1.4.7. Retoriek	8
1.4.8. Kurion	9
1.4.9. Digterlike Vergelyking	10
1.4.10. Samevattend	10
HOOFSTUK 2	11
2.1.0. DIE TRADISIONELE BENADERING	12
A. VERGELYKING	13
B. METAFOOR EN ALLEGORIE	13
C. SIMBOOL, SIMBOLIEK EN SIMBOLISME	13
2.1.1. Die Vergelyking	14
A. DIE TERM: VERGELYKING	14
B. DIE EIENSKAPPE VAN DIE VERGELYKING	14
C. SUBVORME VAN DIE VERGELYKING	15
1. Die enkelvoudige vergelyking	15
2. Die saamgestelde vergelyking	15
a. DIE HOMERIESE VERGELYKING	15
b. DIE PARABEL	17
c. DIE FABEL	17

2.1.2. Die Metafoor	18
A. DIE TERM: METAFOOR	18
B. EIENSKAPPE VAN DIE METAFOOR	20
C. POGINGS OM DIE METAFOOR TE OMSKRYWE	21
D. DIE VERSKIL TUSSEN DIE VERGELYKING EN DIE METAFOOR	24
E. DIE ALLEGORIE	27
F. DIE SUBVORME VAN DIE METAFOOR	28
1. Klimaks en Anti-klimaks	28
2. Oksimoron	30
3. Paradoks	30
4. Parallelisme	31
5. Antitese	35
6. Chiasme	35
7. Apostroof	36
8. Antonomasia	36
9. Metonimia	38
10. Personifikasie	39
11. Senekdogee	42
12. Sinestesie	42
13. Hiperbool	43
14. Sarkasme	44
15. Ironie	44
16. Litotes	45
17. Eufemisme	46
18. Retoriese vraag	46
19. Inversie	47
20. Onomatopée	47
2.1.3. Die simbool	48
A. DIE TERM: SIMBOOL	48
B. SIMBOLIEK	49
C. SIMBOLISME	49
D. DIE VERSKILLENDE VORME VAN SIMBOLIEK	50
2.1.4. Retoriek	52

2.1.5.	'n Waardering van die tradisionele benaderingswyse	53
	A. DIE VERGELYKING	53
	B. DIE METAFOOR	54
2.2.0.	DIE STRUKTURELE BENADERING	58
2.2.1.	Die vergelyking	58
2.2.2.	Die metafoor	61
	A. DIE TERM: METAFOOR	61
	1. Die nomen	61
	2. Die verbum	63
	3. Die adjektief	63
	B. DIE SINTAGMATIESE EN PARADIGMATIESE BINNE STRUKTURELE LINGUISTIEK	63
2.2.3.	Samevatting	64
2.3.0.	DIE TRANSFORMASIONELE GENERATIEWE BENADERING (TG)	65
2.3.1.	Die metafoor as oorskryding van sintaktiese seleksiereëls	65
	A. DIE <u>ASPECTS</u> -MODEL	65
	B. DIE METAFOOR AS OORSKRYDING VAN SELEKSIEBEPERKINGS	67
2.3.2.	Interpretatiewe Semantiek	68
	A. DIE ORGANISASIE	69
	B. OORVLEUELING VAN SINTAKTIESE EN SEMANTIESE KENMERKE	70
	C. SEMANTIESE SELEKSIEBEPERKINGS EN PROJEKSIEREELS	71
	D. REDUNDANSIEREËLS (OORTOLLIGHEIDSREËLS)	72
2.4.0.	'N WAARDERING VAN DIE BENADERINGSWYSES	72
2.4.1.	Die tradisionele benadering	72
2.4.2.	Die strukturele benadering	73
2.4.3.	Die Transformasionele Generatiewe benadering	74

HOOFSTUK 3

3.0.0.	BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE VAN SUIDELIKE AFRIKA	75
3.1.0.	NGUNIGROEP	75
3.1.1.	Zoeloe	75
	A. H.I.E. DHLOMO	75
	B. DOKE	76
	C. R. KUNENE	79
	D. T. COPE	80
	E. M. KUNENE	83
3.2.0.	DIE SOTHOGROEP	83
3.3.1.	Noord-Sotho	83
	A. J. BREED	83
	B. A.P. COMBRINCK	86
	C. J.C. ROUX	90
3.3.2.	Suid-Sotho	90
	A. G.H. FRANZ	90
	B. S.M. GUMA	91
	C. D.P. KUNENE	93
3.3.3.	Tswana	96
	A. E.S. MOLOTO	96
	B. R.M. MALOPE	96
	C. S.A. SWANEPOEL	99
3.4.0.	VENDA	102
	A. M.E.R. MATHIVHA	102
3.5.0.	N WAARDERING VAN BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE	104

HOOFSTUK 4

4.0.0.	BEELDSPRAAK IN DIE GESKREWE- EN ONGESKREWE LITERATUUR VAN TSWANA	106
4.1.0.	WOORDSOORTE EN WOORDGROEPSOORTE IN TSWANA	107
4.1.1.	Die verskillende woordsoorte in Tswana	107
4.1.2.	Die verskillende woordgroepsoorte in Tswana	108

4.2.0.	TOETSE VIR DIE IDENTIFIKASIE VAN BEELDSPRAAK	108
4.3.0.	DIE VERGELYKING IN TSWANA	112
4.3.1.	Die komparatiewe betrekkingwoord: "jaaka" as komparatief	113
4.3.2.	Die komparatiewe betrekkingwoord: "seka" as komparatief	126
4.3.3.	Die assosiatiewe betrekkingwoord: "le" as komparatief	127
4.3.4.	Die identifiserende kopulatiewe betrekkingwoord:"ke" as komparatief	130
4.3.5.	Die instrumentale betrekkingwoord: "ka" as komparatief	135
4.3.6.	Woord- en woordgroepsoorte wat 'n bydrae lewer tot die vorming van vergelyking	139
4.4.0.	DIE METAFOR IN TSWANA	140
4.4.1.	Metafore met kopulatiewe betrek= kingwoordgroepe as vehicle	140
4.4.2.	Metafore sonder 'n komparatief	146
4.4.3.	Woord- en woordgroepsoorte wat 'n bydrae kan lewer by die vorming van metafore	154

HOOFSTUK 5

5.0.0.	DIE ONTSTAAN EN FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK	155
5.1.0.	STIMULI VIR DIE ONTSTAAN VAN BEELDSPRAAK IN TSWANA	155
5.1.1.	Sintuiglike beelde as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak	155
5.1.2.	Gevoel en geestestoestand as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak	156
5.1.3.	Tyd en ruimte as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak	156
A.	DIE INVLOED VAN DIE TRADISIONELE LEWE OP DIE BEELDSPRAAK	156
B.	DIE INVLOED VAN DIE NATUUR OP DIE BEELDSPRAAK	157
C.	DIE INVLOED VAN DIE LIEFDES- EN GESINSLEWE OP BEELDSPRAAK	158
D.	DIE CHRISTELIKE INVLOED OP BEELDSPRAAK IN DIE SEKULÊRE LITERATUUR	158

E. DIE INVLOED VAN DIE MILIEU VAN DIE TSWANA OP DIE BYBEL EN HOSANNA	159
F. DIE INVLOED VAN VERSTEDELING OP DIE BEELDSPRAAK IN TSWANA	159
5.3.0. DIE FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK	159
5.3.1. Die verduidelikende funksie	160
A. BEELDSPRAAK OM DIE METAFISIESE MISTERIE	160
B. BEELDSPRAAK OM DIE GEVOELSMISTERIE	161
5.3.2. Die verrykkingsfunksie	161
5.3.3. Konsentreringsfunksie	162
5.3.4. Die verfraaiingsfunksie van beeldspraak	163
5.3.5. Samevatting	163
 HOOFSTUK 6	 164
6.0.0. GEVOLGTREKKING	164
6.1.0. DIE BEGRIP : BEELDSPRAAK	164
6.2.0. BENADERINGSWYSES	164
6.3.0. BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE	167
6.4.0. BEELDSPRAAK IN TSWANA	168
6.5.0. DIE ONTSTAAN EN FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK	170
 7.0.0. IMAGERY IN THE WRITTEN AND UNWRITTEN LITERATURE OF TSWANA	 171
 8.0.0. BIBLIOGRAFIE	 173

HOOFSTUK 1

1.0.0. PROBLEEMSTELLING . EN WERKSWYSE

1.1.0. PROBLEEMSTELLING

Beeldspraak is 'n algemene verskynsel wat in die letterkunde voorkom. Dit is 'n verskynsel wat op verskillende maniere gehanteer word. Om beeldspraak as literêre verskynsel te verantwoord, moet aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- (i) Die begrip beeldspraak
- (ii) Die verskillende benamings vir die begrip: beeldspraak
- (iii) Die verskillende benaderingswyses tot beeldspraak.

1.2.0. WERKSWYSE

Omdat die titel "Beeldspraak in die geskrewe en ongeskrewe literatuur van Tswana" so 'n wye veld dek, is dit nodig om die doel en werkswyse van elke hoofstuk eers duidelik uiteen te sit.

In die eerste hoofstuk word die terme waaronder beeldspraak bekend staan, asook wat die begrip BEELDSPRAAK inhou, ondersoek.

- (i) 'n Aantal definisies sal aangehaal word om die term wat onder bespreking is te definieer
- (ii) Daar sal op die voor- en nadele van die bepaalde term gewys word.

Nadat die terme bespreek is, sal daar 'n keuse gemaak word. Die term wat gebruik word, sal behoorlik gedefinieer word. Hierdie definisie sal dan gebruik word in die res van die verhandeling.

In die tweede hoofstuk sal beeldspraak bespreek word op grond van die verskillende benaderingswyses.

Om dié doel te bereik, sal die terme wat deur literatoure gebruik is, versamel en bespreek word. Daar sal gepoog word om vas te stel of al die terme wat gebruik is, inderdaad beeldspraak omskryf. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n lys van die verskillende vorme van beeldspraak gemaak word. Daar sal ook bepaal word watter benaderingswyse in die res van die verhandeling gebruik sal word.

In die derde hoofstuk word 'n opsomming van die werk oor BEELDSPRAAK in die Swarttale gemaak, met spesiale verwysing na Tswana.

In die vierde hoofstuk sal beeldspraak in die lig van die strukturele benaderingswyse bespreek word. Daar sal paradigmas opgestel word om aan te toon watter woordsoorte en woordgroepsoorte in beeldspraak gebruik word.

In die vyfde hoofstuk sal kortliks na die stimuli vir die ontstaan van beeldspraak gekyk word. Daar sal ook na die funksies van beeldspraak gekyk word. Hierdie gedeelte sal net terloops aangeraak word, omdat dit net aan die periferie van die studieveld lê. Hierdie veld behoort nog verder bestudeer te word.

In die sesde hoofstuk sal daar 'n gevolgtrekking gemaak word.

1.3.0. DIE BEGRIP BEELDSPRAAK

Beeldspraak is opgebou uit: beeld + spraak. Schoonees (1971, p. 50) omskryf beeld so: "Voorstelling in woorde of in die gees: 'n Beeld skilder van ellende."

Schoonees (1971, p. 816) omskryf spraak so:

1. "Spreekvermoë: Jou spraak verloor.
2. Handeling van praat; manier van praat: Ek het hom aan sy spraak herken."

Schoonees (1971, p. 50) omskryf beeldspraak so: "Taaluiting van 'n kunstenaar wat onder die invloed van sterk gevoel beelde gebruik, in plaas van alledaagse woorde; figuurlike taal: Metafoor en personifikasie is vorme van beeldspraak."

Uit bogenoemde omskrywing is dit duidelik dat die begrip beeldspraak baie vaag omlin is.

Brown (1966, p. 1) wys daarop dat beeldspraak op figuurlike vergelyking (comparison) berus. Hy stel dit so: "Imagery in the sense in which it is taken for the purposes of the present work may be defined as 'words or phrases denoting a sense-perceptible object, used to designate not that object but some other object of thought belonging to a different order or category of being.' The sense-perceptible object or image in question becomes a medium for conveying to the mind some notion regarding that other object of thought. The image is momentarily substituted for that object. This substitution may involve a comparison or it may not. The relations between the different ways of speech that fall within this definition may be roughly indicated by means of the following table:-

Substitution with Comparison.	Literal Comparison	In Narrative Form.
	Explicit Figurative	(<u>Parable</u> <u>Fable</u>)
	Comparison, i.e. <u>Simile</u> .	
	Implicit Figurative	In Narrative Form.
Conventional Substitution without Comparison.	Comparison, i.e. <u>Metaphor</u>	<u>Allegory</u> .
	Minor forms of imagery.	<u>Personification</u> <u>Metonymy</u> <u>Synecdoche</u>
	<u>Symbolism</u> - literary, artistic, religious, etc.	<u>Emblems</u>
	and Emblem Literature.	

In die lig van bogenoemde omskrywings deur Schoonees en Brown is dit duidelik dat daar in beeldspraak twee sake met mekaar vergelyk word, en dat hierdie vergelyking eksplisiet of implisiet kan wees. Omdat die vergelyking òf eksplisiet òf implisiet is, moet daar minstens twee vorme van beeldspraak wees.

Die begrip beeldspraak hou dus die volgende in:

- (i) Dit moet klem lê op die beeldingsvermoë, dit wil sê die plastiek van woorde.
- (ii) Dit moet klem lê op die figuurlike, oordragtlike of nie-alledaagse betekenisaspekte van die woorde. Dit maak gebruik van minder gebruiklike betekenisaspekte van bepaalde woorde.
- (iii) Dit moet die verborge eendersheid tussen twee verskillende sake beklemtoon.
- (iv) Dit moet tred hou met die werklikheid, maar tog moet dit 'n verbeeldingsvlug wees. Die beeld moenie so verbeeldingsryk wees dat dit vir die leser/hoorder onverstaanbaar is nie.
- (v) Dit moet abstrakte dinge konkreet en verstaanbaar voorstel.
- (vi) Dit moet 'n beroep op die verbeelding en verstand van die leser/hoorder maak.
- (vii) Beelde moet by die skrywer se styl pas.
- (viii) Die suiwerste vorme van beeldspraak vind ons in die poësie, hoewel dit ook in ander taaluitinge voorkom.

Uit bogenoemde omskrywings is dit duidelik wat die begrip beeldspraak inhou. Die begrip word egter deur verskeie terme omskryf, terwyl daar ook verskillende begrippe aan dieselfde terme gekoppel word.

1.4.0. VERSKILLENDE TERME VIR DIE BEGRIP BEELDSPRAAK:

Die begrip beeldspraak word deur literatore gebruik, maar daar bestaan verskillende terme wat hierdie begrip omskryf.

Die volgende terme word deur literatore gebruik: troep, plastiek, figuurlike taal, stylfiguur, beeldspraak, metafoor, retoriek en digterlike vergelyking.

1.4.1. Troep

Scott (1967, p. 297) beweer: "Greek *trópos*, turn, way; *trépö*, turn. The figurative, elaborate use of a word. Hamlet says that the title of the play *THE MOUSETRAP* is to be understood 'tropically' (i.e. figuratively), which suggests that trope was used in this sense in Shakespeare's day. The term was used frequently

in the eighteenth century, and applied to metaphor, simile, personification, and hyperbole. Tropes could be employed in forms of irony."

Stutterheim (1941, p. 488) lê klem op die onrealistiese aspek: "troop; beeld, figuurlike uitdrukking, oneigenlijke uitdrukking."

Schoonees (1971, p. 902) lê klem op die figuurlike aspek: "Figuurlike uitdrukking, stylfiguur."

Die term troop dui op naamsoordrag. Die een saak word op die naam van 'n ander saak genoem. Die term is tegnies goed omskryf. Dit het deesdae grootliks in onbruik verval. Dit was die algemene term tot in die agtiende eeu.

1.4.2. Plastiek

Schoonees en Van Bruggen (1925, p. 51) sê: "Plastiek is die kuns om beelde of voorwerpe te vorm, te sny of uit te kap bv. in hout, klei, brons of marmer." Hulle lê klem op die funksie. "Iedere kunstenaar moet 'n besonder ontwikkelde uitbeeldingsvermoë besit. Wat sonder gestalte is, moet hy gestalte gee; wat onsigbaar is, moet hy sigbaar maak deur sy beeldende fantasie; die onhoorbare moet hy verklank. Die skilder maak 'n paar krabbeltjies op papier, of gee enkele vegies met sy verfkwas, wat 'n suiwere vertolking is van sy innerlike ontroering. Die digter gebruik 'n paar doodgewone, alledaagse woordjies in 'n sekere verband en daar gaan 'n suggestiewe bekoring van uit, wat die roersels van ons siel laat saamtril. Albei besit die plastiese gawe, die vermoë om hul dooie materiaal te vervorm tot 'n stukkie innig-lewende skoonheid."

Schoonees (1971, p. 649) sê: "Beeldende krag, uitbeeldingsvermoë, aanskoulikheid van styl: Die plastiek van 'n roman."

Die gewone alledaagse woord word omvorm tot iets nuuts, wat gelaai is met nuwe uitdrukkingsvermoë. Die woordbeeld word gevorm met behulp van bekende woorde. Dit is duidelik dat hier nie net van beelding nie, maar ook styl sprake is.

1.4.3. Figuurlike Taal

Stutterheim (1941, p. 239) lê klem op die figuurlike oordrag.

"De figuurlike en de eigenlike betekenis van een woord blijft Stählin teenover elkaar stellen." Hy beweert verder dat die figuurlike betekenis van 'n woord nie net in die letterkunde voorkom nie, maar ook in die vlugge omgangstaal.

Schoonees (1971, p. 166) stem hiermee saam. "Nie in die letterlike betekenis nie; sinnebeeldig, oordragtelik: Die figuurlike gebruik van 'n woord."

Van der Walt (1963, (a) pp. 162 - 166) gee 'n kort beskrywing van woordbetekenis. Uit hierdie beskrywing word figuurlike betekenis gebruik om aan te toon dat 'n woord disjunktief gebruik is. Met "eigenlike betekenis" word bedoel dat 'n woord konjunktief gebruik word. Indien 'n woord disjunktief of figuurlik gebruik word, word een van die betekenisonderskeidings beklemtoon, terwyl die ander betekenisonderskeiding onbewustelik weggelaat word. As 'n woord konjunktief gebruik word, word die woord so gebruik dat dit na die saak verwys waarop die woord normaalweg van toepassing is.

Die term figuurlike taal word dikwels gebruik en berus op die manier waarop die beeld gevorm word. Hierdie omskrywings sê nie dat die figuurlike parallelisme tussen een woord se "eigenlike" betekenis en 'n ander woord se "figuurlike" betekenis bestaan nie.

1.4.4. Stylfiguur

A.P. Grové (1963, p. 43) gebruik die term om klimaks te omskryf, maar hy omskryf nie die term verder nie.

M. Nienaber-Luitingh (1962, p. 83) gebruik ook die term in WOORDKUNS sonder om dit te definieer.

Schoonees (1971, p. 857) sê: "Uitdrukking wat 'n styleffek teweegbring deur 'n besondere formulering of deur 'n gebruik van 'n woord, wat afwyk van die gewone, of deur afwyking van die gebruikelike sinsbou: Stylfigure soos antonomasia, klimaks, metafoor, metonymia."

Hoewel hierdie term deur baie literatoure gebruik word, is dit nie duidelik gedefinieer nie.

1.4.5. Beeldspraak

Nienaber-Luitingh (1962, p. 79) sê: "Die werking van beeldspraak lê in die onverwagte, nuwe blootlegging van besonderhede, waardeur dit 'n felle indruk maak."

Sy beskryf die effektiwiteit en vorming van beeldspraak, maar omskryf nie die term nie.

Brown (1966) gee 'n beskywing van wat beeldspraak is, maar hy waag nie sy hand aan 'n definisie nie. (Vergelyk paragraaf 1.3.0.)

Schoonees en Van Bruggen (1925, p. 53) lê klem op die vorming: "Die skoonheid van 'n beeld bestaan daarin dat dit die verborge eenheidssensie van twee verskillende of selfs skynbaar teenstrydige begrippe, dinge of wesens aantoon."

Scott (1967, p. 138) lê klem op die beelde wat dit oproep. "Latin *imägö*, *image imitärī*, to imitate. A distinguishable part of a poem is imagery. Not only is the poet a maker of verbal music, he is also a maker of pictures in words. He does not here present the symbol of a thing, but he describes and makes us see and hear the thing itself."

Stutterheim (1941, p. 488) verwerp die term. "De term 'beeld' is van de drie het ongelukkigst, omdat hij slechts in samenhang met de beide andere hier zin heeft, op zichzelf te polysemisch is en buiten de woord- en taalsfeer uitwijst."

Hierdie drie terme waarvan hy praat, is figuurlike uitdrukking, kurion en beeld. Hy gaan verder deur te sê dat beeld slegs op 'n saak slaan en moeilik die rykheid van troop kan weergee. Hy sê dat beeldspraak saakspraak is.

Hy gaan voort deur te sê dat taal geen afbeelding bevat nie, maar die klanke word gebruik om begrippe te verwerklik.

Hoewel hy die term verwerp, keer hy dikwels daarheen terug.

Hy stel beeld en metafoor langs mekaar en sê dat hulle slegs die name van sake is. Verder verwar hy beeldspraak en metafoor met mekaar. Hy beskou beeldspraak en metafoor as wisselvorme. In werklikheid is beeldspraak 'n veel wyer term as metafoor.

Beeldspraak is die tegniek wat die skrywer gebruik om die leser te help om die voorwerp of emosie prakties te ervaar. Hy praat dus in beelde om abstrakte begrippe duidelik weer te gee.

1.4.6. Metafoor

Brown (1966, p. 26) sê: "But the name metaphor is meant to cover the figures known to grammarians and rhetoricians as metaphor proper, simile, metonymy, synecdoche, personification."

Hy stel dus metafoor gelyk aan beeldspraak. Hy sê dat dit die doel van die metafoor is om abstrakte dinge konkreet voor te stel. Hierdie is 'n baie aanneemlike beskrywing vir die begrip beeldspraak

Reg teenoor hierdie definisie van metafoor staan Grové (1963, p. 58) en Scott (1967, p. 178) wat dit as 'n subvorm van beeldspraak beskryf. Om voor die handliggende redes kan metafoor nie as 'n sinoniem vir beeldspraak aanvaar word nie. Die term metafoor, as 'n spesifieke soort beeldspraak sal later in hoofstuk twee bespreek word.

1.4.7. Retoriek

Scott (1967, p. 246) sê: "Greek *rhētoriké*; *rhētōr*, an orator, especially a professional one. The art of using language, as in a public speech, to persuade or influence others; eloquent and often heightened use of word."

Fowler (1958, p. 1050) verskil heeltemal van Scott. The art of persuasive or impressive speaking or writing; language designed to persuade or impress."

Ricoeur (1978, p. 9) sê dat dit 'n vorm van styl is. "Rhetoric also encompasses a theory of style (elocutio) and, finally, a theory of composition (compositio)."

Schoonees (1971, p. 697) sê dat dit ongevoelige taal is. "Hoogdrawende, ondeurvoelde taal, bombas: Sommige sprekers verval in retoriek."

Die term retoriek is nie gedefinieer of omskryf nie. Die term is oorbelaai, omdat daar te veel begrippe aan gekoppel word.

1.4.8. Kurion

Stutterheim (1941, p. 489) wys daarop dat die term kurion gebruik word vir die begrip beeldspraak. Hy sê voorts dat hierdie term nie kan standhou nie, omdat dit nie dieselfde begrip as troop weergee nie. Hy som die verskille soos volg op:

	zaak	1. beeld	
	letterlijk	2. figuurlijk	
	eigenlijk	3. oneigenlijk	
kurion	gebruikelijk	4. ongebruikelijk	troop
	onoverdrachtelijk	5. overdrachtelijk	
	oorspronkelijk	6. onoorspronkelijk	

In geen een van die ander geraadpleegde werke kon hierdie term opgespoor word nie. Dit is swak gedefinieer en kan dus op grond van bogenoemde redes verwerp word.

1.4.9. Digterlike Vergelyking

Vestdijk (1956, p. 170) sê: "Bij een dichterlijke vergelijking treedt dus een symbolische of analogische betrekking op tussen elementen, het symbool en het gesymboliseerde; bij het directe, ongecompliceerde beeld ontbreekt deze betrekking."

Hy sê verder dat:-

- (i) Gedagtes word in die vorm van 'n beeld weergegee.
- (ii) 'n Beeld kan as dekoratiewe element gebruik word.
- (iii) 'n Beeld kan die emosies van die skrywer/verteller weergee.
- (iv) Surrealistiese beelde kan heeltemal 'n ander gedagte weergee as dít wat op die oog af voor die handliggend is.
- (v) Dit gee 'n sintuiglike ekspressie van dieper emosies.
- (vi) Dit lê 'n analogiese betrekking tussen twee elemente.

Sy beskrywings is sinvol, maar die term vergelyking kan tot groot verwarring lei. Verder kom beelde ook in die prosa, drama en vlugge omgangstaal voor.

1.4.10. Samevattend

Uit begenoemde beskrywings is dit duidelik dat daar die volgende goed gedefinieerde sinonieme bestaan:

troop, plastiek, beeldspraak en digterlike beeld.

Troop is 'n naamsoordrag. Die een saak word op die naam van 'n ander genoem. Hierdie term het 'n baie lae gebruiksfrekwensie.

Plastiek is die herskepping van die alledaagse woord tot iets nuuts. Hierdie term het 'n baie lae gebruiksfrekwensie.

Beeldspraak is letterlik die spreek in beelde. In die meeste literêre werke word die beeld gelees en nie uitgespreek nie.

Digterlike Vergelyking gee slegs 'n halwe waarheid, want beelde kom in die gewone vlugge omgangstaal, prosa, drama en poësie voor, met die gevolg dat digterlike in die pad van 'n goeie omskrywing is.

Omdat die term beeldspraak so 'n hoë gebruiksfrekwensie het, moet dié term gebruik word. Die term beeldspraak word gebruik om die begrip beeldspraak te omskryf.

Die term beeldspraak kan omskryf word as 'n figuurlike parallelisme. Een van die elemente word figuurlik (disjunktief) en die ander letterlik (konjunktief) gebruik.

HOOFSTUK 2

2.0.0. DIE VERSKILLENDEN BENADERINGSWYSES IN DIE BESTUDERING VAN BEELDSPRAAK

Die beskrywing van beeldspraak het vir eeue 'n probleem vir die student van die letterkunde en literêre kritiek opgelewer, omdat benewens literatoure ook filosowe en linguïste probeer het om beeldspraak te beskryf. Elke persoon het 'n ander doel en vertrekpunt gehad. Selfs die beskrywings van literatoure het fundamenteel verskil. Verster (1975) het in sy proefskrif probeer om hierdie verwarring uit te skakel deur die ontwikkeling van die term "metafoor" te bestudeer, maar dit kon nie die probleem oplos nie. Gräbe (1979, pp. 1+2) wys in haar proefskrif daarop dat elke persoon wat oor beeldspraak skryf, 'n ander vertrekpunt het. Om die verskillende beskrywings van beeldspraak te verstaan is dit nodig om die beskrywing van beeldspraak binne 'n benaderingswyse te plaas. Sy sê dat die bestudering van die linguïstiek ruweg verdeel kan word in tradisionele, strukturele en transformasionele benaderings. Die letterkunde en linguïstiek bestudeer albei die taal (la langue) en taalgebruik (la parola), maar elkeen het sy eie doel voor oë. Omdat die letterkunde en linguïstiek se studieveld so na aan mekaar lê, het die letterkunde en linguïstiek hand - aan - hand gegaan en mekaar wedersyds beïnvloed. As gevolg van hierdie beïnvloeding het, die literatoure hierdie benaderingswyses van die linguïstiek netso oorgeneem en dit toegepas op die letterkunde.

Die doel van hierdie hoofstuk is om na te gaan watter benaderingswyses daar bestaan en hoe dit op beeldspraak toegepas kan word. In dié studie word sterk geleun op die indeling wat deur Gräbe gebruik is in haar proefskrif.

2.1.0. DIE TRADISIONELE BENADERING

Gräbe (1979, pp. 1+2) gebruik die term tradisionele sonder om dit verder te omskryf. Sy gee ook geen verdere aandag aan hierdie benadering nie.

Brown (1966) wy sy hele boek aan 'n uiteensetting van beeldspraak volgens hierdie benadering. Hy bied twee kriteria aan op grond waarvan hy beeldspraak indeel, maar hy sê nie op watter beginsel hierdie indeling berus nie.

Beeldspraak word in hierdie benadering beskryf op grond van die manier waarop dit gevorm is. Dit impliseer dat elke vormingswyse m.b.v. sy eie term beskryf moet word. As 'n beeld 'n probleem skep, is daar bloot 'n nuwe term geskep om dit te beskryf. Deur die verloop van eeue het die terme vermeerder tot 'n byna onhanteerbare hoeveelheid.

Brown (1966, p. 1) het die volgende kriteria aangelê om beeldspraak te klassifiseer.

Primêre Kriteria

Beeldspraak waarin vervanging met vergelyking en konvensionele vervanging sonder vergelyking voorkom. Hiermee skei hy die simbool van die vergelyking en metafoor.

Sekondêre Kriteria

Om die metafoor en die vergelyking van mekaar te skei, lê hy sekondêre kriteria aan. Hiervolgens moet bepaal word of die vergelyking figuurlik implisiet of eksplisiet is.

Op grond van bogenoemde kriteria maak hy die volgende indeling:

- (i) Eksplisiete Figuurlike Vergelyking, bv. die vergelyking.

In die toegepaste vorm: Parabel en Fabel

- (ii) Implisiete Figuurlike Vergelyking, bv. die metafoor.

In die toegepaste vorm: allegorie.

Ondergeskikte vorme van beeldspraak.

personifikasie

metonimia

senekdogee

- (iii) Konvensionele vervanging sonder vergelyking:

Simboliek, Literêre, kuns, godsdiens, ens.

Embleme en Embleem literatuur

Die probleem van hierdie indeling is daarin geleë dat die kriteria waarvolgens die "ondergeskikte vorms van beeld=spraak" (minor forms) bepaal word, nie gegee word nie.

Die subvorme van beeldspraak kan nou soos volg ingedeel word.

A. VERGELYKING

1. Enkelvoudige vergelyking
2. Saamgestelde vergelyking
 - a. Homeriese vergelyking
 - b. Parabel
 - c. Fabel

B. METAFOOR EN ALLEGORIE

1. Klimaks en Antiklimaks
2. Oksimoron
3. Paradoks
4. Parallelisme
5. Antitese
6. Chiasme
7. Apostroof
8. Inversie
9. Antonomasia
10. Metonimia
11. Senekdogee
12. Personifikasie
13. Sinestesie
14. Hiperbool
15. Sarkasme
16. Ironie
17. Litotes
18. Eufemisme
19. Retoriese vraag
20. Inversie
21. Onomatopée

C. SIMBOOL, SIMBOLIEK EN SIMBOLISME

1. Embleme
2. Embleemliteratuur
3. Godsdienstig
4. Literêre

Aan die hand van bogenoemde indeling sal beeldspraak op grond van die tradisionele benadering bespreek word.

2.1.1. Die Vergelyking

A. DIE TERM: VERGELYKING.

Brown (1966, p. 1) sê dat die vergelyking gevorm word op grond van eksplisiete figuurlike vergelyking met vervanging.

Grové (1963, p. 100) beklemtoon die feit dat die twee sake wat vergelyk word in alle opsigte verskil, behalwe op grond van die semantiese aspek waarvolgens die vergelyking plaasvind. "Vergelyking ontstaan wanneer 'n spreker of skrywer twee sake wat in alle opsigte verskil op grond van 'n enkele ooreenkoms met mekaar vergelyk."

Scott (1967, p. 268) definieer die vergelyking op grond van funksies, die vergelykingswoord (komparatief) en die subvorme. "SIMILE. latin *similis*, like. A simile makes a imaginative comparison for purpose of explanation, allusion, or ornament, introduced by a word such as *like*, *as* or *such*. It can be simple, briefly expressed, or long and sustained, known then as the epic simile. To say that a girl looks like Helen of Troy is not a simile, but to say 'My heart is singing like a bird' is."

Hy haal 'n hele aantal voorbeelde aan om sy definisie te rugsteun, bv: "And silence, like a poulice, comes

To heal the blows of sound."

Oliver Wendel Holmes, THE MUSIC GRINDERS.

Schoonees en Van Bruggen (1925, p. 64) sluit die aard en funksie van die vergelyking in hulle definisie in.

"Kunstenaars is baie lief om psigiese aandoenings te verduidelik deur daar langs aan 'n konkrete voorstelling te plaas en dan enkele punte van ooreenkoms, òf nader uit te werk, òf anders eenvoudig te suggereer."

B. DIE EIENSKAPPE VAN DIE VERGELYKING

Op grond van die voorafgaande besprekings en definisie tree die volgende eienskappe van die vergelyking na vore:

- (i) In die vergelyking word twee sake figuurlik eksplisiet met mekaar vergelyk.
- (ii) Die twee sake wat met mekaar in 'n vergelyking vergelyk word, word deur 'n vergelykingswoord

(iii) Die teenwoordigheid van 'n komparatief (vergelykingswoord) is nie genoegsame bewys dat 'n bepaalde uiting 'n vergelyking is nie.

(iv) Daar moet 'n verskil en 'n ooreenkoms tussen die sake, wat vergelyk word, bestaan.

C. SUBVORME VAN DIE VERGELYKING

1. Die enkelvoudige vergelyking

'n Enkelvoudige vergelyking is kort en bondig bv.

"Rooi tong soos van 'n hond."

N.P. van Wyk Louw, RAKA. p. 6

Soms word die gedagte wat oorgedra word slegs in 'n beeld gesuggereer. In bogenoemde aanhaling uit RAKA word die dierlikheid van Raka gesuggereer deur Raka se tong met dié van 'n hond te vergelyk.

In "Metlha e ya jaaka noka" - HOSANNA 23

Die tyd loop (vloei) soos 'n rivier

word die tyd met 'n rivier vergelyk. Hiermee word gesuggereer dat die tyd en die rivier nooit omdraai nie.

2. Die saamgestelde vergelyking

'n Saamgestelde vergelyking is moeilik om te herken.

Volgens die tradisionele benadering bestaan daar drie subvorme of toegepaste vorme van die saamgestelde vergelyking, nl. Homeriese vergelyking, fabel en parabel. Hierdie subvorme of toegepaste vorme is volgens die tradisionele benadering beeldspraak, terwyl hulle dit nie is nie.

a. DIE HOMERIESE VERGELYKING

Die Homeriese vergelyking stam uit die klassieke.

Die naam Homeriese vergelyking is ontleen aan Homerus, die Griekse digter, wat hierdie vergelyking dikwels gebruik het. Renaissance digters soos P.C. Hooft en Milton het dit uit die klassieke oorgeneem.

Scott (1967, p. 130) sê: "HOMERIC OR EPIC SIMILE. An extended simile in which the second of two objects compared is described at length. It is often used in epic poetry." Hy gee hierdie aanhaling uit PARADISE LOST van Milton.

"Thus Satan talking to his nearest mate
 With head uplift above the wave, and eyes
 That sparkling blaze; his other parts besides
 Prone on the flood, extended long and large
 Lay floating many a rood, in bulk as huge
 As whom the fables name of monstrous size,
 Titanian or Earth-born, that warred on Jove,
 Briareas or Typhon, whom the den
 By ancient Tarsus held, or that sea-beast
 Laviaton, which God of his works
 Created hugest that swim the ocean stream:
 Him haply slumbering on the Norway foam
 The pilot of some small night-foundered skiff,
 Deeming some island, oft, as seamen tell,
 With fisiëd anchor in his scaly rind
 Moors by his side under the lee, while night
 Invests the sea, and wishëd morn delays:
 So sytetch out huge in length the Arch-Fiend lay
 Chained on the burning lake ..."

In die lig van bogenoemde aanhaling uit
 PARADISE LOST tree die volgende feite na vore:

- (i) In die Homeriese vergelyking word Satan met behulp van vergelykings beskryf, bv.:
 "in bulk as huge- as whom the fables name of monstrous size."
- (ii) Die Homeriese vergelyking bevat ook metafore, soos "Satan ... with head uplift ..."
 Hier word metafores na Satan se kop verwys, want Satan is 'n engel en het as sulks geen liggaam nie. Bogenoemde metafoor is volgens die tradisionele benadering personifikasie, omdat menslike eienskappe aan 'n nie-menslike wese gegee word.

Die Homeriese vergelyking is baie moeilik herkenbaar, omdat dit benewens metafore ook vergelykings bevat. In die twintigste eeu word die Homeriese vergelyking baie selde gebruik. Die Homeriese

vergelyking is verkeerdelik as 'n vorm van die vergelyking beskou, dit is eerder 'n subvorm van die epos.

b. DIE PARABEL

'n Parabel word net soos die Homeriese vergelyking as 'n saamgestelde vergelyking beskou. Die bekendste voorbeelde van die parabel word in die Bybel aangetref.

Scott (1967, p. 208) sê: "PARABLE. Greek parabolē comparison, putting beside; from parabálllein, to throw beside. A short simple story setting forth a moral lesson. The Prodigal Son and the Good Samaritan, parables of Christ, are, perhaps, the most famous examples."

In die gelykenis van die oes en die arbeiders (Matt. 10:37-38) sê Jesus:

"Die oes is wel groot maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."

In bogenoemde aanhaling is daar geen vergelyking nie, maar dit sal verkeerd wees om nou te dink dat 'n parabel nie vergelykings bevat nie. Let op die voorbeeld (Matt. 13:24):

"Die koninkryk van die hemel is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het."

Laasgenoemde aanhaling is 'n voorbeeld van 'n vergelyking in 'n parabel. Die feit dat 'n parabel vergelykings en metafore bevat, bewys dat die parabel nie as 'n subvorm van die vergelyking beskou kan word nie. Dit is 'n subvorm van die verhaalkuns wat baie beeldspraak bevat.

c. DIE FABEL

'n Fabel is 'n verhaaltjie met 'n les wat vertel word om te moraliseer. Dit vorm dikwels 'n deel van 'n primitiewe volk se kultuur. In die Tswana fabel,

WAAROM DIE DAS NIE 'n STERT HET NIE, word aan die jong Tswana geleer: as jy iets gedoen wil hê, doen jy dit self.

Scott (1967, p. 105) sê: "FABLE. Latin Fabula, from fari, to speak. A short narrative illustrating some moral truth. The word has several meanings; it is used for the plot of a play, the meaning of a poem, a story in which animals and birds play the parts of men and women. Animal fables are sometimes called apoloques, and make satirical comment upon human life. The Roman writer Phaedrus preserved Aesop's Fables. Other examples of this form are the FABLES OF LA FONTAINE, John Gay's FIFTY-ONE FABLES IN VERSE (1727) KIPLING'S JUST SO STORIES, George Orwell's political satire ANIMAL FARM."

'n Fabel bevat nie net vergelykings nie, maar ook baie metafore.

2.1.2. Die Metafoor

A. DIE TERM: METAFLOOR

Brown (1966, pp. 1-2) sê dat die metafoor gevorm word deur implisiete figuurlike vergelyking.

Grové (1963, p. 58) verskil van Brown (1966, p. 1-2) want hy sê dat daar geen basis vir vergelyking bestaan nie. Hy sê dat daar onmiddellik 'n proses van identifikasie plaasvind.

"METAFLOOR: (Grieks meta - oor, pherein om te dra.) Soms genoem 'n beknopte vergelyking. Die element van gelykstelling, wat die basis is van die vergelyking, word egter uitgeskakel aangesien 'n verskynsel as't ware direk en onmiddellik in die proses van identifikasie met ander oë gesien word."

Scott (1967, p. 178) vind aansluiting by hierdie gelykstellingidee, maar gaan verder deur te sê dat daar 'n eendersheid en verskil binne die metafoor is.

"METAPHOR. Greek metaphore, transference; meta, over, pherein, to carry. The application of a name or a descriptive term

to a object to which it is not literally applicable. An implied comparison. It is based on the idea of the similarity in dissimilars. "Metaphors is a great excellence in style," said Johnson, "When used with propriety, for it gives you two ideas for one; conveys the meaning more luminously, and generally with a perception of delight." "

Hy haal vir Latanga aan wat sê dat daar geen poësie in die identifikasie van dinge wat eenders lyk, is nie. Die wonder van die metafoor kom juis na vore in die identifikasie van teenoorgesteldes. Die metafoor gee aan die woord 'n nuwe gebruik. Om sy stellings te illustreer haal hy 'n aantal voorbeelde aan:

"Boys and girls tumbling in the street,
are playing, were moving jewels."

Thomas Traherne, CENTURIES OF MEDITATION.

"The Indian Summer of the heart."

John Greenleaf Whitter, MEMORIES.

In die metafoor word die gewone betekenis van die woord so verander dat dit van toepassing gemaak word op die betekenis van die ander woord. Vergelyk die voorbeeld hierbo.

"Boys and girls are jewels."

Die identifikasie van twee sulke uiteenlopende dinge soos kinders en juwele is slegs in die metafoor moontlik.

P.C. Schoonees (1971, p. 539) verskil van Scott, want hy sê dat die metafoor op 'n vergelyking van ooreenkomste berus.

"Metafoor. Oordrag, figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking, ooreenkoms berus, die beeld in die plek van die eintlike voorstelling plaas, of die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe suggereer, soos beeldspraak waarvan gebruik gemaak word om iets te beskryf wat totaal verskillend is van wat dit normaalweg uitdruk."

B. EIENSKAPPE VAN DIE METAFOR

Shibles (1971, pp. 100-101) gee die volgende eienskappe van 'n metafoor:

- (i) 'n Metafoor is nie 'n verkorte vergelyking nie.

"Vas teen die stad rys bruin-gekerf
met 'n groen kuifie bo, die halwe berg."

D.J. Opperman, SARKOFAAG

'n Metafoor soos kuifie kan nie uitgebrei word om 'n vergelyking te vorm nie. Die metafoor is net so 'n selfstandige vorm van beeldspraak as die vergelyking.

Net so kan 'n vergelyking ook nie ingekort word tot 'n metafoor nie.

"Rooi soos die tong van 'n hond."

N.P. van Wyk Louw, RAKA p. 7

- (ii) Menslike gedagtes word nie deur metafore geïllustreer nie, maar die mens dink in metafore.

Die digter neem 'n beeld uit die alledaagse lewe wat vir hom beskerming, voeding en geborgenheid beteken en vervang dit met een woord, bv:

"Morena ke modisa wa me."

Pesalome 23.

Die HERE is my herder.

Hierdie vervanging vind nie bewustelik plaas nie. In die voorbeeld wat Scott (1967, p. 178) aanhaal, word kinders "jewels" genoem.

"Boys and girls tumbling in the street,

Are playing, were moving jewels."

In die vlugge omgangstaal vind ons dieselfde verskynsel as iemand hartjie, vark, donkie, ens. genoem word. Die persoon gaan nie eers al die betekenisaspekte van die woorde neerskryf, voordat hy besluit dat hierdie persoon 'n vark is nie; nee, hierdie woord, vark, kom eerste in sy gedagte op.

(iii) Die metafoor is nie 'n blote gebruik van taal nie, maar dit gee insig of idees wat 'n noodsaaklike aspek van oordragtelike taalgebruik is. So gee "jewels" die leser/hoorder 'n idee van wat die skrywer se verhouding tot kinders is.

(iv) Black (1971, pp. 17 - 47) se siening is dat die metafoor slegs 'n plaasvervanger vir die werklikheid is. Dit word slegs gebruik, omdat die gewone woordeskat so beperk is.

(v) Twee gedagtes word saamgevoeg en tree saam aktief op, inter-illuminerend en koöperatief.

C. POGINGS OM DIE METAFOR TE OMSKRYWE

In die tweede helfte van die negentiende eeu het literatoure pogings aangewend om die bou van die metafoor te beskryf. Hier word nou enkele van die terme om die bou van die metafoor te beskryf genoem.

(i) Die hoofgedagte en Konkrete beeld

Brown (1966, p. 48) haal hierdie voorbeeld uit ENGLISH LESSONS, ENGLISH PEOPLE, LONDON, 1890 aan: "A main idea faults (a) which is the real subject of the discourse.

A concrete image (x) unexpressed but implied, viz. weeds.

A perceived resemblance or analogy between (a) and (x) implying in this case further metaphor that is the soul is a garden. This point of resemblance may be called the point of scope of the comparison involved in the metaphor.

The momentary and tacit identification of (a) and (x) in such a way that language properly applicable only to (x) may be used of (a)."

Hierdie omskrywing is heeltemal te omslagtig om behoorlik bruikbaar te wees.

(ii) Tenor en Vehicle as letterlike en figuurlike pole van die metafoor.

Hierdie terme tenor en vehicle is deur I.H. Richards (1936) ingevoer om die metafore te omskryf.

Premingler (1965, p. 845) omskryf die terme tenor

en vehicle so: "Since any metaphor is at its simplest, gives us two ideas. I.H. Richards tenor to mean purport or general drift of thought regarding the subject of the metaphor, and vehicle to mean that which serves to carry or embody to the tenor as the analogy brought to the subject.

Hierdie terme het aan die hand van ander literatoure ontwikkel sodat die tenor en vehicle nou ook ander woordsoorte insluit. Hier volg 'n voorbeeld wat Gräbe (1979, p. 3) aanhaal:

"The CHAIRMAN PLOWED through the discussion."

"CHAIRMAN" is die tenor, terwyl "PLOWED" die vehicle van hierdie metafoor is. Hieruit kan afgelei word dat die tenor die letterlike been van die figuurlike parallelisme of vergelyking wat die metafoor vorm is, terwyl die vehicle die tweede of oordragtlike been vorm.

Die gebruik van hierdie beskrywings is daarin geleë dat net die tenor en die vehicle hier beskryf is, terwyl die ander woorde nie eers genoem word nie.

- (iii) Raam en Fokus as die konteks en die metafoor Black (1966, pp. 11-37) beskryf die metafoor as die fokuspunt van die uitdrukking. Hy beskou die woorde wat die fokus omring as die raam. Hy beskou dus elke onderdeel as 'n deel van die uitdrukking. Hier volg twee voorbeelde om bo genoemde te illustreer.

"The poor are the NEGROES of Europe."

Raam	Fokus	Raam
------	-------	------

(Dit is 'n opsomming van Black se bevindinge deur Gräbe (1979, p. 4)).

Dit is belangrik om daarop te let dat Negroes figuurlik gebruik word, terwyl die res die sintaktiese omgewing is waarin die fokus gebruik word. (Gräbe 1979, p. 3)

"The chairman PLOWED through the discussions.

Raam Fokus Raam."

Dit is belangrik om daarop te let dat herkenning van hierdie fokusse se figuurlike funksie afhanklik is van die besondere sintaktiese omgewings waarbinne dit voorkom. Die metaforiese funksie van plowed verfall as dit in ander sintaktiese omgewings gebruik word. Gräbe (1979, p. 4) som Black se bevindings so op:

"The ploughman plowed the ploughland.

The boy plowed through the mud.

The bull-dozer plowed through the snow."

Dit is duidelik dat plowed in al drie die bostaande gevalle 'n ploegskaar van een of ander aard voorstel. Black (1966, p. 40) haal hierdie voorbeeld aan om te bewys dat die parallelisme tussen man en wolf figuurlik is.

"Man is WOLF"

Raam Fokus

Hier is die hoofonderwerp man en die fokusonderwerp wolf. Hier word die man met 'n wolf geïdentifiseer. Dit is nie moontlik om die hele betekenisveld van die woord wolf met man te identifiseer nie, maar die metafoor tree as 'n filter op en slegs een of twee betekenisaspekte van wolf word deurgelaat om met man geïdentifiseer te word.

Die betekenis van 'n woord word bepaal deur die konteks waarin dit voorkom. Die gebrek in hierdie beskrywing is daarin geleë dat die tenor nie beskryf word nie.

- (iv) Die terme Tenor en Vehicle en Fokus en Raam
Die term vehicle word ook gebruik om die fokuspunt in 'n metafoor mee aan te dui.

Die man is 'n BUFFEL.

Fokus

Vehicle

Omdat die term vehicle ouer is, word dan voorkeur verleen aan hierdie term. Die vehicle is die

fokuspunt van die metafoor.

Die tenor omskryf die letterlike been van die metafoor. Die raam word omskryf as die sintaktiese geheel waarin die vehicle in voorkom.

Gräbe (1979, p. 3) stel dit skematies só voor:

"The chairman PLOWED through the discussions.

Vehicle

Raam

Raam

"

In laasgenoemde voorbeeld vorm chairman die tenor.

Hierdie terme word ook gebruik om die metafoor

volgens die strukturele benaderingswyse

te beskryf. Die grootste gebrek in hierdie beskry-

wing is daarin geleë dat dit net die tenor binne

die raam omskryf, terwyl die ander woorde ook 'n

bydrae lewer in die vorming van beeldspraak.

D. DIE VERSKIL TUSSEN DIE VERGELYKING EN DIE METAFOOR

Die onderskeid tussen die metafoor en die vergelyking lewer dikwels groot probleme op.

(i) Werner (1973, pp. 367 - 372)

'n Metafoor is nie 'n plaasvervanger vir 'n vergelyking nie, maar dit het sy eie onderskeidende inhoud. Hy haal die volgende voorbeeld aan:

"Richard is a lion. (metafoor)

Richard is not a lion. ('n metaforiese fout)"

(ii) Isenberg (1963, pp. 609 - 622) sê dat metafore en vergelykings op vergelyking berus. Hy gaan voort deur te sê dat nie alle sake wat met mekaar vergelyk word, beeldspraak vorm nie. Hy haal 'n aantal voorbeelde aan om te bewys dat die blote teenwoordigheid van 'n komparatief (vergelingswoord) nie van 'n uiting 'n vergelyking maak nie. In sy voorbeeld:

"My son is about as high as a Shetland pony." is geen beeldspraak nie, want daar is nie sprake van figuurlike vergelyking nie.

Die sin: "Hy het hier gewoon soos sy pa" is geen vergelyking nie, omdat daar nie twee sake met mekaar vergelyk word nie. Isenberg sê dat die

sin: "Tall as a mast and upright as a bolt."

waarin 'n meisie beskryf word geen vergelyking is nie. Hy het opgemerk dat dit 'n hiperbool is. Dit wil voorkom of hy die hiperbool nie as 'n vorm van beeldspraak beskou het nie.

Isenberg beskou "O my love is like a rose" as 'n uitgebreide metafoor. In die lig van hierdie voorbeelde en bespreking is dit duidelik dat dit nie so maklik is om 'n onderskeid tussen die metafoor en die vergelyking te tref nie. Dit is nie duidelik waarom Isenberg "O my love is like a rose" as 'n uitgebreide metafoor beskou nie. Hy het geen toetse aangelê om die metafoor van die vergelyking te skei nie.

(iii) Mooÿ (1973, p. 154 ev.) wys daarop dat die vergelyking op twee wêrelde berus. Hierdie dualisme is 'n letterlike verwysing na dinge in die buite-wêreld en dit doen 'n beroep op 'n nie-talige werklikheidskennis.

(iv) Brown (1966, p. 120) sê dat daar dikwels beweer word dat die vergelyking 'n eksplisiete vergelykingswoord bevat, terwyl die metafoor dit nie bevat nie. Hy gaan voort deur te sê dat hierdie onderskeid kunsmatig is.

"In reality such a distinction is at best superficial:

the difference, both from a literary and from a psychological point of view, lies deeper. In the first place metaphor has a higher poetic quality. Emotion so fuses thought and image that they appear as one and we have metaphor: simile deliberately holds them apart and views them separately. The formal nature of the introductory as or like brings a pause, a slackening, and a certain coldness. We lose the force and rapidity of metaphor."

Brown (1966, p. 121) sê dat digters die metafoor bo die vergelyking verkies, omdat dit so op die man af is.

"But what simile loses in suggestiveness it gains in clearness. While simile leaves toward their own meaning, metaphor gives them a figurative

meaning; in simile two similar objects are compared; in the metaphor the object spoken of disappears behind an object that is similar to it. Simile lights up discourse, metaphor darkens it, unless the likeness on which it is based be obvious, the simile is instructive, the metaphor is piquant; the simile brings to bear on one object the light of another object that is naturally luminous, metaphor arouses curiosity, makes the eye more attentive, increases the sharpness of the glance."

Die vergelyking maak 'n beroep op ander sintuie. Geen vergelyking kan aan 'n blinde man verduidelik hoe 'n kleur lyk nie. Die vergelyking word meer dikwels in prosa as in poësie gebruik. Die hoof funksie van die vergelyking, as vorm van beeldspraak, is om 'n prent of 'n beeld voor die geestesoog op te roep.

- (v) Die verskil tussen die vergelyking en metafoor kan so saamgevat word.

Die vergelyking of parallelisme in 'n vergelyking is eksplisiet en implisiet in 'n metafoor.

Hy is 'n vark.

Hy het ons bevark. Metafore

Hy is soos 'n vark.

Vergelykings

Hy is so vuil soos 'n vark.

Indien daar 'n komparatief (verbindingswoord)

in die metafoor is, is dit 'n kopula, terwyl die komparatief (verbindingswoord) by die vergelyking nie 'n kopula hoef te wees nie.

Hy is 'n vark. Metafoor met 'n kopula as komparatief.

Hy het hom soos 'n vark gedra. Vergelyking.

Die vark het my pen gesteel. Metafoor sonder 'n komparatief.

Nie alle (vergelings of) parallelismes wat deur nie-kopula as komperatiewe gestig word, is vergelings nie.

"Hy is so hoog soos 'n baksteen." is geen vergelyking nie omdat daar nie sprake van figuurlike parallelisme is nie.

"She is as tall as a mast and upright as a bolt."

Dit is ook nie 'n vergelyking nie, maar 'n hiperbool. Hierdie hiperbool is nie 'n metafoor nie, omdat hier geen sprake van figuurlike vergelyking is nie.

Die metafoor is meer suggestief en daarom meer geskik vir die poësie, maar wat die vergelyking inboet ten opsigte van suggestiwiteit, wen hy weer wat duidelikheid betref.

Jy moet versigtig wees vir die jakkals: Metafoor.

Hy is so skelm soos 'n jakkals: Vergelyking.

Indien die eerste sin sonder sy makrokonteks beskou word, hoef dit nie noodwendig 'n metafoor te wees nie. Dit kan een skaapboer wees wat die ander waarsku dat daar 'n jakkals is wat skape vang. Onder makrokonteks word situasiële en semantiese konteks verstaan.

E. DIE ALLEGORIE

Scott (1967, p. 6) sê: "ALLEGORY. Greek - allēgoria; allos, other, and agoreuein, to speak. A description of one thing under the guise of another suggestive similar. Coleridge defines allegory as: ...The employment of a set of agents and images to convey in disguise a moral meaning- those agents and images being so combined as to form a homogeneous whole."

Lewis (1938) het 'n hele boek aan die allegorie gewy. Hy sê dat die allegorie 'n deel van die denke en letterkunde van die middeleeue uitgemaak het. Dit is 'n baie ou term. Hier volg enkele van die eienskappe van die allegorie wat hy noem.

In die allegorie word die nie-stoflike uitgedruk in die vorm van 'n werklike ervaring. Die bekendste voorbeeld hiervan word in Bunyan se THE PILGRIM'S PROGRESS gevind. Hier volg enkele voorbeelde om

hierdie stelling te illustreer:

Die sonde word voorgestel as 'n swaar pak op die Christen se rug. As die Christen van die reguit pad afwyk, word die pak swaarder.

Die groot allegoriste se denke laat geen ruimte vir misverstand nie, met ander woorde 'n allegorie kan nie verkeerd verstaan word nie. As die pak op die Christen se rug swaarder word, weet almal dat sy sonde vermeerder. By die kruis val die pak van sy rug af om te bewys dat sy sonde deur dié een aan die kruis gedra word.

Uit bogenoemde kort bespreking is dit duidelik dat die allegorie baie metafore bevat bv. die pak wat die Christen dra vir die sondelas, maar die allegorie is verkeerdelik as beeldspraak geklassifiseer.

F. DIE SUBVORME VAN DIE METAFOOR

Die metafoor word gevorm op grond van die implisiete figuurlike vergelyking. (Vergelyk 2.1.0)

1. Klimaks en Anti-klimaks

Grové (1963, p. 43) sê: "KLIMAKS (Grieks klinein - om te leun; klimaks - 'n leer): 'n Stylfiguur waarin 'n reeks bewegings (gegewens) in klimmende orde gerangskik word om ter wille van effek op 'n kulminasiepunt uit te loop."

Scott (1967, p. 53) sê dat dit die rangskikking van 'n reeks idees is. "The arrangement of a series of ideas or expressions in ascending order of importance or emphasis; the last term of the arrangement, a culmination." Hy gee 'n voorbeeld om te illustreer wat hy hiermee bedoel. Hy laat egter na om te sê dat nie alle vorme van klimaks beeldspraak is nie.

"Some books are to be tasted, others to be swallowed, and some few to be chewed and digested."

In hierdie voorbeeld het ons wel te doen met figuurlike vergelyking.

Schoonees (1971, p. 445) vind aansluiting by Grové (1963) en Scott (1967), maar hy sê nie of hy die klimaks as beeldspraak beskou nie.

"Die rangskikking van begrippe of stellings in 'n stygende reeks wat krag en indrukwekkendheid betref."

'n Voorbeeld van 'n klimaks:

1 Bakorinthe 13:13: "...tumelo, le tsholofelo, le lorato..."

1 Korinthiërs 13:13: "...geloof, hoop, liefde..."

Terwyl daar geen beeldspraak in die vertelling van die toeris is nie as hy sê: "Ons het rooibokke, koedoes en leeus gesien."

Hier is geen sprake van figuurlike vergelyking nie. Die toets vir 'n klimaks as 'n metafoor is altyd in die figuurlike vergelyking of parallelisme geleë.

Die klimaks en antiklimaks is so nou verwant aan mekaar dat dit hier saam gegroepeer word.

Scott (1967, p. 15) sê dat antiklimaks die teenoorgestelde van klimaks is: "ANTICLIMAX. Greek *anti*, against, the reverse of, and *clîmax*, a ladder, from *klînein*, to slope. The arrangements of words or phrases in descending order of importance; a sudden descent from the sublime to the ridiculous."

Net soos by die klimaks, sê hy nie of hy die anti-klimaks as beeldspraak beskou nie.

"I feasted like a king, like four kings, like four kings, like a boy in the fourth form."

Sy tweede voorbeeld is nog beter as die vorige een. Hy begin met heroic soul en hy eindig met 'n costlier funeral. Hier is ook 'n metafoor. Die held wat 'n heroic soul genoem word en die dood wat 'n funeralis.

"So passed the strong heroic soul away.
And when they buried him the little port
Had seldom seen a costlier funeral."

Indien 'n toeris sê: "Ons het leeus, koedoes en rooibokke gesien," is dit 'n antiklimaks maar beslis nie beeldspraak nie.

Klimaks en antiklimaks kan funksies van beeldspraak wees. Indien elke funksie 'n ander term sou regverdig, sal die verwarring steeds vergroot word.

2. Oksimoron

In die oksimoron word twee teenstrydige idees in een begrip vasgevang, soos A.P. Grové (1963, p. 62) opmerk.

"OKSIMORON (Grieks oksus - skerp, skerpsinnig, moros - dom)

Retoriese figuur waarin twee teen mekaar strydende voorstellings tot een begrip versoen word."

Scott (1967, p. 204) vind hierby aansluiting as hy sê dat hierdie teenoorgesteldes gebruik word om 'n bepaalde effek te verkry. "The combining of one expression of two words or phrases of opposite meaning, for effect."

Dit vorm 'n deel van die styl van 'n literêre werk. Dit kan selfs die effek daarvan verhoog, maar dit kan nie as beeldspraak beskou word nie.

Schoonees (1971, p. 575) sluit hierby aan as hy van twee teenoorgestelde begrippe praat. "Stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe met mekaar verbind word, bv.: onnosele slinkop, ou nuus."

Hierdie twee voorbeelde wat Schoonees hier aan= bied, is nie metafore nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die oksimoron nie altyd beeldspraak is nie. Die oksimoron word beskryf op grond van die wyse waarop dit gevorm word. Hierdie term kan nie vir die beskrywing van beeldspraak gebruik word nie, omdat die term oksimoron nie altyd beeldspraak omskryf nie.

3. Paradoks

Schoonees (1971, p. 643) sê baie kortliks dat 'n paradoks "skynbare teenstrydighede" is.

Scott (1967, p. 208) sluit hierby aan, maar hy brei dit heelwat uit. "PARADOX. Greek, paradoxos, contrary to receive opinion or expectation. A statement which though it seems to be selfcontradictory contains a basis of truth. A statement conflicting with received opinion or belief. A paradox often provokes

the reader to consider the particular point afresh, as when Shakespeare says, coward die many times before their deaths; and Wordsworth, The child is father of the man!"

In sy aanhaling uit Shakespeare word die lafaard se vrees deur middel van 'n metafoor beskryf:

"cowards die many times." Hierdie is 'n besliste teenstrydigheid. Dit vorm ook 'n implisiete figuurlike vergelyking of parallelisme met die vrees van die lafaard.

In "The child is father of the man" is die parallelisme getrek tussen die kind en sy toekoms. Hoewel hierdie uitdrukking paradoksaal klink, weet elke mens dat dit waar is.

In die sin "Die Vambu's help die veiligheidsmagte, maar terrorisme neem toe" is dit geen metafoor nie.

4. Parallelisme

Grové (1963, p. 69) wys daarop dat parallelisme beeldspraak vorm. "n Digterlike figuur wat ontstaan wanneer dieselfde gedagte op twee maniere, met ligte variasie, uitgedruk word." Dit is nie duidelik waarom hy die term "digterlike figuur" gebruik nie.

Scott (1967, p. 209) sluit by Grové aan, maar hy voeg daarby "waar die eendersheid voorkom." Hy stel dit so: "PARALLELISM. Greek *parallēlos*, beside one another. The similarity of construction or meaning of phrase placed side by side. This is a persistent rhetorical device, found in the PSALMS OF DAVID and the ENGLISH PRAYER BOOK."

Die voorbeeld wat hy van parallelisme aanhaal bevat wel beeldspraak, maar dit is nie in die parallelisme geleë nie. (Die onderstreping is deur my gedoen.)

All Nature is but art; unknown to thee;

All chance, direction, which thou
canst not see;

All discord, harmony not understood;

All partial evil, universal good;

And, spite of pride, in erring reason's spite,

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat Scott nie alle vorme van parallelisme as beeldspraak sien nie.

Scott (1967, p. 268) verwys verder na die sinoniem= parallelisme wat hy as volg definieer: "A couplet in which each line expresses the same idea in different terms."

Uit sy definisie en voorbeeld is dit duidelik dat hy hiermee blote herhaling bedoel en nie beeldspraak nie. Hier volg sy voorbeeld. (Die onderstreping is deur my gedoen om die parallelisme aan te toon.)

"There is nothing hid that shall not be made manifest,
Nor secret that shall not come to light."

Die term parallelisme om beeldspraak te beskryf lewer baie probleme op, omdat daar so baie vorme van parallelisme bestaan, waarvan slegs een beeldspraak is. Ter illustrasie sal verskeie soorte parallelisme nou bespreek en toegelig word. Dit is nie die doel van hierdie hoofstuk om 'n volledige lys van parallelisme te gee nie, maar om te bewys dat nie alle parallelisme beeldspraak is nie.

a. KLANKPARALLELISME

Hier vind ons twee tipes parallelisme, naamlik dié van vokale (assonansie) en dié van konsonante (alliterasie). Hierdie vorme van parallelisme is veral baie algemeen in die poësie. Hier volg 'n paar voorbeelde van assonansie. (Die onderstreping is deur my gedoen om die parallelisme te illustreer.)

"A namane e tona ya tshwanologo
Diapaaro tsa borraarona di ile."

Raditladi, MOTLHOKAGAE.

Het die groot kalf verdwyn
en ons vaders se klere is weg.

"Di re khinang di re bofang mabogo mmele."

Raditladi, MOTLHOKAGAE.

Hulle wat ons kniehalter, maak ons arms aan ons lyf vas.

Hier is ook 'n parallelisme van die e.

Voorbeelde van alliterasie is net so volop:

"Lo bule ditsebe, ke bul a letlole."

Raditladi, MOTLHOKAGAE.

Julle moet julle ore oopmaak, ek maak die kas oop.

Dit is duidelik dat hierdie parallelismes nie tot beeldspraak lei nie.

b. LETTERGREEPPARALLELISME

Hierdie herhaling kan aan die einde van 'n vers, of op enige ander plek gevind word. In die Europese tale word hierdie parallelisme, dikwels aan die einde van die vers gebruik, maar weens die besondere toonaard van die Swarttale van Suidelike Afrika, kom dit hier baie selde voor.

"Waar is 'n stof

so sterk en grof."

S.J. Pretorius, JOLIGE GEJASTE OU MAN.

Weens die aard van die Swarttale, kom hierdie parallelisme nie net in poësie nie, maar in alle taaluitinge voor.

"Lefatshe leno le lentle jang.

Le makhubu ee, le dipale

Le ditlharethlare le majang."

Hoe mooi is hierdie aarde,

Die bulte en die oop kolle

En die ruigtes en die gras.

c. WOORDPARALLELISME

Hier moet eers onderskei word tussen die herhaling van dieselfde woord, herhaling van sinonieme en parallelisme deur figuurlike vergelyking.

Die herhaling van dieselfde woord of frase, kan wel 'n gedagte beklemtoon, maar dit is nie beeld=spraak nie.

Vergelyk die voorbeeld:

"Re neeleng dikoloi tsa rona tsa dilei,

Koloi tsa rona tse di gopang ka mpa mmung."

Raditladi, TSHWANOLOGO.

Gee ons ons slees

Ons waens wat skuur met hulle mae op die grond.

Die herhaling van sinonieme is reeds baie nader aan beeldspraak as die vorige vorme van parallel=isme, maar dit is nog nie beeldspraak nie.

"Kgaotsa, kgaotsa tlhe, ngwanyana wa me, Hou op, hou op, my kindjie,

Kgaotsa, kgaotsa, mothonyana wa me." Hou op, hou op, my mensie.

Raditladi, ROBALA NGWANAKA.

d. PARALLELISME DEUR FIGUURLIKE VERGELYKING

Die parallelisme deur figuurlike vergelyking lei tot alle vorme van beeldspraak. Hier word slegs enkele semantiese aspekte (betekenisonderskeidings) van een woord met die van 'n ander woord vergelyk.

Phokojwe o utswa madi:

Die jakkals steel geld. Metafoor.

Monna ke phokojwe.

Die man is 'n jakkals. Metafoor.

Monna o utswa madi jaaka phokojwe.

Die man steel geld soos 'n jakkals. Vergelyking.

Die figuurlike vergelyking tussen monna en phokojwe bestaan in al drie hierdie gevalle.

In die lig van bogenoemde redenasie, is dit duidelik dat dit verkeerd is om van parallelisme as 'n vorm van beeldspraak te praat, omdat alle vorme van beeldspraak 'n vorm van figuurlike

parallelisme bevat.

5. Antitese

Dit veronderstel 'n vorm van beeldspraak wat op grond van teenstellings gevorm word.

Scott (1967, p. 16) omskryf dit so:

"ANTITHESIS. Greek *anti*, against, *tithenai*, to place, to set against. The choice of arrangement of words to emphasize the contrast and give the effect of balance."

Dit is interessant om daarop te let dat hy dit nie beeldspraak noem nie. Sy eerste voorbeeld bevat ook geen beeldspraak nie, omdat daar geen figuurlike parallelisme tussen fools en angels bestaan nie. Daar bestaan wel 'n parallelisme tussen people en fools en tussen people en angels.

Antitese is nie 'n vorm van beeldspraak nie, omdat die woorde nie disjunktief gebruik word nie.

6. Chiasme

Chiasme is dikwels as 'n vorm van beeldspraak beskou.

Scott (1967, p. 49) vind hierby aansluiting.

"CHIASMUS. Greek *khiasm'os*, placing crosswise, for *khi'azein*, to form the Greek letter *khi*, a letter shaped like our diagonal X. This is a figure of speech by which contrasted terms are arranged crosswise, the word order in the first phrase being reversed in the seconds."

In die eerste voorbeeld wat hy aanhaal, is daar geen tenor of vehicle nie, daarom is daar nie sprake van beeldspraak nie. "I cannot dig, to beg I am ashamed."

Net so het sy tweede voorbeeld ook nie 'n tenor of vehicle nie. "Destroying others, by himself destroy'd."

Chiasme vorm 'n deel van die styl van 'n literêre werk (veral poësie), maar dit is nie 'n vorm van beeldspraak nie. Die funksie daarvan is om te beklemtoon deur herhaling.

7. Apostroof

Hierdie vorm is baie oud en is ontleen aan die Griekse redevoering. Uit Grové (1963, p. 6) wil dit voorkom asof hy dit nie as 'n vorm van beeldspraak beskou nie.

"APOSTROOF (Grieks apo - weg van, strephein - draai.

Wegdraai van 'n gehoor om een persoon toe te spreek): Die afbreek van 'n betoog om 'n persoon (die regter of God), dikwels in sy afwesigheid, aan te spreek."

Scott (1967, p. 20) noem dit 'n "figure in rhetoric" maar hy omskryf nie hierdie term verder nie.

"A figure in rhetoric in which the orator turned away from the rest of the audience to address one person. It is also an exclamatory address to some person or thing absent or present, usually breaking the thread of speech."

Uit hierdie twee definisies is dit duidelik dat Grové en Scott huiwerig is om te sê of hulle die apostroof as beeldspraak beskou of nie. In die voorbeeld wat Scott (1967, p. 20) aanhaal is daar nie 'n metafoor nie.

"And couched her head upon her breast,
And looked askance at Christabelle -
Jesu, Maria, shield her well!"

Die apostroof is 'n manier om die aandag van 'n gehoor te trek. Hiervoor gebruik die spreker gewoonlik sy stembuiging. In die geskrewe vorm is dit baie minder effektief. Dit blyk ook dat dit nie 'n vorm van beeldspraak is nie.

8. Antonomasia

Grové (1963, p. 5) sê dat 'n beskrywing of 'n eienskap in plaas van 'n eiennaam gebruik word.

"ANTONOMASIA (Grieks Antonomazein om op 'n ander naam te noem): 'n Vorm van beeldspraak waar 'n eienskap of beskrywing in plaas van die persoonsnaam gebruik word."

Nienaber-Luitingh (1962, p. 90) sluit hierby aan, maar sê dat dit die gebruik van 'n eienaam, in plaas van 'n soortnaam is.

"Antonomasia of naamwisseling, is 'n vorm van beeldspraak wat veral in die gewone spreektaal voorkom, wanneer 'n metaforiese naam gebruik word om 'n persoon of saak aan te dui, en wel op so 'n manier dat 'n eienaam in plaas van 'n soortnaam gebruik word." Sy gee voorbeelde soos:
 "'n Craesus in plaas van 'n ryke" en "'n Nero in plaas van 'n wreedaard"
 om haar definisie toe te lig.

Scott (1967, p. 17) sê dat die gebruik van 'n eienaam in plaas van 'n omskrywing is, maar dat dit ook die omskrywing in plaas van die eienaam kan wees.
 "A figure of speech in which a proper name is used to express a general idea."
 Om hierdie stelling te bewys haal hy aan:
 (Die onderstreping is deur my gedoen.)
 "Some mute inglorious Milton here may rest,
 Some Cromwell guiltless of his countr's blood."

In die eerste vers bestaan die parallelisme tussen 'n versweë tenor ('n onbekende) en die vehicle Milton. Die parallelisme is in digter geleë.

Net so is die tenor in die tweede vers 'n onbekende en die vehicle Cromwell. Die parallelisme is in wreedheid geleë.

Hier is voorbeelde van metafore, maar die nadeel van hierdie metode is daarin geleë dat die geskiedenis vir die leser bekend moet wees.

"Antonomasia is also the substitution of an epithet or descriptive phrase for a proper name."

Hier haal hy ook voorbeelde aan:

"The little Corporal" – vir Napoleon.

Die tenor is in die geskiedenis geleë. (Napoleon)

Die vehicle Corporal terwyl little die vehicle omskryf.

Die term antonomasia berus op die vormingswyse van die metafoor.

9. Metonimia

Grové (1963, p. 58) sê dat metonimia die noem van een saak op die naam van 'n ander saak is. Hy stel dit so: "METONIMIA (Grieks metonomazia - om op 'n ander naam te noem). Die noem, van 'n saak deur te verwys na iets wat nou daarmee in verband staan."

Scott (1967, p. 180) stem hiermee saam en hy lig dit met voorbeelde toe. "The substitution of the name of an attribute of a thing for the name of the thing itself, as crown for king, city for inhabitants, Shakespeare for Shakespeare's plays."

In die lig van hierdie voorbeelde is dit duidelik dat nie alle vorme van metonimia beeldspraak is nie.

Volgens Brown (1966, p. 158) bestaan daar vyf verhoudings tussen die twee denkbeelde in die metonimia. Indien dit beeldspraak is, is die twee denkbeelde die tenor en die vehicle.

a. OORSAAK EN GEVOLG

Hy noem 'n aantal om dit te illustreer:

"You write in a neat hand."

Hier is nie sprake van beeldspraak nie, omdat hier geen figuurlike parallelisme bestaan nie.

"Hand" en handskrif is albei konkreet.

"The keys of the kingdom of heaven."

Uit die makrokonteks van die stuk is dit duidelik dat "keys" die vehicle is en dat die Woord van God en tug deur die gemeente die tenor is. Dit is dus 'n metafoor.

b. HOUER EN INHOUD "Container and contents"

"The whole city was in uproar."

Dit was nie die stad wat in oproer was nie, maar wel die inwoners. Hier tree die inwoners as tenor op, terwyl die stad die vehicle is.

c. BESITTER EN BESITTING

"Geld is magtig". Hier word die besitting in plaas van die besitter gebruik. Op die oog af wil dit voorkom of dit 'n metafoor is, omdat daar 'n parallel tussen ryke en geld bestaan, maar dit is nie 'n figuurlike vergelyking nie. Dit is dus nie 'n metafoor nie. Indien dit vroeër beeldspraak was het dit reeds afgeslyt tot retoriek.

(Vergelyk paragraaf 1.4.7)

d. DIE KANTOOR OF BEROEP EN WAT DIT SIMBOLISEER

Daar word dikwels na die troon, die kroon en die septer verwys, as die koning bedoel word. Hier= die kategorie kan hoogstens as dooie metafoor beskryf word.

e. ENIGE ONDERWERP EN VERSKILLENDSE VERBINDINGS

Hierdie kategorie is te wyd en het as sulks geen waarde nie.

In die lig van die beskrywings hierbo, is dit duidelik dat nie alle vorme van metonimia metafore is nie. Verder is metonimia te veel versnipper en lewer dit nog vyf sub= vorme op. So 'n versnipperde term lei tot groot verwarring. Hierdie term berus op die vormingswyse van die metafoor.

10. Personifikasie

Scott (1967, p. 217) beskou die metafoor as die oordrag van menslike eienskappe op nie-menslike dinge.

"PERSONIFICATION. Latin *persona*, actors mask, character acted, a human being; *personāre*, to sound through. The representation of inanimate objects or abstract ideas as persons, or endowed with personal attributes."

Hy haal 'n voorbeeld aan om sy stelling te bewys.

"Let the floods clap their hands."

"Floods" tree hier op as vehicle, maar dit is nie moeilik om te sê dat die versweë tenor mense is nie. Hier word "floods" se menslike eienskappe versterk met behulp van die werkwoord "clap".

Hierdie voorbeeld is 'n metafoor.

Schoonees en Van Bruggen (1925, p. 67) stem hiermee saam as hulle sê dat lewelose dinge en abstrakte begrippe menslike eienskappe kry.

Scott (1969, p. 218) haal die voorbeeld van personifikasie aan wat in stryd is met sy definisie.

"The frog comes
on little cat feet."

Dit is maklik om aan te toon dat "frog" die tenor en "cat feet" die vehicle is. Volgens die aangehaalde definisies is dit nie personifikasie nie, hoewel Scott dit so omskryf.

Hier bestaan nou twee moontlikhede, naamlik dat Scott se voorbeeld verkeerd is, of dat sy definisie onvolledig is.

Aangesien hy hierdie voorbeeld aan Richards ontleen het, sal die definisie eers van nader bekyk moet word.

Om personifikasie duidelik te definieer is dit nodig om weereens die Latynse stam van nader te bekyk:

Persōna, die masker wat 'n akteur gedra het.

Die naamwoord kry dan 'n masker op wat die betekenis veld daarvan verander.

Personāre, deur die klank van.

'n Metafoor ontstaan as daar 'n implisiete figuurlike parallelisme tussen een woord se letterlike betekenis en 'n figuurlike betekenisaspek van 'n ander woord bestaan.

Personifikasie het die volgende subvorme:

a. OORDRAG TUSSEN MENSE EN NIE-MENSE

Hierdie vorm van personifikasie stem baie ooreen met antonomasia, maar hier word eie name uitgesluit, terwyl antonomasia net deur eie name gevorm word.

"My vuurtjie en ek is op wag."

Jan F.E. Celliers

Diere, plante en voëls gedra hulle dikwels soos mense. Ons vind hierdie personifikasie in die tallose sprokies, fabels en mites. Dink maar aan wolf in ROOIKAPPIE.

Die seun rank nou. Die oordrag van eienskappe tussen 'n mens en 'n rankplant.

b. FISIESE EN METAFORIESE VOORWERPE.

"Die haat sal jou verteer."

Hier kry haat, wat 'n metafisiese abstrakte begrip is, die eienskap van alkalie (om te verteer).

"Die tyd vlieg."

Hier kry tyd die eienskap van 'n voël (om te vlieg)
Die laaste voorbeeld is dooie metafoor.

c. LEWENDE WESENS ONDERLING

"Die slang het hom gepik."

'n Voël, soos 'n hoender, kan met sy snawel pik, maar 'n slang byt.

d. NIE-LEWENDE DINGE ONDERLING

"Die suiker smelt in die koffie."

Hier het suiker die eienskap van ys oorgeneem, dit het nie gesmelt nie, maar opgelos.

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat alle vorme van personifikasie nie beeldspraak is nie. Vergelyk maar:

"The ship meets her doom on the rocks."

Daar is geen figuurlike oordrag tussen ship en her nie.

11. Senekdogee

Schoonees (1971, p. 750) sê dat die geheel deur 'n gedeelte voorgestel word. "Stylfiguur waarby 'n geheel deur 'n deel aangedui word."

Scott (1967, p. 286) stem hiermee saam, maar hy voeg by deur te sê dat die geheel ook 'n deel kan voorstel. "SYNECDOCHE. Greek sunekdechesthai, to take with something else, understood along with. A figure of speech in which a part of an object or idea stands for the whole; or the whole stands for a part. For example: 'Give us this day our daily bread.'"

Hier staan 'bread' vir alles wat vir die lewensonderhoud nodig is. "Bread" is hier die vehicle en die tenor alles wat nodig is vir lewensonderhoud. Die parallelisme is dan in lewensmiddele geleë.

Brown (1966, p. 158 ev.) onderverdeel senekdogee in drie dele.

a. DIE FISIESE GEDEELTE EN GEHEEL

"All hands on deck." Die tenor is hier matrose en die vehicle is hande. Die parallelisme is hier in almal wat kan vat, geleë. Omdat hierdie uitdrukking so baie gebruik is, het dit 'n dooie metafoor geword.

b. METAFISIESE GEHEEL EN GEDEELTE

"A man of seventy winters." Hier gee hy ook die gedeelte vir die geheel. Hier is die tenor jare, terwyl die vehicle winters is. Die parallelisme is in die swaar van die winterseisoen geleë.

c. DIE STOF EN DIE VOORWERP WAT DAARVAN GEMAAK IS

"Beware of the bottle." Hier is die tenor die sterk drank in die bottel, terwyl bottle die vehicle is. Die parallelisme is in die gevaar geleë.

12. Sinestesie

Grové (1963, p. 87) beskryf dit nie as beeldspraak nie, hy sê bloot dat 'n prikkel wat vir een sintuig

bedoel is, deur 'n ander sintuig geregistreer word.

'Grieks *sūn* - saam, *aisthēsis* - gewaarwording):

'n Verskynsel by sterk sintuiglike aangelegde digters, waar die prikkel wat vir die een sintuig 'bedoel' is, in terme van 'n ander geregistreer word."

Scott (1967, p. 248) stem hiermee saam, maar lig dit verder toe: "The close association of an image perceived by one of the senses with an image perceived by another. The sensory impression belonging to sight, sound, and smell are intimately connected."

Hy lig sinestesie toe: "The morning light creaks down again."

In hierdie aanhaling word gesuggereer dat die ligstraal 'n geluid maak. Om te bepaal of dit 'n ander vorm van metafoor is, word die toets weereens aangelê.

tenor	parallelisme	vehicle
onbekend	creaks / geluid	light

Volgens die tradisionele benadering is hierdie 'n vorm van personifikasie, maar in die lig van para= graaf 2.1.2 F. 10. (p. 39) word dit as 'n metafoor geklassifiseer.

13. Hiperbool

Hiperbool is oordrywing met die doel om te beklemtoon.

Scott (1967, p. 134) stem hiermee saam:

"HYPERBOLE. Greek *Huperbolē*, overshooting; from *huperballein*, to throw beyond, to exceed; *huper*, over *ballein* to throw. Exaggeration, for purpose of emphasis:"

Hy noem dit nie 'n vorm van beeldspraak nie.

Isenberg (1963, pp. 609-622) se voorbeeld om 'n meisie te beskryf: "Tall as a mast and upright as a bolt."

(Vergelyk paragraaf 2.1.2. D. (ii))

Hier is geen sprake van figuurlike parallelisme nie en daarom kan dit nie as beeldspraak beskryf word nie.

Grové (1963, p. 35) sluit hierby aan, maar hy sê dat dit 'n vorm van beeldspraak is.

"'n Stylfiguur waarin van oordrywing (vergrooting, vergroting of verkleining) gebruik gemaak word ter wille van effek."

Hiperbool is verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak beskryf.

14. Sarkasme

Sarkasme word dikwels ook as 'n vorm van beeldspraak genoem, maar Grové (1963, p. 84) beskryf dit nie so nie:

SARKASME (Grieks *sarkazein* – om vleis op 'n dierlike wyse te verskeur): 'n Opmerking gemaak op 'n snydende en smalende manier."

Scott (1967, p. 257) stem hiermee saam: "A taunting remark, sometimes ironical, always bitter or illnatured (irony need not be); its motive is to inflict pain." Hy illustreer sy stelling met behulp van 'n lang aanhaling:

"He first sank to the bottom – like his works,
But soon rose to the surface – like himself
For all corrupted things are buoy'd like corks
By their own rottenness, light as an elf
Or wisp that flits o'er a morass."

Die persoon wat hier beskryf word, se swak eienskappe word hier byna op 'n sadistiese manier beskryf. Die skrywer gebruik vergelykings om sy teenstander te kasty. Hy sê dat sy teenstander tot op die bodem gesink het soos sy werke. Hierdeur word gesuggereer dat hy en sy werke baie swak is. Om te bewys hoe verrot hy is, kom dryf hy bo. Hierdie aanmerking is bedoel om seer te maak.

Hierdie voorbeeld bevat vergelykings, maar alle vorme van sarkasme bevat nie beeldspraak nie. Hoewel sarkasme 'n deel van die woordgebruik van 'n literêre werk kan vorm, kan dit nie as 'n vorm van beeldspraak beskou word nie.

15. Ironie

Grové (1963, p. 39) sê dat die spreker die teenoor= gestelde van wat hy bedoel sê.

"IRONIE. (Grieks *eirónia* - voorgewende onkunde): Bepaalde spraakgebruik waarin op spottende wyse die teendeel gesê word van wat bedoel word."

Scott (1967, p. 151) stem hiermee saam, maar voeg by dat dit die aanname van 'n ander standpunt is:

"The use of words, with humorous or satirical intention, so that the meaning is the direct opposite of what is actually said. Irony implies also the simulated adoption of another's point of view for the purpose of ridicule and sarcasm."

Omdat dit so moeilik is om op ironie te antwoord, word hierdie vorm van debatvoering dikwels in die Volksraad gebruik. Dit kan ook die deel van die styl van 'n literêre werk vorm.

A.G. Visser gebruik dit in sy gedig oor die rykaard en sy geld:

"As dit (die geld) kan meegaan,
sou dit miskien smelt."

Volgens hierdie ironiese aanhaling sal die rykaard die ewigheid in die hel deurbring, maar die digter stel dit nie direk nie.

Ironie is dikwels verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak beskou. Dit kan beeldspraak (vergelykings en metafore) bevat, maar dit is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

16. Litotes

Scott (1967, p. 166) sê dat litotes nou verwant is aan ironie.

"LITOTES. Greek *lito's*, plain, meagre. An Ironically moderate form of speech. Sometimes a rhetorical understatement in which a negative is substituted for the positive remark."

Hy lig dit toe met behulp van dié voorbeeld:

"'I praise you not' certainly says 'I blame you.' "

Hiermee stem Fowler (1958 p. 697) saam:

"Understatement often ironical (as *scoundrel* is rather a rude word), esp. the expressing of an affirmative by the negative of its contrary, as no small for big."

Litotes is baie nou verwant aan ironie, omdat albei met teenoorgesteldes werk. Ironie sê die teenoorgestelde van wat bedoel word, terwyl litotes die negatief van die teenoorgestelde gee.

17. Eufemisme

Scott (1967, p. 100) sê:

"EUPHEMISM. Greek *euphēmismos*, *eiphēmizein*, to speak words of good omen; eu- well, *phānai* to speak.

The substitution of a less distasteful word or phrase for a more truthful but a offensive one."

Hy sê nie dat hy dit as 'n vorm van beeldspraak beskou nie. "'He passed away peacefully' for 'he died.' "

Beeldspraak bevat altyd 'n figuurlike vergelyking.

Daar bestaan wel 'n vergelyking tussen *died* en *passed away*, maar dit kan moeilik as beeldspraak beskou word, omdat dit 'n verlenging van die sin, in plaas van 'n verkorting is. Verder berus hierdie parallelisme nie op figuurlike vergelyking nie.

Schoonees (1971, p. 60) wys op die doel van eufemisme as hy sê: "Versagtende uitdrukking. Eufemisme is 'n versagtende uitdrukking om die pynlike en onaangename op so 'n wyse oor te dra dat dit minder pynlik en onaangenaam is."

Eufemisme kan beeldspraak (vergelykings en metafore) bevat, maar dit kan nie as 'n vorm van beeldspraak beskou word nie.

18. Retoriese vraag.

Dikwels vervang 'n skrywer 'n stelling met 'n vraag, om sodoende die aandag van sy gehoor op 'n bepaalde saak te vestig.

Scott (1967, p. 246) stel dit so: "Greek ¹rhētor, an orator. A question put not to elicit an answer but as a more effective substitute for a statement:" Hy haal die voorbeeld aan: "Hath not a Jew eyes?"

In hierdie aanhaling bestaan geen beeldspraak nie, omdat daar geen figuurlike parallelisme bestaan nie. Die retoriese vraag is veral effektief in redevoering, maar dit kan ook met groot vrug in die letterkunde gebruik word.

19. Inversie

Scott (1967, p. 150) sê dat die omkering van die woordorde gebruik word ter wille van die metrum van 'n gedig.

"INVERSION. Latin *invertēre*, to turn in. The reversal of the normal order of words in a sentence. Inversion is often used in poetry for the sake of metre."

Schoonees (1971, p. 368) beskou dit as beeldspraak.

"Omkering, omdraaiing, bv. in die retoriek - omkering van die gewone of natuurlike volgorde; soos in: lank was die dag."

In hierdie voorbeeld van Schoonees is geen figuurlike parallelisme nie en daarom kan dit nie beeldspraak wees nie.

20. Onomatopée

Onomatopée word dikwels as 'n selfstandige vorm van beeldspraak beskou. Scott (1967, p. 200) sê dat dit in die poësie gebruik word om die klankeffekte te verhoog.

"ONOMATOPOEIA. Greek *onomatopoiía*, from *ónoma*, to name and *poieîn*, to make. The formation of words from sounds which seems to suggest and reinforce the meaning. This accounts for words like murmer, cuchoo, buzzing, twitter. When applied to the choice of word in poetry, whereby the sound is made 'An echo to the sense', onomatopoeia has a real value. The most obvious examples of those in which the sense to be echoed is itself a sound."

Om sy stelling te bewys haal Scott (1967, p. 200) die voorbeeld aan:

"Fountains and yee, that warble as ye flow
Melodious murmurs, warbling tune to praise."

Hier bestaan geen figuurlike parallelisme tussen hierdie klanknabootsings nie en daarom kan dit nie a 'n vorm van beeldspraak beskou word nie.

2.1.3. Die simbool

Volgens Brown (1966, pp. 1-3) ontstaan 'n simbool op grond van konvensionele vervanging sonder vergelykings. (Vergelyk paragraaf 1.3.0)

Voordat die simbool behoorlik bestudeer kan word, is dit nodig om eers die terminologiese verwarring wat daar bestaan, op te klaar. Dit is egter nie moontlik om 'n volledige beskrywing van elk van hierdie terme te gee nie. Die terme wat hierdie probleem oplewer is: simbool, simboliek en simbolisme. Die feit dat die Engelse term vir simboliek en simbolisme dieselfde is, het grootliks tot hierdie verwarring bygedra.

A. DIE TERM: SIMBOOL

'n Simbool is gewoonlik 'n voorwerp wat 'n saak verteenwoordig. Grové (1963, p. 87) sluit hierby aan: "SIMBOOL (Grieks *symbolon*) - 'n teken wat 'n saak verteenwoordig: Voorwerp wat iets anders (gewoonlik 'n abstrakte saak) verteenwoordig."

Scott (1967, p. 283) omskryf dit verder as hy sê:

"It is a recognizable equivalent or type of some person, object, or abstract idea by means of features associated in the popular mind with person, object, or abstract idea. Thus in medieval art, the saints are identified by the signs of their martyrdom; for example, the wheel of St. Catherine."

Volgens hom maak Blake en Yeats van simbole gebruik in hulle poësie.

Van der Merwe (1962, pp. 37-44) sê dat 'n simbool òf natuurlik soos water, òf gemaak soos die kruis kan wees. "Die simbool is die wydste term, dit is enigiets wat deur iets anders voorgestel word. Simbole kom voor in embleme, emblemliteratuur, godsdienstige en literêre simbole."

Simbole is konkrete dinge wat abstrakte idees verteenwoordig. Die bekendste simbool is seker die kruis.

B. SIMBOLIEK

Grové (1963, p. 87) sê dat die saamgooi van 'n nuwe en ou betekenis simboliek sêp.

"SIMBOLIEK (Grieks sun - saam, ballein - om te gooi):
Die saamgooi van 'n nuwe en ou betekenis.

Schoonees (1971, p. 750) sluit hierby aan:

"Sinnebeeldige voorstelling: die simboliek van 'n gedig."

Scott (1967, p. 283) lig sy definisie verder toe:

"The characteristic of some writers to invest objects, actions, or ideas with symbolic meaning. The representation, not literally, but by symbols. A symbol is something standing for something else; the cross is a symbol of Christianity, the rose is a symbol of beauty."

Die term simboliek word gebruik om die diepere betekenis van 'n literêre werk te beskryf. Die simboliek van 'n literêre werk veroorsaak dat dieselfde werk meer as een interpretasiemoontlikheid het.

C. SIMBOLISME

Grové (1963, p. 56) sê dat simbolisme 'n bepaalde rigting in letterkunde is:

"SIMBOLISME. Die woord is gelanseer deur Jean Morcas (1884) en dui op 'n bepaalde strewe wat in die laaste kwart van die 19de eeu sterk veld wen, eers in Frankryk en daarna in ander Wes-Europese lande."

Scott (1967, p.283) stem hiermee saam, maar sê ook hoekom dit ontstaan het:

"Symbolism is also the name of a recent school of French poets, including Mallarmé, Verlaine, and Rimbaud, who aimed at representing ideas and emotions by suggestion rather than by direct expression. They set symbolic meaning to objects, word, sounds and as extreme individualists showed their revolt against naturalism and realism."

Van Biljon (1976, pp. 9-41) stem hiermee saam, maar voeg nog die kenmerke van hierdie literêre rigting by: Anti-intellektualisme, die nastrewing van 'n paradysideaal, die mistieke, isolasie - persoonlike mite, 'n nuwe kunstenaar - selfbeskouing en 'n vormlike vernuwning ten opsigte van taal, musikale element, vorm en 'n besondere klem op simboolgebruik.

D. DIE VERSKILLENDE VORME VAN SIMBOLIEK

Brown (1966, pp.1-3) sê dat simboliek onder andere in die volgende voorkom: embleme, embleemliteratuur, godsdiens en literêre werke.

(i) Embleme

Die bekendste embleme is die landsvlae en wapens. Daarby het elke opvoedkundige inrigting sy eie embleem, hierby word skooldrag, -vlag en -wapen ingesluit. Die embleem is 'n nie-vokale simbool waardeur 'n groep in die samelewing voorgestel word. Die simboliek van die embleem is in die groep wat dit gebruik geleë.

(ii) Embleemliteratuur

Dit sluit volksliedere en -leuses in. Hoewel dit literatuur is, kan dit kwalik as literêre simbole beskou word. Die embleemliteratuur van 'n volk se simboliek is aan die volkstrots ontleen.

(iii) Godsdienstige simboliek

Hoewel elke godsdiens sy eie simbool het, word hier slegs enkele Christelike simbole genoem. Die kruis

en die vis (as nie-vokale) simbole van die kruisiging en die sending in die besonder simbole is aan die Bybel ontleen.

(iv) Literêre simboliek

Brown (1966, pp. 1-3) sê dat simboliek ontstaan op grond van konvensionele vervanging sonder vergelyking.

Nienaber-Luiting (1962, p. 88) verskil van Brown as sy beweer: "Die simboliese kunswerk gee (dus) nie slegs 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar die besondere werklikheid wat beskryf word, kry 'n dieper betekenis, deurdat dit teweens verwys na iets anders."

Haar definisie berus op implisiete figuurlike vergelyking en dit is juis die eienskap van 'n metafoor. Selfs haar voorbeelde dui daarop dat sy die metafoor en simbool verwar. Sy sê dat die doringboompie in VERGEWE EN VERGEET die Afrikanervolk simboliseer, maar dat WINTERNAG geen simboliek bevat nie. Haar onderskeid berus hier op haar kennis van die agtergrond van die digters, met ander woorde, op eksterne faktore, terwyl dit wat in die gedig staan die maatstaf moet wees.

Todorov (1974, p. 111) slaan heeltemal 'n ander rigting as Brown en Nienaber-Luiting in as hy sê:

"Linguistic symbolism is defined by that excess of meaning with which the signified overflows the signifier."

Dit wat hy van linguistiese simboliek sê kan net so op literêre simboliek toegepas word. Hy beweer voorts dat simboliek in alle vorme van beeldspraak voorkom.

Baie literatoure wat die tradisionele benadering voorstaan, het simboliek verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak beskou. Op grond van Brown (1966, pp. 1-3) kan daar nie van 'n literêre simbool gepraat word nie. Die simboliek van 'n literêre werk dui op die meerduidigheid of interpretasiemoontlikhede van die literêre werk.

2.1.4. Retoriek

Die term is oorlaai, daarom is dit verwarrend. Die volgende begrippe is aan die term geheg:

Retoriek is 'n sinoniem vir beeldspraak.

Retoriek is 'n rigting in die letterkunde.

Retoriek is die kuns van redevoering.

Retoriek is die oormatige gebruik van afgestompte beelde.

Retoriek as sinoniem vir beeldspraak is reeds afgehandel in paragraaf 1.4.7., terwyl retoriek as redevoering nie as deel van literatuur beskou kan word nie. Die ander twee begrippe is nou verwant en sal saam bespreek word.

Vestdijk (1956, pp. 181-182) sê dat retoriek die gebruik van afgestompte beelde is. Hierdie neiging het sy hoogtepunt in die tagtiger jare van die negentiende eeu in Nederland bereik. Hy stel dit dat die teenwoordigheid van retoriese elemente geen bewys is van swak poësie nie. Omdat daar in die tagtiger jare van die negentiende eeu nog byna geen geskrewe letterkunde in Tswana bestaan het nie, kan retoriek as rigting in die letterkunde buite rekening gelaat word.

Schoonees (1971, p. 697) sê dat retoriek:

"Hoogdrawende ondeurvoelde taal" is.

Nienaber-Luitingh (1962, p. 91) sê:

"Alle vorme van verbleekte, valse, oordrewe en onjuiste beeldspraak noem ons retoriek."

Niemand kan ontken dat beeldspraak oordryf kan word nie, maar watter norme kan aangewend word om te bepaal of 'n beeld retories is of nie? Weens die gebrek aan 'n beter term, sal retoriek vir oordrewe beeldspraak hier gebruik word.

2.1.5. 'n Waardering van die tradisionele benaderingswyse

Daar bestaan baie terme en definisies om die verskillende vorme van beeldspraak te omskryf. Daar is nie 'n duidelike skeiding gemaak tussen woordgebruik en beeldspraak nie. Die enigste vorme van beeldspraak is die vergelyking en metafoor. Sonder om te ontken dat daar subvorme van die metafoor en vergelyking is, moet gemeld word dat die tradisionele benadering geen effektiewe onderskeid tussen die subvorme kan maak nie.

Die vergelyking berus op eksplisiete figuurlike parallelisme, terwyl die metafoor op implisiete figuurlike parallelisme berus.

Die term beeldspraak was nie duidelik omskryf nie. Dit het meegebring dat dinge wat nie beeldspraak is nie, as sulks ingedeel is. Daar is voortdurend nuwe terme geskep om dinge wat nie beeldspraak is nie, as beeldspraak te omskryf. Hierdie addisionele ongedefinieerde terme het tot groter verwarring gelei. Dit het daartoe gelei dat literêrevorme wat baie beeldspraak bevat het, as vorme van beeldspraak beskryf is. Hierdie proses het voortgeduur totdat daar 'n onhanteerbare hoeveelheid swak gedefinieerde terme om beeldspraak te beskryf ontstaan het.

A. DIE VERGELYKING

Die term vergelyking is baie vaag omskryf. Hierdie vae omskrywings het meegebring dat die fabel en parabel as vorme van die vergelyking ingedeel is. Die parabel en fabel kan eerder beskou word as subvorme van die prosa, wat baie beeldspraak bevat.

Die Homeriese vergelyking bevat ook baie metafore en vergelykings. Die term Homeriese vergelyking dui aan dat 'n bepaalde stuk baie beeldspraak bevat. Dit is 'n na-aping van die styl van Homerus. Die Homeriese vergelyking kan eerder beskou word as 'n vorm van die klassieke epos. Die Homeriese vergelyking kom nie

meer in die twintigste eeu voor nie, maar die term het behoue gebly.

Fabels en parabellen kom vandag hoofsaaklik in ou literatuur voor. Hierdie vorme is deel van die verhaalkuns. Hulle bevat baie beeldspraak, maar die fabel en die parabel is nie beeldspraak nie.

B. DIE METAFOOR

Die metafoor is baie vaag omskryf, daarom is taaluitinge wat nie metafoor is nie, as sulks omskryf. Die allegorie is verkeerdelik as 'n vorm van die metafoor beskou, terwyl dit 'n vorm van die verhaalkuns is. Die allegorie kan in prosa of poësie geskryf word.

Alhoewel die klimaks en die antiklimaks dikwels beeldspraak bevat, regverdig dit nie die gebruik van hierdie terme om beeldspraak te omskryf nie.

Die oksimoron vorm 'n deel van die styl van 'n literêre werk, maar dit kan nie as 'n vorm van beeldspraak beskou word nie.

'n Paradoks is ook deel van die styl van 'n literêre werk, maar dit is nie beeldspraak nie. Dit kan wel beeldspraak bevat.

Daar bestaan verskeie vorme van parallelisme, waarvan slegs 'n gedeelte van die woordparallelisme met beeldspraak te make het; en hiervan slegs die figuurlike vergelyking.

Verder berus die vorming van alle beeldspraak (vergelykings en metafore) op hierdie beginsel. Parallelisme lewer dus 'n toets vir beeldspraak, maar die teenwoordigheid van die ander vorme van parallelisme het niks met beeldspraak te doen nie. Dit sal dus verkeerd wees om na parallelisme as 'n vorm van beeldspraak te verwys.

Antitese vorm 'n deel van die styl van 'n literêre werk, maar dit is nie beeldspraak nie, omdat teenoorgestel=des nie tenor en vehicle van 'n antitese kan vorm nie. Die antitese kan wel vehicles met mekaar vergelyk.

Chiasme vorm nie 'n deel van beeldspraak nie, omdat dit geen figuurlike parallelisme bevat nie.

Die apostroof word gebruik om die aandag van die gehoor op 'n bepaalde stadium te trek, deurdat die spreker hom tot 'n bepaalde enkeling wend. Dit is ook nie 'n vorm van beeldspraak nie, aangesien daarin geen figuurlike parallelisme bestaan nie.

Brown (1966, pp. 1-3) se ondergeskikte vorme van die metafoor

Hy vat personifikasie, metonimia en senekdogee saam onder die term 'ondergeskikte vorme' van die metafoor. (Vergelyk paragraaf 1.3.0.) Antonomasia kan hier bygevoeg word. Hierdie vier terme oorvleuel mekaar. Brown (1966, pp. 1-2) het blykbaar nie 'n onderskeid tussen metonimia en antonomasia getref nie. Hierdeur word antonomasia as 'n onderdeel van metonimia beskou. Die onderskeid tussen metonimia en antonomasia is nie geregverdig nie, omdat die woordsoort wat gebruik word, nêrens in die tradisionele benadering ter sprake is nie, maar dit word as kriterium vir die onderskeid tussen die metafore gebruik. Vergelyk die volgende twee voorbeelde:

metonimia: Hy is 'n jakkals.

antonomasia: Hy is 'n Judas.

Jakkals en Judas is albei selfstandige naamwoorde. Die enigste verskil tussen hierdie twee woorde is dat jakkals 'n soortnaam is, terwyl Judas 'n eienaam is. Hierdie onderskeid is heeltemal ongeregverdig.

Volgens Scott (1967, p. 286) bestaan daar 'n tweede vorm van antonomasia. Hier word 'n eienaam deur 'n omskrywing vervang. Vergelyk die volgende twee voorbeelde.

antonomasia: "The little Corporal killed many people."

metonimia: "The pig killed many people."

Hier is albei die metafore soortname. Op grond van hierdie feite kan aanvaar word dat die onderskeid tussen antonomasia en metonimia kunsmatig is.

Senekdogee en metonimia is ook baie nou verwant.

Brown (1966, p. 158 ev.) haal die volgende voorbeelde aan:
metonimia:

"The keys of the kingdom"

"The city was in uproar."

"Geld is magtig."

senekdogee:

"All hands on deck."

"A man of seventy winters."

"Beware of the bottle."

Die ooreenkoms tussen hierdie ses aanhalings val dadelik op. Hoe verskil "The city was in uproar" van "beware of the bottle."?

Om die vraag te beantwoord is dit nodig om eers te kyk wat die parallelisme tussen "city" en sy tenor is.

tenor	parallelisme	vehicle
mense	in die stad	stad
drank	in die bottel	drank

Hier is in die wydste sin sprake van houer en inhoud "City" kan selfs "bottle" in hierdie twee voorbeelde vervang, sonder dat sy betekenis as metafoor verander.

"The city was in uproar."

"Beware of the city."

In die lig van hierdie voorbeeld wil dit voorkom of hierdie onderskeid kunsmatig is, maar om in die lig van een voorbeeld tot 'n gevolgtrekking te kom, sou oorhaastig wees.

Daarom sal nog voorbeelde bespreek moet word.

"Geld is magtig."

"All hands on deck."

tenor	parallelisme	vehicle
mens	besitting wat vir besitter werk	geld
mens	besitting wat vir besitter werk	hande

Hande kan geld vervang sonder dat die parallelisme tussen hande en sy tenor versteur word.

"Geld is magtig."

"Hande is magtig."

"All hands on deck."

Die onderskeid tussen metonimia, senekdogee en antonomasia is ongegrond.

Die onderskeid tussen metonimia, senekdogee en personifikasie, word nou van nader bekyk.

personifikasie: "Let the floods clap their hands."

senekdogee: "The city was in uproar."

tenor	parallelisme	vehicle
mense	gedeelte vir geheel en menslike eienskappe	vloed
mense	gedeelte vir geheel en menslike eienskappe	stad

Hier bestaan nie 'n onderskeid nie, "floods" kan selfs deur "city" vervang word, sonder dat dit die parallelisme wat daar tussen die tenor en vehicle bestaan versteur.

"Let the floods clap their hands."

"Let the cities clap their hands."

Die onderskeid wat hier tussen die vorme van die metafoor gemaak word, is nie verantwoordbaar nie. Hierdie onderskeidings is nie waterdig nie en is as sulks nie aanvaarbaar nie.

Sinestesie, hiperbool, sarkasme, ironie, eufemisme, retoriese vraag en inversie vorm 'n deel van woordgebruik van 'n skrywer of spreker, maar dit is nie beeldspraak nie. Onomatopoeie is klanknabootsing, maar dit is nie beeldspraak nie.

Hoewel daar twintig terme vir metafore gebruik word, is dit baie moeilik om die verskillende subvorme van die metafoor te beskryf.

Dertien van hierdie terme is nie eers beeldspraak nie. Daar bestaan slegs vier terme wat sogenaamde subvorme van die metafoor kan beskryf, naamlik: antonomasia, metonimia, personifikasie en senekdogee. Hierdie indeling is ook nie van so 'n aard dat dit wetenskaplik verantwoord kan word nie.

Die tradisionele benadering is vir eeue gebruik om beeldspraak te beskryf, sonder om te bepaal of al die vorme werklik beeldspraak was of nie.

Uitinge wat nie 'n metafoor is nie, is æ sulks beskou en elke probleem wat ontstaan het, is "opgelos" deur 'n nuwe term te skep. Omdat die manier van vorming as die uitgangspunt geneem is, is baie terme geskep en gebruik sonder om te bepaal of dit die metafoor omskryf. Hierdie verwarring het voortgeduur tot in die twintigste eeu, voordat ander benaderingswyses gebruik is om die probleem van die metafoor op te los.

2.2.0. DIE STRUKTURELE BENADERING

In die strukturele benadering word beeldspraak beskryf op grond van die struktuur van die sin (of sinstuk) waarin die beeldspraak voorkom. Hierdie benadering is ontleen aan die linguistiek.

In die strukturele benadering word die strukture van taalsimbole (woord, woordgroep, sinstuk en sin) bestudeer. 'n Taalsinbool bestaan uit 'n klankeenheid (vorm) en 'n betekenis (semantiese aspek). Beeldspraak word dus beskryf op grond van sy vorm en betekenis. Beeldspraak word hier slegs in twee kategorieë verdeel naamlik, vergelykings en metafore.

2.2.1. Die vergelyking

Brown (1966, pp. 1-3) se bewering dat 'n vergelyking op grond van

eksplisiete figuurlike parallelisme ontstaan, geld ook in die strukturele benadering.

Literatoure het blykbaar van die vergelyking as vorm van beeldspraak weggeskram. Die enigste beskrywing wat gevind is oor die vergelyking, volgens die strukturele benadering is dié van Darian (1973, pp. 48-51). "The simile process provides not just literary embellishment but a tool for serious thinking scientific and otherwise. As such, it transcribes a paradigm of creative act itself, whether it is poetry or physics."

In die strukturele benadering word daar 'n paradigma van die verbindingswoorde (komparatiewe) saamgestel. Om sy definisie te illustreer haal hy dié voorbeeld aan: "I stopped running for a moment, trying to catch my breath like a diver struggling to the surface of the water."

Hy gebruik die simbole X, X₁, Y en Z om 'n vergelyking te omskryf. In die volgende aanhaling omskryf hy dit duidelik:

"The airconditioner (X) at the window, soft (X₁) like (Y) the hum of men in prair (Z).

Hy omskryf die terme X, X₁, Y en Z so:

X is die primêre term. (airconditioner)

X₁ is die mediator wat die figuurlike parallelisme stig. (soft)

Y is die komparatief wat op die parallelisme dui. (like)

Z is die sekondêre term wat die figuurlike parallelisme met die primêre term vorm. (prair)

Die simbool X₁ vir die mediator lewer probleme op, omdat dit die indruk skep dat hierdie semantiese aspek net in die primêre term voorkom. Die simbool X₁ word in hierdie verhandeling vervang deur die simbool M. Die term X₁, sal gebruik word om die primêre term verder te omskryf.

Die primêre term kom in 'n verwysingsraamwerk voor en laasgenoemde aanhaling is die primêre verwysingsraamwerk (groep) "The airconditioner at the window, soft."

Die sekondêre term kom dikwels ook in 'n verwysingsraamwerk voor. In die laasgenoemde aanhaling, is dit "... (soft) the hum of men in prair."

Dit is belangrik om daarop te let dat die mediator M, 'n deel vorm van die semantiese veld van die primêre en sekondêre term, hoewel dit nie noodwendig 'n deel van die sekondêre verwysingsraamwerk vorm nie.

Die term komparatief sal deurgaans gebruik word. Die vergelyking is nog nie, volgens hierdie benadering in Tswana bestudeer nie.

Om die wese van die vergelyking te bestudeer, is dit nodig om die komparatiewe op die paradigmatische vlak te bestudeer. 'n Paradigma van komparatiewe kan ook vir Tswana opgestel word.

DIE WERKING VAN DIE VERGELYKING

By die vorming van die vergelyking word die primêre terme gewoonlik deur een van die volgende eksterne stimuli beïnvloed, nl. visuele, klank, gevoel, geestestoestand, meer as een sintuig, smaak, reuk, ruimte en tyd. Hierdie assosiasie is gewoonlik tydelik van aard. In die vyfde hoofstuk sal bepaal word of dit ook in Tswana geld. In die vergelyking:

"Met ... Rooi tong soos van 'n hond, "

N.P. van Wyk Louw, RAKA (p.6)

is die primêre term tong, die sekondêre term is hond, die mediator is rooi, terwyl die komparatief soos is. Die ooreenstemmende semantiese aspek wat die vergelyking tot stand bring, word die fokuspunt genoem. Die fokuspunt van die primêre term word hierdie keer deur 'n visuele aspek rooi gevorm.

Die mediator (M) is baie belangrik by die vorming van die vergelyking. Die mediators word in die volgende kategorieë geplaas: inherent, adverbatief, werkwoord, adjektief en naamwoord.

Darian(1973, p. 56) gee die volgende voorbeelde:

(werkwoord) 'The songs that shoot like stars across his play...' (Van Doren)

(naamwoord) 'I took on the project with the enthusiasm of a child going for his first haircut.'

(adjektief) 'The slit was a little sinister, like an open grave.'

(adverbatief) 'Each of the lines stand sturdily like a tree.'

Hy sê dat die werkwoord die belangrikste mediator is.

In die vierde hoofstuk sal hierdie stellings in Tswana getoets word.

2.2.2. Die metafoor

A. DIE TERM: METAFOOR

Volgens Gräbe (1979, pp. 11-33) is die sintaktiese omgewing waarin die metafoor voorkom belangrik. Volgens haar berus Brooke-Rose se klassifikasie ook op hierdie sintaktiese omgewings. Die metafoor word as sinsdeel bekyk. Die metafore word as nomina, verba, adjektiewe, adverbialia, preposisie en pronomina bestudeer. Sy bespreek hierdie indeling van Brooke-Rose en Ingendahl in haar proefskrif.

1. Die nomen

Die nomen word in vyf hoofipes verdeel: die gewone vervangingsmetafoor, demonstratiewe formules, die kopula en die genitief.

a. VERVANGINGSMETAFORE OF SELFSTANDIGE METAFORE

Hier word die tenor heeltemal vervang deur die vehicle.

"Naaldekokker

Ek is grys van die SKRIK."

Vehicle

"Wat soek tussen biesie en klip

na water, soek na my beeld in jare ...

met die trillende spel tussen vlug

en skielik self - aanskou."

D.J. Opperman; NAALDEKOKER.

Hier is die tenor verskuil, by nadere ondersoek word dit in die opskrif gevind. Die vehicle sou die volgende kon vervang: kennis, lewe, liefde, godsdiens en kuns, maar dit kan ook letterlik verstaan word.

b. DEMONSTRATIEWE FORMULES

Die klem verskuif vanaf die 'afwesige' tenor deur die 'teenwoordige' vehicle tot 'n identifikasie van twee dele in 'n metaforiese uitdrukking.

"The FORCE that through the green fuse drives the flower."

Tenor/ 'proper term A.'

"Drives my green age; that blasts
the roots of trees
Is my destroyer,
And I am dumb to tell the crooked rose
My youth is bent by the same wintry FEVER."

Vehicle

Dylan Thomas; THE FORCE...

Force word met fever geïdentifiseer met behulp van die demonstratiewe formule, the same . Hier in die Thomasgedig word, net soos by die Oppermangedig 'n konteks vereis. Gräbe sê dat hierdie onderskeid van Brooke-Rose kunsmatig is.

Dit wil voorkom asof Gräbe hier reg is, want die tenor Naaldekokker is net so verskuil as die tenor force . In albei gevalle is daar sprake van vervangings of selfstandige metafore. Hierdie sogenaamde demonstratiewe metafore sal nie in die vierde hoofstuk bespreek word nie.

c. DIE KOPULA

Die verbum (is, om te wees,) is die mees direkte manier waarop die metafoor (vehicle) aan sy letterlike term geheg kan word.

"MAN is a WOLF"

MONNA ke PHIRI

MONNA e ne e le PHIRI.

A/Tenor B/Vehicle

d. DIE GENITIEF

Die genitief dui 'n besitter en besitting aan in die sin:

"The POOR are the NEGROES of EUROPE."

A/Tenor B/Vehicle C/Besitter

Daar hoef nie noodwendig 'n tenor teenwoordig te wees nie.

"...the FIRE of LOVE."

B C

Die genitief gee gewoonlik 'n verdere omskrywing van die vehicle.

2. Die verbum

Hier is die metafoor (vehicle) 'n werkwoord.

"The chairman PLOWED through the discussions."

B/Vehicle

Hier is 'n vergete of 'n gesuspendeerde tenor.

3. Die adjektief

Hier is die vehicle 'n adjektief.

"And as I was GREEN and CAREFREE."

B/Vehicle A/Tenor

Woordsoortonderskeiding is vir hierdie klassifikasie relevant.

B. DIE SINTAGMATIESE EN PARADIGMATIESE BINNE STRUKTURELE LINGUISTIEK

Kruger (c, p.1.) sê: "Onder paradigmaties word die identifikasie en klassifikasie van taalsimbole verstaan. Onder sintagmaties word die kombinasie van taalsimbole (morfeem, woord, woordgroep, sin) in 'n bepaalde struktuur verstaan."

In die sin: "Monna o bona mosadi," kan die nomen mosadi deur 'n onbeperkte aantal ander nomina vervang word.

Normale paradigma.

o bona mosadi
 ngwana
 setlhare, ens.

Hierdie beginsels van die linguistiek word ook op die letterkunde in die algemeen en beeldspraak in die besonder toegepas.

Leech (1966, p. 145) "Figures can be initially classified as either syntagmatic or paradigmatic. An elementary distinction is often made between these complementary aspects of linguistic patterning; items are associated syntagmatically when combine sequentially in the chain of linguistic events, and paradigmatically when they enter into a system or set of possible selections on one point of the chain."

Omdat die metafoor gegrond word op enkele semantiese aspekte van die woord as taalteken, sal die kombinasie moontlikhede van die metafoor baie meer beperk wees as dié van die normale taalgebruik.

Gräbe (1979, p. 35) haal Thomas se vergelyking tussen die normale en nuwe paradigma aan:

"All the sun long

a grief ago

farmyards away."

In 'n normale paradigma, kan die nomina (farmyards, sun, grief) deur 'n onbeperkte aantal ander nomina vervang word.

"NORMAL PARADIGM.

inches)

feet)

yards) away

etc.) "

In metaforiese taalgebruik is die keuse baie meer beperk, omdat die semantiese veld van die woord beperk is tot 'n enkele aspek. Die metafoor dien as filter en dit beperk die paradigma tot een.

"NEW PARADIGMA

inches)

feet)

yards) NORMAL) away

etc.)

farmyards) DEVIANT) away "

Die metafoor beperk die semantiese waarde van die woord in so 'n mate dat dit nie meer in 'n normale paradigma pas nie. Hier word 'n nuwe paradigma met slegs een element gevorm. Metafore is dus afwykende semantiese items.

Daar kan nie sprake wees van 'n tenorgroep nie, omdat die parallelisme net tussen die tenor en die vehicle bestaan. Die groep waarin die tenor geleë is, is onafhanklik van die figuurlike parallelisme.

2.2.3. Samevatting

Dié benadering is nog nie behoorlik ontgin nie, maar dit bied die moontlikheid om beeldspraak sistematies en volledig te bespreek sonder om in te veel terme verstrikt te raak. Dit voorsien ook die moontlikheid om 'n behoorlike toets tussen die

metafoor en vergelyking aan te voer. Volgens die strukturele benadering is dit ook moontlik om 'n behoorlike studie te maak van al die woorde wat in dieselfde sintaktiese eenheid - as die woorde wat die beeldspraak vorm, - voorkom.

2.3.0. DIE TRANSFORMASIONELE GENERATIEWE BENADERING (TG)

Die transformasionele generatiewe Grammatika is volgens Van Dijk (1971, b. p. 37) "een teorie van een ideale competence". Volgens hierdie teorie kan 'n oneindige, aantal sinne op grond van vormingsreëls geskep word. Chomsky het by die gewone taaluiting begin. Slegs die sintaktiese aspek van die uiting word bespreek. Die transformasionele generatiewe grammatika (TGG) het spoedig sy veld verbreed tot die bestudering van teksgrammatika. Die TG ondersoek hierdie afwyking van die standaard in die letterkunde. 'n Metafoor word omskryf as 'n reëloorskryding binne die TG.

Daar is geen beskrywing van die vergelyking volgens die TG benadering gekry nie. Daar bestaan minder beskrywings van die metafoor volgens die TG as volgens die tradisionele benadering. Hierdie benadering sal ook oorsigtelik bespreek word. In hierdie afdeling sal Gräbe (1979) se uiteensetting as basis gebruik word.

2.3.1. Die metafoor as oorskryding van sintaktiese seleksiereëls

A. DIE ASPECTS - MODEL

Gräbe (1979, pp. 42-47) sê dat die analise en bespreking van metaforiese taalgebruik binne die raamwerk van die TG sy vertrekpunt binne die grammatika het. Die oortreding van grammatikale reëls lei dikwels tot ongrammatikale sinne. Sy haal 'n hele aantal ongrammatikale sinne aan. 'n Streng sub-kategorisering word met behulp van aanhalings in die Dylan Thomas gemaak: (Gräbe, 1979, p. 44)

"There could I marvel my birthday away."

(Marvel has the syntactic marker - transitive, marvel away may be understood as a nonce formation of a phrasal verb or rather a contamination between 'marvel at' and 'twaddle away')

Deviation from selection rules are in fact the source of many figures of speech such as metaphors, synaesthesia, personification, simile, metonymy and oxymoron. Dylan Thomas begins a poem:

A grief ago

She who was who I hold, the flats and flowers ...

Figures like these are based on structural incompatibility of incongruence, since ago presupposes a noun with the semantic marker [+ temporal]"

Die drie soorte leksikale kenmerke: Gräbe (1979, p. 44)

- (i) "Kategoriale kenmerke, wat die grammatikale klas (woordsoort) aandui waartoe 'n leksikale item behoort - by die werkwoord marvel sal die kenmerk [+ V] spesifiseer dat dit 'n verbum is."
In die sin, "He foxed us," het foxed [+ V] eienskap, omdat foxed hier 'n verbum is. In die sin Die vark het my pen gesteel, het vark die eienskap [+ N].
- (ii) "Streng subkategorisasiekenmerke, wat 'n kategorie (bv. N of V) verdeel in subkategorieë deur te spesifiseer in watter kategoriale omgewing (soos gedefinieer deur terme soos NP (nominale frase), VP (verbale frase), PP (preposisionele frase) ens.) 'n leksikale item mag voorkom. By nomina staan byvoorbeeld aangegee of dit met of sonder artikel gebruik word [+ Art], by verba word aangedui of dit transitief of intransitief is [+ NP] of [+ —] onderskeidelik. In die eerste geval sal nomen soos perd byvoorbeeld net mag voorkom in 'n nominale frase (NP), wat 'n artikel bevat wat in die omgewing onmiddellik voor die betrokke kategorie N (perd). In die tweede geval mag 'n verbum soos marvel nie voorkom in 'n verbale frase (VP) wat 'n objek NP insluit nie."
- (iii) "Seleksie kenmerke, wat verwys na die leksikale omgewing waarin 'n leksikale item mag voorkom en dan veral na daardie leksikale items waarmee die item onder bespreking 'n grammatikale relasie toon. So vereis die leksikale item ago in (A grief ago) omdat dit die seleksiekenmerk [+ Temporeel] het, dat dit gekombineer sal word met 'n nomen wat die semantiese merker (Temporeel) het."

Sinne kan grammatikaal, semi-grammatikaal of ongrammatikaal wees. Metafore kan as semi-grammatikale sinne beskou word, omdat dit nie ernstige oortredings van die seleksie beperkings is nie.

B. DIE METAFOR AS OORSKRYDING VAN SELEKSIEBEPERKINGS -

(Gräbe 1979, pp. 47-53)


Volgens die seleksiereëls in Chomsky se TG-model word bepaal uit watter subkategorieë die nomen moet stam wat as subjekte of objekte mag dien vir die afsonderlike verba in grammatikaal welgevormde sinne. Nomina word gewoonlik in vier subkategorieë verdeel volgens die vier kriteria:

[⁺ abstrak,] [⁺ telbaar,] [⁺ lewend] en
[⁺ menslik.]

"Colorless green ideas sleep furiously."

Hiervolgens het die subjek NP *ideas* met sy kenmerke [⁺ abstrak] en [⁻ lewend,] die seleksiebeperking van die verbum *sleep* vereis die kenmerk [⁺ lewend,] Die nomen *ideas* oortree verder ook die seleksiekenmerk [⁺ konkreet,] Onder die invloed van die verbum *sleep* word *ideas* nou gepersonifieer. Die kwalifiserende adjektief *colorless* en *green* gee dan verder die eienskappe van gekleur en ongekleur.


"Colorless green IDEAS sleep furiously."



Ideas het nou die volgende teenstrydighede: [⁺ lewend] en [⁺ konkreet] in plaas van [⁻ lewend] en [⁺ abstrak,] die adjektiewe wat hom beskryf is: ongekleur en gekleur.

Matthews (1971, pp. 413-426) sê dat die ontstaan van 'n taalsimbool afhanklik is van die kode code en die konteks context. Die leksikale items kombineer met mekaar sonder dat enige van die seleksiebeperkings oorskry word.

Helmer (1972, p. 40) stel dit skematies so voor:



Solank die seleksiebeperkings nie oorskry word nie, het ons te doen met grammatikale sinne. Die interpreteerbare semi-grammatikale sinne is vir Matthews metafore. Hy noem hierdie semi-grammatikale sinne: semanties afwykende sinne, terwyl hy die grammatikale sinne: nie afwykende sinne, noem. Hy stel semanties afwykende sinne gelyk aan metafore.

Reddy (1969, pp. 240-250) beweer dat daar by die meeste metaforiese uitdrukkings geen oorskryding van seleksiebeperkings is nie. Hy beweer dat die uiting in verskillende situasionele kontekste gebruik word. Om sy bewerings te staaf, haal hy die volgende voorbeeld aan:

"The rock is becoming brittle with age."

In 'n geologiese geselskap sou dit na 'n baie ou rots verwys.

"The ROCK is becoming BRITTLE with age."

Fokus Fokus

Hy gee hier aan die metafoor twee fokusse. Indien rock hier na 'n geliefde professor verwys, sal brittle na sy veroudering verwys. As dit in die makrokonteks gesien word, sou daar geen seleksiebeperking oorskry word nie.

In die geologiese geselskap is daar geen reëloorskryding nie, maar as daar na die professor verwys word, word daar uit die makrokonteks afgelei dat rock wel seleksiereëls oorskry het. In die eerste situasie is rock [- lewend] en [- menslik] en binne die tweede makrokonteks [+ lewend] en [+ menslik.] In die lig van laasgenoemde voorbeeld is dit duidelik dat daar tot in hierdie stadium iets aan die TG benadering gehaper het.

2.3.2 Interpretatiewe Semantiek

Gräbe (1979, pp. 56-59) maak gebruik van die standpunte van Chomsky, Fodor en Katz wanneer sy die ontwikkeling in die beskrywing van beeldspraak binne die TG benaderingswyse bespreek.

Sy het gevind dat, toe Chomsky die TGG ingevoer het, dit geen ruimte vir die semantiese aspek gelaat het nie. Die hele beskrywing het op die oorskryding van sintaktiese seleksiereëls berus. Sy wys daarop dat Fodor en Katz sê dat die semantiese aspek 'n rol moet speel by die kombinasie van woorde.

Sy haal die volgende voorbeeld aan:


- (i) "The paint is silent.
- (ii) The paint is wet.
- (iii) The paint is yellow."

Volgens haar is daar geen grammatikale basis gevind waarop (i) van (ii) en (iii) onderskei kan word nie. Die verskil tussen (i) en (ii); (iii) kan nie as die oorskryding van sintaktiese seleksiereëls beskou word nie, maar as 'n semantiese anomalie. Sy wys daarop dat "The paint is silent" wel seleksiebeperkinge oortree. Verder wys sy daarop dat Katz en Fodor tot die gevolgtrekking kom dat daar wel 'n semantiese komponent betrokke moet wees, by die vorming van beeldspraak.

A. DIE ORGANISASIE

Bolinger (1965, p. 557) het gepoog om 'n woordeboekinskrywing te maak wat aan die vereistes van Fodor en Katz voldoen. Om aan al hierdie semantiese aspekte reg te laat geskied, het hy elke leksikale item fonologies, sintakties en semanties gespesifiseer. Hy het die semantiese merkers in ronde hake geskryf, terwyl die semantiese onderskeiers in vierkantige hake geskryf is.

Bolinger (1965, p. 557) haal Fodor en Katz se woordeboekinskrywing aan:



Omdat hierdie woordeboek so uitgerek is, is die boomedigram later met 'n skematiese indeling vervang. Gräbe (1979, p. 60) sê dat 'n woordeboek hierdie skematiese indeling kan hê:

WOORDEBOEK.		
1. Woordeboekinskrywing.		
i. Fonologies distinktiwe kenmerkmatraks		
ii. Sintaktiese kenmerke		
iii. Semantiese merkers	↔	Projeksiereëls
iv. Semantiese seleksiebeperrings		
2. Semanties redundansiereëls.		"

Volgens die voorstanders van so 'n woordeboek sou dit dadelik bepaal kon word of 'n bepaalde woord in 'n grammatikale of semi-grammatikale sin gebruik is.

Leksikale merkers kan bygevoeg word om 'n bepaalde effek te kry. Gräbe (1979, p.61) haal die volgende aan:

"bachelor flat; die manlike merker verval.

bachelor girl: onversoerbare elemente."

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat sommige semantiese merkers hulle waarde binne 'n bepaalde konteks verloor.

B. OORVLEUELING VAN SINTAKTIESE EN SEMANTIESE KENMERKE

Gräbe (1979, p. 62) haal die volgende sin aan:

"The ship met her doom on the rocks," om aan te toon dat ship sintakties vroulik is, maar semanties neutraal. Die semantiese merker veroorsaak dat die her nie as semanties vroulik beskou kan word nie.

In die sin: "The man met her on holiday," is 'n semantiese merker wat aandui dat her vroulik is. Hier is geen oorvleueling van semantiese- en sintaktiese merkers nie.

In: "He is a fox," is 'n oorvleueling van semantiese- en sintaktiese kenmerke. He het 'n semantiese merker (+ menslik) en fox (+ dierlik). Hierdie teenstrydighede is tog versoenbaar

binne die metafoor, omdat die parallelisme in die semantiese onderskeier [+ geslepe] geleë is.

C. SEMANTIESE SELEKSIEBEPERKINGS EN PROJEKSIEREËLS

Sintaktiese seleksiereëls is reeds binne Aspects model uiteengesit. Gräbe (1979, pp. 66-70) sê dat die voordeel van die Katz en Fodor - semantiese seleksiebeperkings teenoor Chomskiaanse sintaktiese seleksiereëls drievoudig is.

1. Dit verklaar die semantiese onversoenbaarheid tussen die onderwerp en die predikaat in kopularisme.

In die sin: "He is a fox," word die semantiese merker (+ menslik) nie gelykgestel aan (+ dierlik) nie, maar die twee eenderse semantiese onderskeiers geslepe word gelyk gestel. Die aanhaling kan so beskryf word:

"He [die geslepe vent] is a fox." [geslepe dier]

Albei hierdie betekenisonderskeiers word verswyg. Die assosiasie tussen fox en geslepe is sterker as tussen he en geslepe. He se eienskappe word verswyg.

2. Dit registreer semantiese onversoenbaarheid tussen leksikale items wat geen seleksiereëls oortree nie.

In die sin: "Sincerity may admire the boy," moet die subjek wat met die verbum admire verbind, die seleksiekenmerk [+ lewend] of [+ menslik] hê. Die oorskryding van die seleksiebepervking deur die subjek sincerity lewer die semi-grammatikale reeks. Katz en Fodor gebruik ook hierdie sintaktiese kenmerke, maar hulle vul dit aan deur die semantiese aspekte in te voer. Die semantiese aspekte is: semantiese merkers, semantiese onderskeiers en semantiese seleksiebeperkings. Om aan te toon met watter semantiese merker dit moet kombineer om semantiese aanvaarbaar te wees, word dit met hoekige hake om die ronde hake aangetoon <(menslik)> toon dus aan dat die leksikale item waarmee dit kombineer 'n semantiese merker <(menslik)> moet bevat.

3. Dit opereer tussen alle leksikale items en / of frases in 'n sin en is nie net beperk tot naasliggende leksikale items van adjektiewe of verba nie.

Die projeksiereëls in die woordeboek (vergelyk paragraaf 2.3.2.A.) kombineer die leksikale items binne die grammatikale konstruksie om sinvolle taaluitings te vorm.

D. REDUNDANSIEREËLS (OORTOLLIGHEIDSREËLS)

Party semantiese merkers van 'n leksikale item is voorspelbaar (dit wil sê oortollig of redundant), omdat daar ander semantiese merkers met dieselfde inhoud in die leksikale item voorkom. Gräbe (1979, p. 71) haal die volgende woordeboekinskrywing van Katz (1972, p. 44) vir chair aan.

"(Object) (Physical), (Non-living), (Artifact), (Furniture), (Portable), (Something with a back), (Something with a seat), (Seat for one)."

As die semantiese redundansiereëls toegepas word, word die volgende oortollige items gevind:

"(Furniture) ... (Artifact)

(Artifact) ... (Object)

(Physical)

(Non-living)"

Die redundansiereëls vereenvoudig die woordeboekinskrywing deur die dubbelvorme uit te laat.

"(Furniture), (Portable), (Something with legs),

(Something with a back), (Something with a seat),

(Seat for one)."

Deur die toepassing van redundansiereëls word die woordeboek= inskrywing aansienlik verkort.

2.4.0. 'N WAARDERING VAN DIE BENADERINGSWYSES

2.4.1. Die tradisionele benadering

In die tradisionele benadering word ongeveer ewe veel aandag aan die semantiese- en sintaktiese aspekte gegee.

A. DIE GEBREKE VAN DIE TRADISIONELE BENADERINGSWYSE

- (i) Die begrip beeldspraak is nie behoorlik gedefinieer nie.
- (ii) Die term vergelyking is nie goed gedefinieer nie.
Hierdie swak gedefinieerde term het meegebring dat die Homeriese vergelyking, fabel en parabel verkeerdelik as beeldspraak beskou is.
- (iii) Die term metafoor is nie behoorlik gedefinieer nie.
Dit het meegebring dat die dinge soos sarkasme en ironie verkeerdelik as beeldspraak of subvorme van die metafoor beskou is. Dit het meegebring dat baie oortollige terme ontstaan het.
- (iv) Beeldspraak is volgens die tradisionele benadering so versnipper dat dit onmoontlik is om met behulp van bestaande terme 'n wetenskaplike beskrywing te gee.

B DIE VOORDEEL VAN DIE TRADISIONELE BENADERING

Omdat beeldspraak volgens sy funksies hier bespreek word, is die tradisionele benadering handig om te gebruik om die funksies van beeldspraak te beskryf.

2.4.2. Die strukturele benadering

In die strukturele benadering word die beeldspraak as taal=simbool bespreek, met ander woorde, dit word volgens die klank=vorm en die semantiese waarde bespreek.

A. DIE VOORDELE VAN DIE STRUKTURELE BENADERING

- (i) Die terme beeldspraak, vergelyking en metafoor is duidelik omskryf.
- (ii) Daar bestaan geen oortollige terme wat tot verwarring kan lei nie.
- (iii) 'n Paradigma kan opgestel word, sodat vasgestel kan word watter woordsoorte by beeldspraak betrokke is.

B DIE NADELE VAN DIE STRUKTURELE BENADERING

- (i) Die funksies van beeldspraak kan maklik verlore raak.
- (ii) Die struktuur kan so beklemtoon word, dat die semantiese aspek skade lei.

2.4.3. Die Transformasionele Generatiewe benadering

In die TG benadering is aanvanklik net klem gelê op die sintaktiese vorm, maar later moes die voorstanders van hierdie benaderingswyse ook klem lê op die semantiese aspek.

A. DIE VOORDELE VAN DIE TG BENADERING

- (i) Die terme beeldspraak en metafoor is duidelik omskryf.
- (ii) Die waarde van die semantiese aspek van beeldspraak word al hoe meer besef.

B. DIE NADELE VAN DIE TG BENADERING

- (i) Die vergelyking word blykbaar nie beskryf nie.
- (ii) Die TG benadering is té sintakties gerig.

In hierdie verhandeling sal die strukturele benadering gevolg word, omdat dit geen oortollige en swak gedefinieerde terme bevat nie. Uit die aard van die saak sal daar aandag gegee moet word aan die woordsoorte waaraan die metafoor en vergelyking behoort.

Die TG benadering word uitgeskakel omdat geen beskrywing van die vergelyking volgens hierdie benadering gevind is nie. Voorts is die ooreenstemming tussen die TG en strukturele benadering groot. Die semantiese figuurlike parallelisme tussen die tenor en die vehicle by die strukturele benadering stem ooreen met die eenderse semantiese onderskeiers van die TG.

In die vierde hoofstuk sal toetse vir die identifikasie van metafore en vergelykings aangelê en toegepas word.

HOOFSTUK 3

3.0.0. BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE VAN SUIDELIKE AFRIKA

Die doel van hierdie hoofstuk is om die werk wat daar in die Swarttale oor beeldspraak gedoen is, na te gaan en te evalueer. Die Swarttale van die Suidoostelike sone wat binne die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika gebesig word, word hierby ingesluit. Dit sluit die onafhanklike Swartstate - wat vroeër deel van die Republiek van Suid-Afrika gevorm het - in. Geskrifte oor beeldspraak in die volgende Swarttale word hier bespreek:

- a. Nguni
Zoeloe
- b. Sotho
Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana.
- c. Venda

3.1.0. NGUNIGROEP

3.1.1. Zoeloe

- A. H.I.E. Dhlomo (1948, p. 47) staan 'n paar reëls in 'n artikel aan beeldspraak af. Hy noem die volgende:

1. Die gebruik van eiename

"Uthi lwemphudu lwakwaNobali,
Obelihla ' uPhungushe, kwaButhelezi;
Luhlal ' uMacingwa ' eNgonyameni;
Luhlal ' uDladlama wakaMajola."

Hy is die stok in die hekpilaar van die tuiste van Nombali,
Hy wat besig was om af te kom, was die jakkals van die tuiste van Buthelezi;
Daar sit hy wat dopgehou word by die leeu (koning se plek);
Daar sit die dappere van Majola se kraal.

Hy gee geen omskrywing of definisie van die beeldspraak wat hierin voorkom nie, maar sê bloot dat groot

digters soos Milton dit ook gebruik het. Hy noem dit:
 "Use of the implicit simile or metaphor."

Hy onderskei nie tussen die metafoor en die vergelyking
 nie. Dit is 'n ernstige gebrek in sy beskrywing.

2. Parallelisme

"Zulu poetry gives an idea in one line, and, on the second, repeats and
 expands it - in some cases the penultimate word or phrase recurring at the
 beginning of the second or supporting line:

'Lalela lowomunt' omemzayo'

Umemez' uthini?

Uyalila

Ukhalelani?

Ukhalel ' izinkomo zakhe.

(List that voice of lamentation)

Lamenting - what?

He weeps

He weeps - why?

He mourns over his cattle.)"

3. Ander vorme

Onder die opskrif "Other features of folk poetry" noem hy nog
 onomatopée, alliterasie, "proverb lore from Poetry", die gebruik
 van die ideofoom en die gebruik van dialoog.

Dit is nie duidelik of hy dit ook as vorme van beeld=
 spraak beskou nie. Hy het geen definisies gegee nie,
 daarom hang sy bespreking heeltemal in die lug.

- B. Doke (1955, pp. 202-211) bespreek beeldspraak in sy boek
 ZULU SYNTAX AND IDIOM. Hy sê dat beeldspraak in Zoeloe
 gebruik word om die abstrakte konkreet voor te stel. Hy
 sê dat hierdie konkrete voorstelling veral in die
 "similitude" en personifikasie voorkom. Hy (p. 202) sê:
 "Similitude is the expression of comparison." Hy sluit hierby die verge=
 lyking, metafoor en allegorie in, maar hy bespreek slegs
 die vergelyking en die metafoor.

1. Die vergelyking

Doke (1955, p. 213) haal Webster se definisie van 'n vergelyking aan;

"A rhetorical figure of speech which likens or draws explicit comparison between two different things in one or more aspects."

Hy gaan voort om te sê dat die komparatiewe die volgende woorde is: "njenga- (just as) nganga - (the size of) en kwa - (like)."

Hy lig dit verder toe met voorbeelde, bv. (Die onderstrepings is deur my gedoen)

"Abafanyana bakulomuzi bagijima njengezinja."

Die kinders van die stat (dorp) hardloop soos honde.

"Ayingangamlomo."

'n Mens dra nie altyd jou eie ophemeling nie.

Dis maklik om groot te praat.

"Ubabona kwamuntu abantu."

Jy sien die mens in 'n menslike wyse.

Hy gaan voort om die klankveranderings in die vergelyking te beskryf.

2. Die metafoor

In 'n kort paragrafie haal hy twee definisies van die metafoor aan en tref hy die onderskeid tussen 'n vergelyking en 'n metafoor. Hy verdeel die metafoor in drie groepe wat hy elk met 'n aantal voorbeelde toelig.

a. DIE METAFORIESE GEBRUIK VAN NOMEN EN VERBIA

Om laasgenoemde stelling te illustreer haal hy 'n klomp voorbeelde aan, waarvan een nomina en een verbum hier aangehaal word.

Die nomina isandla (hand) kan ook vat, 'n handvol en handskrif simboliseer.

Die verbum chela (sprinkel) kan uitsaai, nuusversprei=ding en rapporteer simboliseer.

b. DIE DIREKTE METAFOR IN DIE IZIBONGO (PRYSLIEDERE)

Hy wys daarop dat die name van groot diere gebruik word om die koning te beskryf. Hy haal 'n hele

klomp aan bv. isilo (luiperd) en ingonyama (leeu).

c. METAFORIESE NAME VIR NATUURLIKE VOORWERPE

Hy omskryf nie die term nie maar haal 'n aantal voorbeelde aan, bv. indlu - yengwe (luiperd se huis) vir 'n regiment.

3. Kontras (antitese)

Hy beskou antitese as 'n vorm van beeldspraak. Nadat hy die term gedefinieer het, haal hy 'n aantal voorbeelde aan om dit te illustreer bv.

"Ikhab ' eyikhabayo; ikjoth ' eyikhothay."

Hy skop wat skop; hy lek wat lek.

4. Hiperbool

Hy beskou die hiperbool as 'n vorm van beeldspraak. Nadat hy die term gedefinieer het, haal hy 'n aantal voorbeelde aan:

"uNolaba ongangezintaba."

Nolaba is so groot soos berge (p. 207)

5. Beklemtoning

Dit is nie duidelik of hy beklemtoning as 'n vorm van beeldspraak beskou nie. Hy plaas dit egter in die uiteensetting wat hy van beeldspraak gee. Hy sê dat dit in Zoeloe deur die gebruik van 'n absolute voornaamwoord en kopulatief verkry word. Hy lig dit met voorbeelde toe. Hier is Doke verkeerd, want beklemtoning kan nie as 'n vorm van beeldspraak beskou word nie.

6. Toutologie

Onder die term verstaan hy die herhaling van 'n gedagte deur die uitbreiding daarvan:

"Inja imlume ngamazinyo ayo."

Die hond het hom met sy tande gebyt.

Hierdie is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

7. Eufemisme

Onder die term verstaan hy "the substitution of a word or expression of comparatively favourable implication or less pleasant associations, instead of the harsher or more offensive one that would more precisely designate what is intended." (p. 211)

Hy haal 'n klomp voorbeelde :

"godika" (gaan huis toe) vir "fa" (sterf)

Eufemisme kan die funksie van beeldspraak gee, maar dit is nie beeldspraak nie

8. Personifikasie

Hy omskryf personifikasie as "an inanimate object or an impersonal nature is endowed with the attributes of a person."

Hy lig dit met voorbeelde toe:

"usokhaya" (die hoof van die huis) (p.211)

Doke beskou dit as 'n selfstandige vorm van beeld=spraak, maar personifikasie word as 'n subvorm van die metafoor beskou.

Hoewel Doke die terme wat hy gebruik baie duidelik definieer, het hy nie die term beeldspraak goed gedefinieer nie, met die gevolg dat hy verskynsels wat nie beeldspraak is nie, as beeldspraak omskryf. Hy het die vergelyking, metafoor en allegorie apart van die ander gesien, maar hy het nie opgemerk dat net die vergelyking en metafoor vorme van beeldspraak is nie.

- C. R. Kunene (1962) gee in sy verhandeling 'n oorsig oor die aard en ontstaan van poësie in Zoeloe. In sy studieveld het hy ook beeldspraak teëgekom. Sonder om die terme te definieer, skryf hy oor die funksies van beelde, metafore en "animal symbolisation."

1. Die funksies van beeldspraak

Hy merk op dat die digters van die pre-Chakatyd, visuele beelde gebruik het om abstrakte feite oor te dra. Hy merk op (p. 78) dat die beelde wat gebruik word dekoratief van aard is en nie funksioneel nie.

2. Die metafoor

Hy sê dat metafore uit die natuur, die kulturele omgewing en menslike aktiwiteite gevorm word.

3. Prysname

"In Zulu poetry some poetical symbols are derived from animals." (p.111)
Dit is nie dadelik duidelik wat hy daarmee bedoel nie, maar later sê hy dat die persoon wat geprys word met leeus, olifante, luiperds, wolwe, mambas en hiënas geïdentifiseer word. Dit is nie duidelik of hy dit as 'n vorm van beeldspraak beskou nie. Hy sê (p.158) dat Mpande met 'n olifant en 'n leeu geïdentifiseer word. Uit hierdie twee verwysings kan afgelei word dat hy met "animal symbolisation", prysname bedoel. Wat hy met "symbolisation" bedoel, is nie duidelik nie.

Kunene het so vlugtig oor die beeldspraak gegaan dat hy geen bydrae tot die kennis van beeldspraak kon lewer nie. Boonop verwar hy simbool, metafoor en prysnaam met mekaar. Dit moet erken word dat dit nie sy doel was om beeldspraak in Zoeloe te beskryf nie.

D. T. Cope (1968, pp. 38-43) bespreek prysliedere in Zoeloe en raak gevolglik ook beeldspraak net terloops aan.

"Poetry has a greater richness and a greater concentration; it is more evocative, more emotive, and more memorable. These qualities are achieved by the use of imagery reinforced by repetition in various guises: metre (repeated rhythms), rhy, (repeated final syllables), alliteration (repeated consonant sound), assonance (repeated vowel sounds), parallelism (repeated statement of identical constructions, with different words expressing the same idea, e.g. 'they shall beat their swords into plough shares and (they shall beat) their spears into pruning-hooks')". (p. 38)

Hy haal 'n aantal beelde *images* aan om die effek van beeldspraak te illustreer.

"Senzangakhona" is die hekpaal (uthi lwenpunda) van die kraal en, sy seun Chaka as die byl (izembe) van "Senzangakhona". Hy noem nog 'n aantal:

Die konings word ingonyama (leeu) en indlovu (olifant) genoem.

Die grootheid van Chaka word so beskryf:

"Oth'esadl' ezinye wadl' ezinye

wath' esadl' eziny eadl' ezinye."

Het het, terwyl hy sommige vernietig het, ander vernietig

En terwyl hy ander vernietig het, het hy nog meer vernietig.

Hy sê egter nie watter vorm van beeldspraak dit is nie.

1. Parallelisme

Hy wys daarop dat nie alle vorme van parallelisme beeldspraak is nie. Sekere vorme van parallelisme word gebruik om sinne aan mekaar te skakel.

Hy haal uit die PRYSLIED VAN CHAKA enkele voorbeelde aan:

"UMahlom' ehlathin' onjengohlanya,

Uhlanya olysemehlwen' amadoda."

Hy wat die bosse bewapen, is soos 'n mal man,

Die mal man wat in die volle gesig van die mans is. (p. 42)

In werklikheid is dit komplekse beeldspraak. In die eerste vers, vorm uhlanya 'n deel van 'n vergelyking, terwyl dit in die tweede vers 'n metafoor is. Hy gee geen definisie om sy bewerings te staaf nie.

2. Parallelisme en die vergelyking

Hy sê dat dit die eenvoudigste vorm van parallelisme is, maar dit is poëties die minste doeltreffend.

Hy haal 'n paar voorbeelde aan om sy stelling te illustreer:

"Obeyalala wangangemimfula

Obeyavuka wangangezintaba."

"Who when he lay down was the size of rivers

Who when he got up was the size of mountains." (p. 41)

Hierdie parallelisme is nie beeldspraak nie. Slegs semantiese parallelisme vorm beeldspraak. Hier word dit gebruik om versreëls aan mekaar te bind.

3. Chiasme

Hy gee 'n voorbeeld waarin die werkwoord van die eerste vers in die negatief is, terwyl die werkwoord in die tweede vers in die positief is:

"UShaka ubengadl' imihlambi yankomo,

Ubedl' imihlambi yezinyamazane."

"Chaka did not raid herds of cattle,

He raided herds of buck." (p. 43)

Chiasme is nie beeldspraak nie.

4. Parallelisme tussen 'n naamwoord en 'n werkwoord

Cope (1963, p. 43) sê: "Here the noun that initiates the first verse is a derivative of the verb that achieves the linking in the second vers."

"UDlungwana woMbelebe

Odlunge emanxulumeni."

"Rager to the Mbelebele brigade

Who raged among the large kraals."

Hierdie chiasme is nie beeldspraak nie, omdat dit bloot versreëls met mekaar verbind.

Hy plaas alliterasie en assonansie tussen parallelisme en personifikasie. Hierdeur kan die indruk geskep word dat hy dit ook as 'n vorm van beeldspraak beskou, maar hy het probeer aantoon dat alle vorme van parallelisme nie beeldspraak is nie.

5. Personifikasie

In die tradisionele name van die Zoeloekonings word

personifikasie aangetref.

"uZulu" van "izulu" (lug)

"uNdaba" van "indaba" (saak)

'n Mens moet hom gelyk gee dat dit personifikasie is, maar dit is beslis nie die enigste vorm van personifikasie wat daar bestaan nie.

E. M. Kunene (1970)

In 'n inleiding tot die vertaalde gedigte ZULU POEMS sê hy dat die Zoeloeletterkunde gemeenskapgerig is.

"The literature, to have meaning for the community, uses a kind of shorthand system, comprising communally evolved symbols which represent a special system of ideas. In this sense symbols, at least some of them, have specific cultural meaning." (p. 12)

"The symbols he chose were not only aimed at showing parallel qualities but also the fusion of relate qualities."

Kunene het nie 'n definisie van 'n simbool gegee nie, maar dit is duidelik dat hy metafoor en simbool met mekaar verwar. Hy gee geen voorbeeld nie, sodat sy bewering in verband met die simbool nie getoets kan word nie. Hy verwar die terme: simbolies en figuurlik met mekaar. Hoewel hy enkele kere na simbole verwys, lewer hy geen bydrae tot die kennis van beeldspraak in die pryslied nie.

3.2.0. DIE SOTHOGROEP

3.3.1. Noord-Sotho

A. J. Breed definieer nie die terme wat hy vir beeldspraak gebruik nie, maar gee slegs voorbeelde. Sy doel is nie om die beeldspraak te omskryf nie, maar om die PRYSLIED VAN MAKOPANE te beskryf.

1. Metafoor

"Die Noord-Sotho-pryslied is 'n baie vrugbare bron van direkte metafore: die persoon wat geprys word, word benoem met alle name, veral dié van diere. Hierdie name, wat soms ook nou met die stamtotem in verband staan, word metaforiese

titels. Dit is op hierdie wyse dat die kaptein groot olifant (tlôu) of wildevarc (kolobê) genoem word."

Dit is nie duidelik wat hy met metaforiese titels bedoel nie. Hy gee die volgende voorbeeld:

"Tshukudu ya sehlaba, tlôpôrô"

"Renoster van die plato, tlôpôrô." (p. 33)

2. Vergelyking

"Tlholadira ya tsena ka fate sa Mphama

Ya nkê re bôna mpshê e fofa."

"Tlholadira het deur die poort van Mphama ingegaan.

Dit was asof ons 'n vlieënde volstruis sien." (p. 33)

3. Sarkasme en retoriese vraag

"Nadat die botsing afgeloop is en Makopane as die held uit die stryd getree het, word daar nou in verskillende verse met spottende retoriese vrae na Masebe verwys. Die beste voorbeeld is:

'Ngwana llêla nakana ya mokhure

Le sêhlê le mo neêle,'

'Huil 'n kind oor 'n rietfluit

Moet jy vir hom een sn y.'" (p. 34)

Dit is nie duidelik of Breed sarkasme as 'n vorm van beeldspraak beskou nie. Hy klassifiseer dit egter saam met die vergelyking en die metafoor. Dit is nie duidelik of hy die retoriese vraag as 'n vorm van beeldspraak beskou nie.

"Ke tlwêle mmame Malekiša

A re 'Ge ô thôpa ditšwêtsi

Diroto-ka-mpa di kae?'"

"Ek het gehoor my tannie, die moeder van Malekiša

Sê toe: 'Toe jy die vrouens geroof het

Waar was die manne?'" (p. 33)

Breed plaas die retoriese vraag saam met die metafoor en vergelyking in sy uiteensetting. Hoewel hy dit nie

pertinent stel dat hy dit as 'n vorm van beeldspraak beskou nie, wil dit tog voorkom asof hy dit as 'n aparte vorm van beeldspraak beskou.

Breed skei nie die retoriese vraag en sarkasme nie.

4. Apostroof

"Hier breek die deklameerder die draad van sy betoog effens af om iemand wat nie teenwoordig is nie, aan te spreek asof hy wel teenwoordig is."

Hy lig sy bewering toe met 'n voorbeeld:

"Le wêna, Masebe, gê o re ke mokata

Ke a katêlêtsa."

"En jy Masebe, as jy sê jy is 'n trapper

Ek vertrap jou."

(p. 35)

Omdat daar geen definisie van apostroof gegee is nie, is dit nie duidelik of hy dit as 'n vorm van beeldspraak beskou nie. Uit die posisie wat dit in sy uiteensetting inneem, wil dit voorkom of hy dit wel as beeldspraak beskou. 'n Apostroof is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

5. Inversie

"Inversie is niks anders nie as 'n verandering in die woordskikking om eentonigheid te vermy, asook om deur die buitengewone posisie van die woord die aandag daarop te vestig. Dit kom nogal dikwels in die pryslied voor, en 'n goeie voorbeeld is:

'A wiša motho 'tlaleng, Tsitsitla.'

Hy oorval 'n mens in sy tuin Tsitsitla." (p. 35)

Hier is Breed verkeerd, want inversie is nie 'n vorm van beeldspraak nie. Die doel van inversie is om die ritme en metrum in die vers te balanseer of om te beklemtoon.

6. Onomatopée

"Reeds aan die begin van die pryslied op Makopane gebruik die voordraer 'n

klankbeeld.

'Ki-ki sekgweng ka mosito.'

Ki-ki 'n geritsel in die bos." (p. 32)

Dit is nie duidelik of Breed die klankbeeld (onomatopee) as 'n vorm van beeldspraak beskou nie.

Onomatopee is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

Breed beskryf die PRYSLIED VAN MAKOPANE en raak die beeldspraak in die gedig aan. Omdat hy nie die terme wat hy gebruik duidelik definieer nie, is dit moeilik om te bepaal wat hy as beeldspraak beskou en wat nie.

B. A.P. Combrinck (1963, p. 8-75) sê in sy verhandeling oor die werke van P. Mamogoba:

"Beeldrykheid is ook 'n kenmerk van die poësie (pryslied). Daar word veelvuldig gebruik gemaak van beelde en beeldspraak. Die stylfigure wat ons aantref, is onder andere die metafoor, vergelyking, sarkasme en apostroof." (p. 8)

Hy lig die vorme van beeldspraak toe met voorbeelde.

1. Simbool

"Hy verwys (ook) na die sakramente - die Doop en die Nagmaal - as simbole van die Christelike godsdiens.

'Diba sa meetse le monyanya beine le senkgwa'

Fontein van water en 'n fees van wyn en brood." (p. 13)

Simbole is konkrete dinge wat abstrakte idees verteenwoordig. Combrinck is reg as hy die doop en nagmaal as simbole van die Christelike godsdiens beskou, maar dan moet dit die konkrete water vir die doop en, brood en wyn vir die nagmaal wees. Hierdie voorbeeld wat hy aanhaal is woorde.

Woorde is ook konkrete (klank) beelde wat abstrakte begrippe (semantiese waardes) het. Dit bring mee dat die woord nie 'n literêre simbool kan wees nie. Hy het metafore aangehaal wat die Christelike godsdiens simboliseer.

2. Personifikasie

In THABA-TSORA word die kerkklok "gepersonifieer" tot iemand wat die boodskap aan die volk verkondig. Hy gee geen omskrywing van "personifieer" nie, maar sy voorbeelde is treffend:

"Bowang bana ba mokgalabje re moloko mong ga re jane.

Bowang le tsene go nna Thabanatsora marwale Radiphlo."

"Keer terug kinders van die ouman, ons is een familie, ons eet mekaar nie.

Keer terug en gaan na my Thabanatsora, draer, vader van geheime." (p. 36)

P. Mamogoba, THABA-TSORA

Slegs 'n klein gedeelte van personifikasie is beeldspraak. Personifikasie is in werklikheid 'n metafoor.

3. Beskrywende beeldspraak

Combrinck (1963, p. 69) sê:

"Heelwat van die beskrywende beeldspraak wat in sy verse voorkom, is geslaag ten opsigte van die suggestiewe krag." (Die onderstreping is deur my gedoen)

Dit is nie duidelik wat hy met die term bedoel nie.

4. Retoriek

Hy wy 'n hele hoofstuk aan retoriek. Hy gee die volgende eienskappe van retoriek:

Oorgelewerde beeldspraak. (p. 75)

"Ke rapaletše sa mohu bophelo ke baka la modimo."

"Ek lê uitgestrek soos 'n dooie, die lewe is 'n getwis met die geeste."

P. Mamogoba; GO BOIMA GO BOIMA

Die geswolle toon wat in die verse voorkom

"...dikudumela di rotha boka pula ya semabjokwane."

"...sweet drup soos vinnig vallende reën."

P. Mamogoba; LEDULEPUTSWA

Direkte aanspreekvorm wat telkens voorkom:

"Le wena Tswetla la moririmoso metse ke a thubalatsa, Bowang!"

"Ook jy, Venda van swart hare, die statte, ek breek dit af, bekeer julle!"

Vrae waarop die digter self die antwoord gee: (p. 76)

"Naman e bohloko go baba kae, o lla sa mogolodi nongyamahlomola?

O gatilwe ke maswene dira matlakagothopa!"

"Waar pyn die seer plekkie, jy huil soos 'n visvanger

voël van droewige sange

Jy is vertrap deur die vyande, leërs wat kom om te roof!"

5. Allegorie

Hy sê dat AFRIKA BOWA en DI WELA MAGOLELA suiwer allegorie is. Hy gee enkele definisies, maar hy pas dit nie op een van bogenoemde gedigte toe nie.

Dit was nie die doel van Combrinck om beeldspraak te bespreek nie, hy het die digter Mamogoba se werke bestudeer. Hy raak die saak in drie hoofstukke aan, maar bly in gebreke om die terme wat hy gebruik behoorlik te omskryf. Dit is onduidelik of hy die allegorie as beeldspraak of as genre beskou. 'n Allegorie is nie beeldspraak nie.

6. Die fondamentstene van die digkuns van Mamogoba

a. RELIGIEUSE BEELDE

Beelde vertoon soms 'n lewensmoegheid:

"Go boima, go boima morwalo o kata morwadi."

"Dis swaar, dis swaar, die drag druk die draer."

P. Mamogoba; GO BOIMA, GO BOIMA

Beelde wat geboorte en verganklikheid van die mens vertoon:

"Thaba-tena radiphiri malotathopa tše mehlamegolo

Pelong o utile'ng thopa tša bahu e le kgagara tša

malokomalatela."

"Berg jy vader van geheime, bewaarder van die geheime van vervloë tye
Wat verberg jy in jou hart, die geheim van dooies, dit is die gebeente
van geslagte."

P. Mamogoba; THABA-TENA

Beelde uit Christelike godsdiens:

Hy aanbid die Vader, die Seun en Heilige Gees.

Vader

"Modimo waka."

"My God."

Seun

"Mokwewa Galelia."

"Geborene by Galelia."

Heilige Gees

"Theoga Moyomokgethwa."

"Daal neer Heilige Gees."

P. Mamogoba; PIISO

Beelde uit die tradisionele godsdiens.

"Nna ka le mogile bophelo ka ntle le badimo ke lešaan^o la hlong."

"Ek bemerk die lewe sonder die voorvadergeeste is 'n skaamtevolle
leegheid."

P. Mamogoba; GO BOIMA, GO BOIMA

b. SOSIALE BEELDE

Hier gebruik hy beelde uit die sosiale, die liefde
en die natuur.

Opstand oor sosiale ongeregtigheid

"Di wele makgolela go wele tša puku malea mathaithai.

Di sebelethane di seserekantše ramosweu a re 'ke a kgona.'

Go bala o re ke a bala o balela leswenya

Di re go pala o tšea o tšholla madi."

"die posisie van die dolosse is die posisie van die ingewikkelde boeke.
 Dit verwar en maak die blanke deurmekaar, hy dink hy kan,
 Hy lees manhaftig
 Oortref dit hom, neem hy die skild en stort bloed."

P.Mamogoba; DI WELE MAKGOGELA

c. LIEFDESBEELDE

"Yo sego ke sogwana la pelo ya gago."
 "Geseënd is die jongman van jou hart."

P. Mamogoba; GO HUNADI

d. BEELDE UIT DIE NATUUR

"Ela nokakgolo moel'a bophelo."
 "Vloei groot rivier, vloed van die lewe."

P. Mamogoba; NOK'A BOPHELO

Combrinck het die bronne waaruit die beeldspraak deur Mamogoba geneem is, goed beskryf, maar hy was minder suksesvol in die beskrywing van die beeldspraak in LEDULEPUTSWA. Die grootste gebrek in hierdie beskrywings is die gebrek aan duidelik gedefinieerde terme.

- C. J.C. Roux (1970) wy byna geen ruimte aan beeldspraak nie. Hy verwys na prysname en prysverse. Hy noem slegs twee prysname:

"BaRaMoseki" en "Bakwena" (p. 25)

Hy haal dan een Noord-Sotho voorbeeld aan: (p. 26)

"Modimo wa nko e meetse."

"God met die nat neus."

Hy het prakties nie aan beeldspraak geraak nie.

3.3.2. Suid-Sotho

- A. G.H. Franz (1930) skryf 'n kort oorsig oor die literatuur

van die Suid-Sotho. In die verbygang raak hy net die beeldspraak aan:

1. Metafore en vergelykings

"Their ordinary conventional language is full of pictures and comparisons from nature: Anybody carrying on a conversation in Sesotho, however short, will find himself using either similes or metaphors. But it is in the lithoko that our old court praisers have really excelled themselves, and created picturetalks." (p. 3)

2. Personifikasie

Diere het verskillende gepersonifiseerde eienskappe.
Die leeu is die dapper een en die jakkals is geslepe.

Hy gee geen voorbeelde in Suid-Sotho nie.

Personifikasie is nie altyd beeldspraak nie.
Indien personifikasie beeldspraak is, is dit 'n metafoor.

B. S.M. Guma (1967) gee 'n oorsig oor die tradisionele letterkunde in Suid-Sotho. In sy omskrywing van die verskillende tradisionele genre, raak hy ook beeldspraak aan.

1. Personifikasie

In die fabels tree gepersonifiseerde diere op.
Hierdie diere behou hulle dierlike eienskappe.
Hierdie diere het tog verskillende menslike eienskappe.
Personifikasie is nie altyd beeldspraak nie.
Die term personifikasie (as beeldspraak) dui 'n metafoor aan.

2. Vergelyking

Hy sê in Nkolobe:

"metaphor and simile follow one another in successive line:

'O itlhahetse le dipudungwana naheng, Nkolobe;

O ithahetsa jwale ka jwang ha bo mela, Nkolobe.'

Thou were born with little black wildebees, in the veld, Nkolobe;

Thou were born like grass sprouting, Nkolobe."

Myns insiens is albei vergelykings. Die le in die eerste sin verbind twee sinne met mekaar.

" 'O itlhahetse naheng.'

'Dipudungwana di itlhahetsa naheng.' "

Hier is dus 'n vergelyking in verskillende sinne.

Die geboorteplek van mens en dier word vergelyk.

3. Parallelisme

"The Poetic melody of these parallel lines is ensured by the presence of rhythm, i.e. a recurrence of stressed and unstressed syllables in a relative regular manner." (p. 161)

Hy sien parallelisme dus net as 'n hulpmiddel om die ritme van die gedig mee te balanseer. Hierin is hy slegs gedeeltelik reg, want parallelisme is ook die manier waarop beeldspraak gevorm word.

4. Sarkasme

In die voorbeeld word na die slag teen die Britte in 1880 verwys:

"Ra batla ra songwa ke Baditjhaba,

Banna ba kwana Kapa le Bay

Ha le re ba Engeland mahuta."

"We were nearly scoffed at by foreigners,

Men of the Cape and Table Bay.

Not to mention those of England, the deceivers."

Hy gee geen definisie nie, maar dit wil voorkom asof hy sarkasme as 'n vorm van beeldspraak beskou.

Sarkasme kan in beeldspraak voorkom, maar dit is nie beeldspraak nie.

5. Eufemisme

Hy haal voorbeelde van eufemisme aan:

"Mong a pere e putswa a rwabala."

"The rider of the grey horse slept.

Hy died."

(p. 158)

Hy gee geen definisie van eufemisme nie, maar dit wil voorkom of hy dit as 'n vorm van beeldspraak beskou. Eufemisme is nie beeldspraak nie.

6. Metafoor

"A favourite technique is the use of metaphor, which is the very soul of dithoko."

Hy sê voorts dat hierdie metafore diere en natuur= verskynsels is.

"Tau ya rora e ba bona haufi."

"The lion roared on seeing them near." (p. 163)

Guma het 'n studie gemaak van die tradisionele letterkunde van Suid-Sotho en het beeldspraak aangeraak. Hy het bemerk dat beeldspraak op parallelisme berus, maar hy het dit nie behoorlik omskryf nie.

- C. D.P. Kunene (1971) bestudeer die pryslied in Suid-Sotho. Hy het gevind dat net sommige prysname metafories gebruik word.

1. Metaforiese prysname

Hy verdeel die metaforiese prysname in vier kategorieë naamlik, diere, afkoms, plek van herkoms en sy regiment. Hy lig hierdie bewering toe met voorbeelde:

Diere as metaforiese prysname.

"Nare ya habo Nkwebe."

"Buffalo of the house of Nkwebe."

Die metaforiese prysnaam word selde alleen gebruik, maar binne die konteks van 'n aantal prysname. Die naam van 'n sterk dier, gewoonlik 'n wilde roofdier, word as prysnaam gebruik.

Afkoms as prysnaam

"Poho ya Peete."

"Bull of Peete." (Piet se bul)

Hier word die afkoms en 'n dier as prysnaam gebruik.

Plek van herkoms.

"T lou ya Mabatla."

"Elephant from Mabatla."

Hier word sy plek van herkoms aan die dier as prysnaam gekoppel.

Die metaforiese prysnaam gevolg deur die naam van die regiment.

"Tau ya Matlama."

"Lion of the Matlama Regiment."

Met sulke prysname word die beeld van die held vergroot, hy is 'n leeu in vergelyking met die ander lede van die regiment.

2. Parallelisme

Hy sê dat parallelisme bestaan, uit die herhaling van woorde en frases, idees deur sinonieme en indirekte verwysings, grammatikale strukture en klanke.

Hy gaan voort deur verskillende patrone van herhaling aan te dui.

Hy beskou klimaks ook as 'n vorm van parallelisme.

Hy haal die volgende voorbeeld aan:

"Iladi tsa benya, mello ya banana
 Ya sala eka di beetsa thabeng,
 Ho Ngwetse-ya-morena, Ngwetsi-ya-batho-kaofela,
 Lekena-la-Rasenate."

"Lightings flashed and fires blazed
 That it seemed they'd laid their eggs on the mountain,
 Upon the Daughter-in-law-of-king, the Daughter-in-law of all the people
 Lekena-warrior,-(son)-of-Rasenate." (p. 87)

Hoewel hy sê dat parallelisme gebruik word om te beklemtoon, beskou hy dit nie as 'n vorm van beeldspraak nie.

3. Personifikasie en "Animation"

Kunene (1971, p. 49) onderskei tussen
 "animation, viz. that the poet actually addresses the animate"
 en personifikasie.
 "Tjhutjhumakgala, nthwana a Makgowa."
 "Trein, mooi ding van die witmens."

"An onomatopoeic eulogie arising from the sound of a steam engine as the train moves." (p. 151)

Hierdie klank is niks anders as 'n gedeelte, van die trein se eienskappe, wat vir die geheel gebruik word nie. In hierdie uittreksel is wel personifikasie.

"Terene e lonya."

"The train is spiteful."

Hier is 'n menslike eienskap, lonya wat aan 'n nie-menslike voorwerp terene gekoppel word. Onomatopoeie is nie beeldspraak nie.

Kunene het bemerk dat nie alle prysname metafore is nie, maar hy het nie gemerk dat personifikasie 'n subvorm van die metafoor kan wees nie. Die onomatopoeie wat hy noem, gee 'n metafoor. Kunene het nie veel metafore genoem nie, maar hy het nie uitinge, wat nie beeldspraak is nie, as beeldspraak beskryf nie. Dit was nie sy doel om beeldspraak te beskryf nie, maar hy het dié wat hy beskryf het, goed gedoen.

3.3.3. Tswana

- A. E.S. Moloto (1972) het in 'n artikel oor Tswana-poësie beeldspraak terloops aangeraak.

Metafoor.

"Phefo e fatlhile ditlou selemo."

"Die wind verblind die olifante in die somer." (p. 16)

Baie min ruimte is aan beeldspraak afgestaan, want dit was nie Moloto se doel om beeldspraak te beskryf nie.

- B. R.M. Malope (1977) skryf sy verhandeling in Tswana.

Hiermee doen hy baanbrekerswerk. Hy wy sy vierde hoofstuk aan taal en styl. "Puo le setaele (mkgwa)."

Hy doen 'n noukeurige ondersoek van Monyaise se woordkeuse "Ihotsho ya mafoko", die gebruik van leenwoorde "maadingwa", selfgevormde woorde en konstruksies "maitlhamelwa", spreuke "diane" idiome, "maele" en beeldspraak "dikapuo".

Hy staan 36 bladsye in sy verhandeling aan die gebruik van die woord af. Die res van die hoofstuk wy hy aan styl "setaele".

Omdat dit buite die bestek van hierdie verhandeling val, word dit nie hier bespreek nie. Hy haal baie voorbeelde van spreuke en idiome "diane le maele" aan, maar bespreek dit nie ten opsigte van beeldspraak "dikapuo" wat daarin voorkom nie.

1. Vergelyking

Hy sê dat Monyaise baie van vergelykings gebruik maak. Hy sê ook dat hy dit baie doeltreffend doen. Hierdie vergelykings word gebruik om die beskrywings lewendig te maak. Hy lig dit toe met 'n voorbeeld: (Die vertalings is deur my gedoen.)

OMPHILE UMPHI MODISE

"Motlalepule a gadima o latlhegetswe ke sengwe."

Motlalepule het rondgekyk asof sy iets verloor het. (p.11)

Bogenoemde is nie 'n vergelyking nie.

"Thandi le lekau ba tswana jaaka dipeba."

Thandi en die jongman is so eenders soos muis.

Hy gee 'n aantal funksies van die vergelyking.

Vergelykings verkonkretiseer

"Stella ene o tsamaya jaaka motho o gata mae."

Hierdie Stella loop soos een wat op eiers trap.

Vergelykings om te spot

"Kana gore meno a Maria a tswetse kwa ntle jaaka pitse e edimola."

Maria se tande steek uit soos 'n perd s'n wat gaap.

2. Metafoor

Hy sê dat Monyaise die metafoor baie effektief gebruik.

Hy haal 'n hele aantal voorbeelde aan om dit te illustreer.

"Golo mono ke Sotoma wa Bofelo."

Hierdie plek is die laaste Sodom.

Hy het nie die metafoor gedefinieer nie, daarom is party van sy voorbeelde nie metafore nie.

3. Personifikasie

Malope sê dat Monyaise personifikasie baie doeltreffend aanwend. Hy haal ook 'n aantal voorbeelde aan.

Hy is blykbaar nie daarvan bewus dat personifikasie 'n onderdeel van die metafoor is nie.

Nie alle vorme van personifikasie is metafore nie.

Hier volg een van Malope se voorbeelde:

"Motho a setswe ke loso morago."

Die mens word deur die dood agtervolg.

4. Humor

Hy beskou humor as 'n vorm van beeldspraak. Hy begaan hier 'n fout, want humor is nie beeldspraak nie.

5. Sarkasme

Hy omskryf nie die term nie, maar haal slegs voorbeelde aan. Sarkasme is nie beeldspraak nie.

6. Hiperbool

Hy haal 'n aantal goeie voorbeelde van hiperbool aan,

sonder om die term te omskryf.

"Monyenywa ga Thandi, o no o ka rema tau marapo."

Die gelag van Thandi kon leebene gekap het.

Omdat hy nie die term beskryf het nie, het hy hiperbool verkeerdlik as beeldspraak geklassifiseer.

7. Eufemisme

Malope omskryf nie die term nie, maar haal slegs 'n aantal voorbeelde aan. Omdat hy nie die term beskryf het nie, het hy eufemisme verkeerdlik as beeldspraak geklassifiseer.

8. Ironie

Omdat hy nie die term definieer nie, omskryf hy ironie verkeerdlik as beeldspraak. Hy haal egter 'n hele aantal voorbeelde van ironie aan.

9. Senekdogee

Malope beskryf nie die term nie, maar haal 'n aantal mooi voorbeelde aan.

"Lefatshe le rata batho."

Die aarde is lief vir mense.

Senekdogee is 'n subvorm van die metafoor. Dit is moeilik om die subvorme antonomasia, metonimia, senekdogee en personifikasie van die metafoor te onderskei. Boonop is hierdie onderskeid kunsmatig.

Hy het baie voorbeelde uit die vyf romans van Monyaise versamel. Hy het van Tswana as die wetenskapstaal gebruik gemaak. Weens die gebrek aan behoorlike definisies en omskrywings het hy taaluitinge wat nie beeldspraak is nie, as beeldspraak geklassifiseer. Voorts het hy geen vertalings van sy aanhalings gemaak nie.

C. S.A. Swanepoel

In hierdie studiegids gee hy kort omskrywings van die terme waaronder beeldspraak bekend staan. Hy ontleen sy definisies aan letterkundige woordeboeke. Hy noem die volgende terme as sinonieme vir die begrip beeldspraak: troep, plastiek, figuurlike taal en beeldspraak.

Hy deel beeldspraak in "figures of thoughts or tropes" en "figures of speech or rhetorical figures."

Omdat dit slegs 'n studiegids is, word die terme nie verder omskryf nie.

Hy gee aandag aan die volgende:

Aard en ontstaan van beeldspraak

Hy sê dat die beelde wat 'n skrywer gebruik binne 'n bepaalde tyd en ruimte ontstaan:

"Beeldspraak ontstaan dus deur 'n proses van assosiasie en dissosiasie." (p.2)

Twee voorwerpe wat van mekaar verskil, word op grond van een assosiasie saam gebind tot 'n beeld. Die skrywer of digter moet altyd nuwe raakpunte tussen sake ontdek.

Vorme van beeldspraak

Hy noem 'n hele aantal "subvorme" van beeldspraak

1. Die vergelyking

"Hier word twee sake met mekaar vergelyk."

Hy noem die volgende komparatiewe:

"komparatiewe betrekkingwoord 'jaaka'

identifiserende kopulatiewe betrekkingwoord 'ke'

die prefigale morfeem 'seka' voor naamwoorde."

Sy voorbeeld,

"Motho seka podi."

'n Mens is soos 'n bok/bokagtig

is nie 'n vergelyking nie, omdat die mediator ontbreek.

Net so is "Makgomara ke podi."

Makgomara is 'n bok. (p. 3)

nien vergelyking nie.

2. Die metafoor

"Die metafoor is sneller en meer gekonsentreerd as die vergelyking." (p. 4)

Hy gebruik die terme tenor en vehicle, maar omskryf nie die term behoorlik nie. Hy noem die enkelvoudige-, saamgestelde-, komplekse-, gemengde- en dooie metafore soos Richards.

3. Die simbool

"Die metafoor is meer bekomp as die vergelyking. Die simbool is mees geïntegreerde intense vorm van beeldspraak." (p. 5)

Hy sê voorts dat die wapen van die P.U. vir C.H.O. en die leuse van die universiteit IN U LIG die hele universiteit simboliseer. Hy vergelyk die vergelyking, metafoor en simbool met mekaar:

" Werklikheid	Beeld		
X	X	vergelyking	
-	X	metafoor	
-	X	simbool	" (p. 5)

Hy verdeel die simbool in kategorieë:

"Tradisionele-kulturele simbole en Uniek-strukturele simbole."

Die simbool is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

4. Antitese

Swanepoel definieer die term en lig dit met 'n voorbeeld toe. Hy klassifiseer antitese verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak.

5. Hiperbool

Hy definieer die term en lig dit met 'n voorbeeld toe. Hy klassifiseer dit verkeerdelik as 'n vorm van beeld=spraak.

6. Litotes

"Dit is 'n stylfiguur waarin 'n bewering gemaak word deur die negatief van die teenoorgestelde van die eintlike betekenis."

Hy lig dit toe met 'n voorbeeld. Hy beskryf dit verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak.

7. Personifikasie

"Dit is die verteenwoordiging van nie-menslike voorwerpe en abstrakte idees as persone" (p. 6)

Nie alle vorme van personifikasie is beeldspraak nie. Personifikasie is 'n moeilike onderskeibare onderdeel van die metafoor.

8. Allegorie

Die term word duidelik omskryf, maar hy klassifiseer dit verkeerdelik as beeldspraak. Verder verwar hy allegorie en gelykenis.

9. Antonomasia

Hy omskryf die term en gee die voorbeeld:

"Hy is 'n Judas." (p. 6)

Dit vorm 'n onderafdeling van die metafoor, terwyl hy dit as 'n selfstandige vorm van beeldspraak beskou.

10. Chiasme

Swanepoel omskryf dit as 'n stylfiguur. In werklikheid verbind dit twee versreëls met mekaar.

11. Senekdogee

"Dit is 'n vorm van beeldspraak waar 'n deel gebruik word vir 'n geheel of 'n geheel vir 'n deel." (p. 7)

Hy lig sy definisie met behulp van 'n Afrikaanse voorbeeld toe.

Antonomasia, metonimia, senekdogee en personifikasie vorm 'n moeilike ontrafelbare geheel.

12. Retoriek

"Dit is oordrewe of verslete beeldspraak wat as opsetlike versiering uitgestal word." (p. 7)

Die funksies van beeldspraak

"Beeldspraak skep 'n tweede inhoud.

Beeldspraak het 'n evokatiewe funksie (verkonkretiserende).

Beeldspraak gee 'n hegtheid aan die gedig.

Beeldspraak doen 'n beroep op die sintuie.

Beeldspraak skep 'n inhoudelikheid. " (p. 7)

Met hierdie studiegids het Swanepoel 'n poging aangewend om sy studente 'n beter begrip van beeldspraak te gee. Hy het die terme volgens die tradisionele benaderingswyse omskryf. Die gebrek van hierdie benaderingswyse spreek uit die feit dat baie taaluitinge verkeerdelik as beeld=spraak beskryf is. Hy het blykbaar besef dat beeldspraak op parallelisme berus, want hy sê dat beeldspraak op assosiasie en dissosiasie berus. Die grootste gebrek van hierdie studiegids is in die feit geleë dat die terme beeldspraak, vergelyking en metafoor ten opsigte van mekaar gedefinieer is.

3.4.0. • VENDA

A. M.E.R Mathiyha (1972).

Die doel van sy werk is om 'n algemene ondersoek na die literêre werke in Venda in te stel. In hierdie ondersoek raak hy beeldspraak ook aan.

1. Personifikasie

Hy gebruik nie die term nie, maar Mathiyha (1972, p.3) sê van die fabel:

"Animals are the actors in those stories and they assume human qualities."

Hy lig dit met 'n voorbeeld toe.

Hy sê (p. 305) dat Nenzhelele personifikasie in sy gedigte gebruik. Hy gee hier drie voorbeelde.

Personifikasie is 'n subvorm van die metafoor.

Die onderskeid tussen antonomasia, metonimia,

senekdogee en personifikasie is nie geregverdig nie.

2. Eufemisme

Hy omskryf nie die term nie, maar haal net 'n voorbeeld van Phophi aan. Dit is nie duidelik of hy eufemisme as beeldspraak beskou nie, maar hy gebruik dit tussen die ander vorme van beeldspraak. Eufemisme is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

3. Vergelykings

Hy gee op pp. 114+335 twee voorbeelde van vergelykings, maar omskryf nie die term nie.

4. Metafore

Hy gee enkele voorbeelde van metafore op pp. 114, 292 en 335, maar hy omskryf nie die term nie.

5. Ironie

Op pp. 178 en 330 haal hy 'n voorbeeld van ironie aan, maar hy vertaal dit nie. Ironie is nie beeldspraak nie.

6. Simboliek en simbole

Hy gebruik hierdie terme op pp. 322 en 336 en haal selfs enkele voorbeelde aan, maar dit is vaag omdat dit nie beskryf word nie. Die simbool word verkeerdelik as 'n vorm van beeldspraak beskou.

7. Beelde en beeldspraak

Op pp. 320, 348 en 349 gebruik hy die terme "image" en "imagery." Op p. 304 gebruik hy "figures of speech", maar hy sê nie wat hy daarmee bedoel nie.

8. Onomatopée en klanknabootsing

Op p. 305 gee hy die voorbeeld:

"Gi-gi-gi-gi ..."

Hierdie aanhaling is nie beeldspraak nie.

Op p. 198 verwys hy na idiofone en gee hy enkele voorbeelde:

"dzi"	reguit
"nonono, nonono"	doodstil

Onomatopee is 'n deel van die klankspel van die vers en is nie 'n vorm van beeldspraak nie.

Mathiyha het 'n oorsig oor die literatuur in Venda gegee. Hy het in hierdie opsig baanbrekerswerk gedoen, maar sy veld was te wyd om aandag aan beeldspraak te wy. Om hierdie werk na volle waarde te skat, moet daarop gelet word dat hy geen bron oor die letterkunde van Venda kon gebruik nie. Daar het blykbaar niks daarvoor bestaan nie. Omdat sy veld so wyd is, het hy geen aandag aan die omskrywing van terme gegee nie. Aangesien die proef=skrif in Engels geskryf is, sou dit tot die waarde daarvan bygedra het, as hy al die aanhalings in Engels sou vertaal.

Bronne in Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana en Zoeloe wat so vaag is, is nie eers bespreek nie.

3.5.0. 'N WAARDERING VAN BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE

Uit die bespreking in 3.1.0. tot 3.4.0. hierbo is dit duidelik dat beeldspraak as sodanig nog nie in die Swarttale bestudeer is nie. Baie persone het dit teëgekom in hulle studie. Sommige het dit net aangeraak, maar het nie die terme wat hulle gebruik het, duidelik omskryf nie.

Die begrip beeldspraak is nie goed omskryf nie. Dit het daartoe gelei dat baie taaluitinge wat nie beeldspraak is nie, vir beeldspraak aangesien is. Nie een van die geraadpleegde werke het dit gestel dat daar net twee vorme van beeldspraak is nie. Benewens die vergelyking en die metafoor, wat die enigste twee vorme van beeldspraak is, is die eiename parallelisme, "animal symbolisation", chiasme, sarkasme, eufemisme, humor, hiperbool, ironie, antitese, litotes en inversie verkeerdelik as beeldspraak beskryf.

Andere het antonomasia, metonimia, senekdogee en personifikasie, wat as subvorme van die metafoor beskou kan word, as selfstandige vorme van beeldspraak beskou. Hierdie

laaste vier vorme is baie moeilik onderskeibaar.

Ander persone het bloot die beeldspraak ontwyk en geen aandag daaraan gegee nie. Daar is feitlik niks gedoen om beeldspraak in die Swarttale te beskryf nie. Die persone wat wel probeer het om dit te omskryf, het die funksie van beeldspraak met die term verwar.

In hoofstuk 4 sal die beeldspraak in Tswana bespreek word volgens die strukturele benadering.

Daar sal toetse aangelê word om tussen die metafoor en vergelyking te onderskei. Daarna sal die metafoor en vergelyking bespreek word ten opsigte van die woordsoorte waarvan die woorde wat die beeldspraak vorm, behoort.

HOOFSTUK 4

4.0.0. BEELDSPRAAK IN DIE GESKREWE- EN ONGESKREWE LITERATUUR VAN TSWANA

Omskrywing van terme

Onder literatuur word alle fiksie en nie-fiksie verstaan. Dit sluit alle tydskrifte, koerante, gedrukte werke, mondelinge verhale en -poësie in.

Onder geskrewe literatuur word alle fiksie en nie-fiksie wat oorspronklik op skrif verskyn het, verstaan. Hieronder val alle drukwerk, verhale of poësie wat nie eers mondeling oorgedra is nie, in.

Onder ongeskrewe literatuur word alle vorme van literatuur wat oorspronklik mondeling oorgedra is, verstaan. Hierdie ongeskrewe literatuur kan later wel op skrif gestel word. In so 'n geval sterf die mondelinge literatuur, omdat die handgebare, stemtoon en sang nie oorgedra kan word nie.

Beeldspraak word volgens die strukturele benaderingswyse bespreek, omdat hierdie benaderingswyse die terme die beste gedefinieer het.

Volgens hierdie benaderingswyse word die vorm en betekenis van elke uiting eweveel beklemtoon.

Die werkswyse sal dan soos volg wees:

- A. 'n Kort opsomming van woord- en woordgroepsoorte in Tswana sal gegee word.
- B. Die aanlê van toetse vir die identifikasie van beeldspraak.
- C. Die beskrywing van die vergelyking in Tswana.
- D. Die beskrywing van die metafoor in Tswana.

4.1.0. WOORDSOORTE EN WOORDGROEPSOORTE IN TSWANA

h Kennis van woordsoorte en woordgroepsoorte is noodsaaklik vir h beskrywing van beeldspraak volgens die strukturele benaderingswyse.

Kruger (b, pp. 141-145 en 183-202) onderskei die volgende woord- en woordgroepsoorte in Tswana:

4.1.1. Die verskillende woordsoorte in Tswana

A. Naamwoordklas:

1. Nie-lokatiewe naamwoorde
2. Lokatiewe naamwoorde
3. Lokatiefklasnaamwoorde
4. Infinitiewe

B. Voornaamwoorde:

1. Absolute voornaamwoorde
2. Aanwysende voornaamwoorde
3. Kwantitatiewe voornaamwoorde
4. Possessiewe (besitlike)voornaamwoorde
5. Enumeratiwe voornaamwoorde

C. Werkwoordklas:

1. Werkwoord (oorganklik en onoorganklik)
2. Hulpwerkwoord
3. Kopulatiwe werkwoord

D. Betrekkingswoorde

1. Kwalifikatiwe betrekkingswoorde
2. Possessiewe betrekkingswoorde
3. Instrumentale betrekkingswoord
4. Lokatiewe betrekkingswoord
5. Assosiatiewe betrekkingswoord
6. Temporaal-voorwaardelike betrekkingswoord
7. Kopulatiwe betrekkingswoorde

E. Bywoorde

F. Kopulatiwe Lokatiewe Demonstratiwe

G. Ideofone

H. Tussenwerpsels

Daar sal geen toetse aangê word om die woordsoorte te bepaal nie, omdat dit buite die terrein van hierdie verhandelings val. Die uiteensetting van die woordsoorte sal net so gebruik word.

4.1.2. Die verskillende woordgroepsoorte in Tswana

A. Antesedentgroepe

1. Naamwoordgroepe
2. Voornaamwoordgroepe

B. Groepe met inleidende lede

1. Kwalifikatiewe groepe
2. Possessiewe groepe
3. Instrumentale groepe
4. Assosiatiewe groepe
5. Lokatiewe groepe
6. Kopulatiewe groepe
7. Hulpwerkwoordgroepe

C. Gesegde groepe

1. Werkwoordgroepe
2. Kopulatiewe groepe
3. Hulpwerkwoordgroepe

4.2.0. TOETSE VIR DIE IDENTIFIKASIE VAN BEELDSPRAAK

Hier word toetse opgestel om te bepaal watter uitinge beeldspraak is en watter nie. Hierdie toetse word met behulp van die volgende drie sinne geïllustreer:

1. "Ka-pagama ka maatla ka-etsa phologo ya lekau."
Ek klim met die krag wat is soos die van 'n jong wildsbok.
2. "Meriri e mesweunyana jaaka bosweu jwa maswi."
Wit hare soos die wit van melk.
3. "Mosadi o roka molomo."
Die vrou werk 'n mond toe.

4.2.1. Die eerste toets

Dit berus op die feit dat woorde selfstandig- en onselfstandig kan beteken. Woorde wat selfstandig-beteken kan optree as: tenor, vehicle, primêre term sekondêre term en mediator.

Van der Walt (1963, a, p. 165) "Woorde wat gebruik kan word in sinne of as sinne, beteken selfstandig, dit wil sê hulle is selfstandig tekens vir buitetalige sake."

Woorde wat onselfstandig-beteken kan nie as betekenisdraers van beeldspraak beskou word nie.

Selfstandig-beteken	Onselfstandig-beteken
1. Ka pagama, maatla, ka etsa, phologolo, lekau.	ka, ya
2. meriri, mesweunyana, bosweu, maswi.	e, jaaka, jwa.
3. Mosadi o roka molomo.	

4.2.2. Die tweede toets

Hier word bepaal of 'n woord monoseem of poliseem is. Kruger (a, p. 4) verdeel die woorde wat selfstandig-beteken in: poliseem en monoseem.

Polisemie.

Van der Walt (1963, a, p. 162) sê:

"Hieronder word verstaan dat 'n woord een betekenis het waarbinne verskillende betekenisonderskeidings onderskei kan word."

Monosemie

Kruger (a, p. 4) sê:

"Dit sluit woorde in wat eenduidig is, dit wil sê dit het geen betekenisvariante of onderskeidings nie."

Hierdie monosemie bevat geen moontlikheid tot beeldspraak nie.

Poliseem

Monoseem

1. Ka pagama, maatla,
phologolo, lekau.
2. meriri, mesweunyana,
3. Mosadi o roka molomo.

4.2.3. Die derde toets

Hierdie toets word aangelê om te bepaal of woorde konjunk of disjunk gebruik is.

Konjunkte gebruik

(Kruger (a, p. 6) sê: By konjunkte gebruik is die betekenisonderskeidings van woorde gelyktydig aanwesig."

Van der Walt (1963, a, p. 163) stem hiermee saam:

"Die toepassing van die betekenis van 'n woord op 'n saak waarop dit normaalweg van toepassing is, met die bedoeling om net een betekenisonderskeiding van daardie woord se betekenseenheid te beklemtoon, terwyl die ander toepasbare onderskeiding bewus weggelaat word."

Dit is duidelik dat hierdie konjunkte gewone, nie-metaforiese taalgebruik veronderstel.

Disjunkte gebruik

Kruger (a, p.6) sê: "Hier word slegs een betekenisonderskeiding geaktiveer."

Van der Walt (1963, (a) p. 163) stem hiermee saam:

"Die toepassing van die betekenis op 'n saak waarop dit nie normaalweg van toepassing is nie, met die bedoeling om net een betekenisonderskeiding van daardie woord se betekenseenheid te beklemtoon, terwyl die ander nie-toepasbare onderskeidings nie bewus weggelaat word nie, maar nog steeds hulle sê sê."

Die meeste linguïste beskou hierdie disjunkte toepassing as metaforiek. Beeldspraak kan dus gedefinieer word as die disjunktiewe toepassing van die betekenisveld van 'n woord. Hierdie disjunktiewe toepassing word moontlik gemaak deur

beweeglike simbolisasie.

Konjunktiewe	Disjunktiewe
1. Ka pagama, maatla, phologolo, lekau.	Geen beeldspraak
2. meriri, mesweunyana, bosweu	maswi
3. mosadi, molomo	o roka

Volgens die bogenoemde reëls moet maswi en roka die vehicle of sekondêre term beeldspraak wees.

4.2.4. Die vierde toets

Hier word die figuurlike parallelisme vasgestel om die tenor of primêre term te bepaal.

Primêre Term / Tenor	Sekondêre Term / Vehicle
1. Geen beeldspraak	1. Geen beeldspraak
2. meriri	2. maswi
3. mosadi	3. o roka

4.2.5. Die vyfde toets

In hierdie toets word die komparatiewe bepaal. As die komparatief afwesig is, is dit 'n metafoor. As dit teenwoordig is, is dit òf 'n metafoor òf 'n vergelyking.

4.2.6. Die sesde toets

As die komparatief nie 'n kopulatiewe betrekkingwoord is nie, is dit 'n vergelyking. As die komparatief 'n kopulatiewe betrekkingwoord is, is dit òf 'n metafoor, òf 'n vergelyking.

4.2.7. Die sewende toets

In die sewende toets word daar onderskei tussen 'n metafoor met 'n identifiserende kopulatiewe betrekkingwoord en 'n vergelyking met 'n identifiserende kopulatiewe betrekkingwoord

as komparatief. As die mediator afwesig is, is die beeldspraak 'n metafoor. Let op die volgende voorbeeld:

"Lentswe le le utlwang,
Ke lerumo le le tlhabang."
Die stem wat ons hoor,
is 'n spies wat steek.

Op die oog af lyk dit of dit 'n vergelyking is, maar as "le le tlhabang" van nader belyk word, word dit duidelik dat dit net op "lerumo" van toepassing is. Dit is dus 'n metafoor.

"Mona ke nku o lelêla teng."

'n Man is 'n skaap, hy huil na binne.

Die werkwoordgroep "o lelêla teng" is van toepassing op "monna" en "nku". "O lelêla teng" is dus die mediator en die sin is dus 'n vergelyking.

4.3.0. DIE VERGELYKING IN TSWANA

In die tweede hoofstuk is reeds gestel dat 'n vergelyking op eksplisiete figuurlike parallelisme berus. Die primêre term en sekondêre term word deur 'n komparatief geskei, terwyl 'n mediator help om die figuurlike parallelisme te beklemtoon. Op grond van hul semantiese waarde behoort die volgende woorde as komparatiewe op te tree:

jaaka:	soos
seka:	soos
ka:	met
le:	en ook

Omdat die komparatief die maklikste geïdentifiseer kan word, word die vergelyking op grond van die komparatiewe ingedeel.

Die bespreking sal dan so gedoen word:

- A. 'n Voorbeeld van 'n vergelyking met sy vertaling.
- B. Dit sal onder die volgende hoofde beskryf word:
 1. Primêre groep en/of primêre term
 2. Sekondêre groep en/of term
 3. Mediatorgroep en/of mediator
 4. 'n Skematiese voorstelling.

Nadat daar 'n klomp voorbeelde so bespreek is, word daar 'n opsomming van al die primêre terme met hulle omskrywings, sekondêre terme met hulle omskrywings en mediators met hulle omskrywings gemaak. Nadat die vergelyking bespreek is, sal daar bepaal word watter woordsoorte of woordgroep=soorte as primêre term, sekondêre term en mediator kan optree.

4.3.1. Die komparatiewe betrekkingwoord:
"jaaka" as komparatief.

"Jaaka"vorm nie altyd 'n vergelyking nie, omdat die figuurlike parallelisme soms ontbreek.

"Nna fa ke ne ke le mogolo jaaka wena."

As ek so groot soos jy was.

M.O.M. Seboni; KOKETSA-KITSO YA LEFATSHE (p. 14)

Die parallelisme in bogenoemde voorbeeld is geleë in die grootte van die persone. Die parallelisme is dus letterlik, met die gevolg dat dit nie 'n vergelyking is nie.

Net so is die volgende voorbeeld ook nie 'n vergelyking nie:

"A tla go opela jaaka eketeng mmaagwe."

Sy sal vir jou sing soos haar ma.

M.O.M. Seboni; (a, p. 15)

Die parallelisme is in die sang geleë en daarom is daar geen figuurlike parallelisme nie.

Hierdie volgende voorbeeld het wel 'n vergelyking:

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo."

Ek sal dreun soos 'n windkalbassie.

L.D. Raditladi; (b, p. 8)

Daar bestaan 'n figuurlike parallelisme tussen nna en segwana.

Dit is nodig om die primêre groep, die sekondêre groep en die mediatorgroep te beskryf. Vir die primêre term word 'n X gebruik, terwyl X_1 , X_2 ens. gebruik word om die res van die groep te beskryf. Net so word M , M_1 , M_2 ens. gebruik om die mediator te beskryf. Die simbole Z , Z_1 , Z_2 ens. word gebruik om die sekondêre term te beskryf.

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo,
 Kgotsa ke duma fela jaaka botlole,
 Ke kurutla jaaka diphuka tsa phefo."
 Ek sal dreun soos h windkalbassie,
 Of ek dreun net soos h bottel,
 Ek druis soos die vlerke van die wind.

Raditladi; (b, p. 8) MOTLOKAGAE.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo."
 Ek sal dreun soos h windkalbassie.

BESKRYWING

1. Primêre term

Weens die besondere aard van Tswana (en ander Swarttale) is die primêre term verskuil, maar dit duik op as 'n onderwerpsmorfeem in die werkwoord. Die primêre term is hier 'n verskuilde voornaamwoord nna wat deur die onderwerpsmorfeem ke verteenwoordig word.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep "segwana sa phefo." Die sekondêre term is die naamwoord "segwana" , terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep "sa phefo" as kwalitatiewe bepaling optree. Die sekondêre groep bestaan dus uit: sekondêre term + kwalitatiewe bepaling.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord. Ke tla duma.

4. Skematiese voorstelling

(Nna)	Ke tla duma	jaaka
X/Primêre Term	M/Mediator	Y/Komparatief
segwana	sa phefo	
Z/Sekondêre Term	Z ₁ /Kwalifikatief	

B. VOORBEELD MET VERTALING

"Ke duma fela jaaka botlole."

Ek dreun net soos 'n bottel.

Raditladi (b. p. 8) MOTLHOKAGAE

1. Primêre term

Die primêre term is 'n verskuilde absolute voornaamwoord
nna

2. Sekondêre term

Die sekondere term is die naamwoord botlole.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep

"Ke duma fela."

Die mediator is die werkwoord ke duma , terwyl die
bywoord fela as deskriptiewe bepaling optree.

4. Skematiese voorstelling

(Nna)	ke duma	fela
X/Primêre term	M/Mediator	M,/Deskriptief
jaaka	botlole	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Ke kurutla jaaka diphuka tsa phefo."

Ek druis soos die vlerke van die wind.

Raditladi (b. p. 8) MOTLHOKAGAE

1. Primêre term

Die primêre term is die verskuilde absolute voornaam=
woord nna.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep

"diphuka tsa phefo."

Die sekondêre term is die naamwoord "diphuka", terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep "tsa phefo" as kwalifikatief optree.

4. Mediator

Die mediator is die werkwoord ke kurutla.

5. Skematiese voorstelling

(Nna)	ke kurutla	jaaka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
diphuka	tsa phefo	
Z/Sekondêre term	Z,/ Kwalifikatiewe bepaling	

D. VOORBEELD MET VERTALING

"Ke tsamaile nosi jaaka lenong."

Ek het alleen geloop soos 'n aasvoël. (gevlieg)

Raditladi (b, p. 9) MOTLHOKAGAE.

1. Primêre term

Die primêre term is die verskuilde absolute voornaamwoord nna.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord lenong.

3. Mediator groep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep

"Ke tsamaile nosi."

Die mediator is die werkwoord "ke tsamaile", terwyl die bywoord "nosi" die deskriptiewe bepaling is.

4. Skematiese voorstelling

(Nna)	ke tsamaile	nosi
X/Primêre term	M/Mediator	M,/Deskriptiewe bepaling
lenong		
Z/Sekondêre term		

E. VOORBEELD MET VERTALING

"Sekgele sa rona se fofela marung,

Se phaphasela mo pefong jaaka lenong;"

Ons vlag vlieg na die wolke toe.

Dit fladder in die wind soos 'n aasvoël;

Raditladi (b, p. 8)

MASUPATSELA

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoord

"Sekgele sa rona."

In hierdie groep is die primêre term die naamwoord sekgele, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep sa rona as kwalifikatiewe bepaling optree.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord lenong.

3. Mediatorgroepe

Hierdie vergelyking het twee mediatorgroepe nl.:

se fofela marung

en

se phaphasela mo pefong.

Die mediatorgroep se fofela marung bestaan uit die werkwoord se fofela as mediator en die lokatiewe naamwoord marung as deskriptiewe bepaling.

Die mediatorgroep se phaphasela mo pefong bestaan uit die werkwoord se phaphasela as mediator en die lokatiewe naamwoordgroep mo pefong as deskriptiewe bepaling.

4. Skematiese voorstelling

Bogenoemde aanhaling bevat twee parallelismes nl.:

Sekgele	sa rona	se fofela
X/Primêre term	X/Kwalitatiewe bepaling	M/Mediator
marung	jaaka	lenong
M,/Deskriptief	Y/Komparatief	Z/Sekondêre term.

en

"Sekgele	sa rona	se phaphasela
X/Primêre term	X ₂ /Kwalitatiewe bepaling	M/Mediator
mo phefong		
M ₁ /Deskriptiewe bepaling		
jaaka	lenong	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

In die lig van bogenoemde skematiese voorstelling is dit duidelik dat lg. voorbeeld 'n saamgestelde vergelyking is, wat twee mediatorgroepe bevat.

Die vergelyking sien dan so daaruit:

Sekgele sa rona	se fofela marung
Primêre groep	Eerste mediatorgroep
Se phaphasela mo phefong	jaaka
Tweede mediatorgroep	komparatief
lenong	
Sekondêre term	

F. VOORBEELD MET VERTALING

"Meriri ya rona mesweu mo ditlhogong,

E mesweuyana jaaka bosweu jwa maswi."

Ons hare die wit op die koppe,

is witterig soos die wit van melk.

Raditladi (b, p. 6) BOTSOFE

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep

"meriri ya rona".

Die primêre term is die naamwoord meriri, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep ya rona as kwalifikatiewe bepaling optree.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep

"bosweu jwa maswi."

Die sekondêre term is die possessiewe betrekkingwoord= groep jwa maswi, terwyl die naamwoord bosweu die antesedent is.

3. Mediatorgroepe

Hierdie vergelyking het twee mediatorgroepe, nl.:

mesweu mo ditlhogong.

en

E mesweunyana

Die mediatorgroep mesweu mo ditlhogong.

Die naamwoord mesweu tree op as mediator, terwyl die lokatiewe naamwoordgroep mo ditlhogong die deskriptiewe bepaling is.

Die adjektiefrelatiewe groep E mesweunyana vorm die tweede mediator.

4. Skematiese voorstelling

Bogenoemde aanhaling bevat twee parallelismes nl.:

meriri	ya rona	mesweu
X/Primêre term	X,/Kwalifikatief	M/Mediator
mo ditlhogong	jaaka	
M,/Deskriptief	Y/Komparatief	
bosweu	jwa maswi	
Z,/Antesedent	Z/Sekondêre term	
en		

Meriri	ya rona	e mesweunyana
X/Primêre term	X,/Kwalifikatief	M/Mediator
jaaka	bosweu	jwa maswi
Y/Komparatief	Z,/Antesedent	Z/Sekondêre term

Die vergelyking kan dan skematies so voorgestel word:

Meriri ya rona	mesweu mo ditlhogong
Primêre groep	Eerste mediatorgroep
E mesweunyana	jaaka
Tweede mediator	komparatief
bosweu jwa maswi	
sekondêre groep	

G. VOORBEELD MET VERTALING

"Leitlho la me la benya jaaka naledi."

My oog het geblink soos 'n ster.

Raditladi (b. p. 10) LOSO.

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep

"leitlho la me"

Die primêre term is die naamwoord leitlho, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep la me as kwalifikatiewe bepaling fungeer.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord naledi.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord la benya.

4. Skematiese voorstelling

Leitlho	ya me	la benya
X/Primêre term	X,/Kwalifikatief	M/Mediator
jaaka	naledi	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

H. VOORBEELD MET VERTALING

"Puo ya 'gwe jaaka metse ga e elele,"

Sy woorde is soos water wat nie vloei nie.

Raditladi (b. p. 16) LENTSWE LA MOLEDI.

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep "puo ya gagwe."

Die primêre term is die naamwoord puo terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep ya gagwe as kwalifikatief optree.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord metse

3. Mediator

Die mediator is die negatiewe werkwoord ga e elele.

4. Skematiese voorstelling

Puo	ya gagwe	jaaka
X/Primêre term	X ₁ /Kwalifikatief	Y/Komparatief
metse	ga elele	
Z/Sekondêre term	M/Mediator	

I. VOORBEELD MET VERTALING

"...dintša tse di senneng meno jaaka lekau le gannwe ke kgarebe."

Die honde wat tande wys soos 'n jong man wat deur 'n meisie afgesê is.

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord dintša.

2. Sekondêre groep.

Die sekondêre groep is die passiewe sin "lekau le gannwe ke kgarebe". Die sekondêre term is die naamwoord lekau wat as lydende onderwerp van die passiewe sin optree. Die passiewe werkwoord le gannwe tree as passiewe gesegde op. Die naamwoordgroep ke kgarebe tree as handelende voorwerp van die lydende onderwerp lekau op.

3. Mediator

Die mediator is die definiërende kopulatiewe betrekkiingswoordgroep, tse di senneng meno.

4. Skematiese voorstelling

Dintša	tse di senneng meno	jaaka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
lekau	le gannwe	ke kgarebe
Z/Sekondêre term	Z ₁ /Gesegde	Z ₂ /Voorwerp

J. VOORBEELD MET VERTALING

"A e wetse mo godimo ga bone jaaka dipula tsa medupe...?"

Moroke, (c, p. 8)

Letterlike vertaling

Val dit van bo af soos aanhoudende reën?

Vrye vertaling

Het dit op hulle geval soos reën?

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term khumo is hier verswyg, maar dit is in die makrokonteks bekend. Die versweë naamwoord khumo word egter in die werkwoord verteenwoordig deur die onderwerpsmorfeem e.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep "dipula tsa medupe". Die naamwoord dipula is die sekondêre term, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep tsa medupe as kwalifikatiewe bepaling optree.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep "e wetse mo godimo ga bone." Die werkwoord e wetse tree op as mediator, terwyl die lokatiewe klasnaamwoordgroep mo godimo ga bone as deskriptiewe bepaling optree.

4. Skematiese voorstelling

(Khumo)	(a) e wetse	mo godimo ga bone
X/Primêre term	M/Mediator	M,/Deskriptief
jaaka	dipula	tsa medupe
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	Z,/Kwalifikatief

K. VOORBEELD MET VERTALING

"Batlhanka ba gago ba eme jaaka dipilara..."

Jou bediendes staan soos pilare.

Moroke (c, p. 11)

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep "batlhanka ba gago".

Die primêre term is die naamwoord batlhanka, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep ba gago as kwalifikatief optree.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoord dipilara.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord ba ema.

4. Skematiese voorstelling

Batlhanka	ba gago	ba ema
X/Primêre term	X ₁ /Kwalifikatief	M/Mediator
jaaka	dipilara	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

L. VOORBEELD MET VERTALING

"O mafura, jaaka kolobe."

Hy is so vet soos 'n vark.

Kopane (1967, p. 60)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is 'n versweë ene wat in die onderwerpsmorfeem van die werkwoord gesien kan word.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord kolobe.

3. Mediator

Die mediator is die definiërende kopulatiewe betrekkingwoordgroep o mafura.

4. SKEMATIESE VOORSTELLING

(Ene)	o mafura	jaaka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
kolobe		
Z/Sekondêre term		

M. VOORBEELD MET VERTALING

"O matlho matona jaaka marubisi."

Hy het groot oë soos uile.

Kopane (1967, p. 60)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is 'n versweë ene wat in die onderwerpsmorfeem verskuil is.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord marubisi.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die definiërende kopulatiewe betrekingswoordgroep "o matlho a matona."

Die mediator is die definiërende kopulatiewe betrekingswoordgroep o matlho, terwyl die adjektief=relatiewe groep a matona as kwalifikatief optree.

4. Skematiese voorstelling

(Ene)	o matlho	a matona
X/Primêre term	M/Mediator	M,/Kwalifikatief
jaaka	marubisi	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

N. VOORBEELD MET VERTALING

"O itsetse fela jaaka peba."

Hy het aan homself geboorte geskenk soos 'n muis.

Brown (1969, p. 202)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is 'n versweë ene wat in die onderwerps=
morfeem verskuil is.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord peba.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep "o itsetse fela"

Die mediator is die werkwoord o itsetse , terwyl die bywoord
fela as deskriptief optree.

4. Skematiese voorstelling

(Ene)	o itsetse	fela
X/Primêre term	M/Mediator	M ₁ /Deskriptief
jaaka	peba	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

O. VOORBEELD MET VERTALING

"Rremogolo a betsa kwa ntle jaaka tlhobolo."

Oupa klap buite soos 'n geweer. (met 'n sweep)

Monyaise, (1960, p. 16)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord rremogola

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord tlhobolo.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep "a betsa kwa ntle."

Die mediator is die werkwoord a betsa terwyl die lokatiewe

klasnaamwoordgroep kwa ntle as deskriptief optree.

4. Skematiese voorstelling

Remogolo	a betsa	kwa ntle
X/Primêre term	M/Mediator	M,/Deskriptief
jaaka	tlhobolo	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

SAMEVATTING

Die volgende woord- en woordgroepsoorte kan optree as primêre term, sekondêre term en mediator vir die komparatief jaaka.

A. PRIMÊRE TERM:

1. Versweë naamwoord wat deur 'n onderwerpsmorfeem verteenwoordig word
2. 'n Naamwoord
3. 'n Voornaamwoord
4. 'n Naamwoordgroep
5. 'n Voornaamwoordgroep

B. SEKONDÊRE TERM

1. 'n Naamwoord
2. 'n Voornaamwoord
3. 'n Voornaamwoordgroep
4. 'n Naamwoordgroep

C. MEDIATOR

1. 'n Werkwoord
2. 'n Werkwoordgroep
3. 'n Adjektiefrelatiewe groep
4. 'n Werkwoordrelatiewe groep
5. Definiërende kopulatiewe betrekkingwoordgroep
6. 'n Definiërende, kopulatiewe relatiewe groep

4.3.2. Die komparatiewe betrekkingwoord: "seka" as komparatief.

Op grond van sy semantiese waarde kan seka ook 'n vergelyking stig. Hierdie voorbeelde is baie skaars, daarom word twee Noord-Sotho voorbeelde hier aangehaal:

"Ga o monna, o seka monna."

Letterlike vertaling

Jy is nie h man nie, jy lyk maar net soos h man. (managtig)

Vrye vertaling

Jy is h lafaard.

Ziervogel en Mokgokong (1975, p. 475)

Hierdie is egter nie h vergelyking nie, omdat daar geen figuurlike parallelisme tussen wena en monna bestaan nie.

"Tshwene ke phologolo seka motho."

h Bobbejaan is h mensagtige dier.

Ziervogel en Mokgokong (1975, p. 475)

Hierdie voorbeeld is ook nie h vergelyking nie, omdat hier ook geen figuurlike parallelisme bestaan nie.

"Sekamodidi wa Matshelaphala."

Soos h arme van Matshelaphala.

Seboni (b, p. 33)

Hoewel die moontlikheid bestaan dat seka vergelykings kan stig, is daar geen vergelyking gevind om hierdie vermoede te bevestig nie.

4.3.3. Die assosiatiewe betrekkingwoord: "le" as komparatief

Die assosiatiewe betrekkingwoord le vorm nie altyd h vergelyking nie. Dit vorm slegs h vergelyking as daar h figuurlike parallelisme tussen die primêre term en sekondêre term bestaan.

"Monna le mosadi ba ya kerekeng."

Die man en die vrou gaan kerk toe.

In bogenoemde sin is daar nie sprake van h figuurlike parallelisme nie, daarom is dit nie h vergelyking nie.

"Ba tswana le dikolobe."

Hulle is soos varke.

In bogenoemde voorbeeld bestaan daar h figuurlike parallelisme tussen bona en dikolobe. Hierdie parallelisme veroorsaak dat die uiting h vergelyking is.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"Ba tswana le bojang."

Hulle is soos gras

Hosanna 31

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is batho wat verskuil is in die onderwerpsmorfeem.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord bojang

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord ba tswana

4. Skematiese voorstelling

(Batho)	ba tswana	le
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
bojang		
Z/Sekondêre Term		

B. VOORBEELD MET VERTALING

"A ke tswana le Jesu?"

Is ek soos Jesus?

Hosanna 22

1. Primêre term

Die primêre term is die verskuilde voornaamwoord nna.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord Jesu

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord ke tswana

4. Skematiese voorstelling

(Nna)	(a) ke tswana	le
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
Jesu		
X/Sekondêre term		

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Nama ya motho e tswana le letsela

Le le aparweng thata la ba la thunya."

Die vleis van 'n mens is soos 'n lap

Wat baie gedra word, dit verbleik.

Modisi (1979, p. 1)

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep "nama ya motho".

Die primêre term is die naamwoord nama, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep ya nama as kwalifikatief optree.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die bysin "letsela le le aparweng thata le ba le thunya".

Die sekondêre term is die naamwoord letsela, wat deur die werkwoordrelatiewe groep le le aparweng omskryf word.

Die werkwoordwortel -apara word deur die bywoord thata omskryf.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord e tswana.

4. Skematiese voorstelling

Nama	ya motho	e tswana
X/Primêre term	X,/Kwalifikatief	M/Mediator
le	letsela	
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term	

le le aparweng	thata
Z ₁ / Kwalifikatief	Z ₂ / Deskriptief
la ba la thunya	
Z ₃ / Gesegde	

SAMEVATTING

Die volgende woord- en woordgroepsoorte kan optree as primêre term, sekondêre term, en mediator vir die komparatief le.

A. PRIMERE TERM

1. Versweë naamwoord wat deur 'n onderwerpsmorfeem verteenwoordig word

2. 'n Naamwoord

B. SEKONDERE TERM

1. 'n Naamwoord

2. 'n Naamwoordgroep

C. MEDIATOR

1. 'n Werkwoord

2. 'n Werkwoordrelatiewe groep

Tydens die studie is slegs drie vergelykings gevind wat die assosiatiewe betrekkingswoorde le as komparatief het.

4.3.4. Die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoord: "ke" as komparatief

Dit is nodig om daarop te wys dat die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoord nie altyd beeldspraak stig nie. Die volgende voorbeeld bevat geen beeldspraak nie.

"Monna ke kgosi."

Die man is 'n koning.

Bogenoemde voorbeeld bevat geen beeldspraak nie, omdat daar geen figuurlike parallelisme is nie.

Die volgende voorbeeld bevat wel beeldspraak.

"Monna ke phiri."

Die man is 'n wolf.

Laasgenoemde bevat beeldspraak, omdat daar 'n figuurlike parallelisme bestaan. Die voorbeeld is egter 'n metafoor, omdat die mediator ontbreek.

Die volgende voorbeeld bevat 'n figuurlike parallelisme en 'n mediator.

"Mosadi ke podi o lelela ka ntle."

Die vrou is 'n bok, sy huil na buite.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"... a betotse melomo ekete ke sebete sa pitse e e bolailweng ke bolwetse jwa lobete."

Hy blaas monde op soos die lewer van 'n perd wat aan miltsiekte dood is.

Moroke (c, p. 12)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord melomo.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep "sebete sa pitse e e bolailweng ke bolwetse jwa lobete."

Die sekondêre term is die naamwoord sebete, terwyl die possessiewe betrekkingwoordgroep sa pitse optree as kwalifikatief. Die werkwoordrelatiewe groep e e bolailweng tree as 'n tweede kwalifikatief op. Ke bolwetse tree op as handelende voorwerp. Die possessiewe betrekkingwoordgroep jwa lobete tree op as kwalifikatief.

3. Mediator

Die mediator is die hulpwerkwoord ekete.

4. Skematiese voorstelling

Melomo	ekete	ke
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
sebeta	sa pitse	
Z/Sekondêre term	Z ₁ /Kwalifikatief	
e e bolailweng	ka bolwetse	jwa lobete
Z ₂ /Kwalifikatief	Z ₃ /Voorwerp	Z ₄ /Kwalifikatief

B. VOORBEELD MET VERTALING

"Monna ke nku o lelela teng."

h Man is soos h skaap, hy huil na binne.

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord monna

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord nku

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep "o lelela teng."

Die mediator is die werkwoord o lelela , terwyl die lokatiewe voornaamwoord teng die deskriptief is.

4. Skematiese voorstelling

Monna	ke	nku
X/Primêre term	Y/Komparatief	X/Sekondêre term
o lelela	teng	
M/Mediator	M ₁ /Deskriptief	

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Dilo ke meriti ya mepako di a sokologa."

Besittings is soos die skaduwees van pale, hulle keer terug.

Ongeskrewe literatuur

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord dilo.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die naamwoordgroep "meriti ya mepako."

Die sekondêre term is die naamwoord meriti , terwyl die
possessiewe betrekkingwoordgroep ya mepako as kwalifika=
tief optree.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord di a sokologa.

4. Skematiese voorstelling

Dilo	ke	meriti
X/Primêre term	Y/Komparatief	Z/Sekondêre term
ya mepako	di a sokologa	
Z,/Kwalifikatief	M/Mediator	

D. VOORBEELD MET VERTALING

"Pelo ke potsane e a golegwa."

Die hart is 'n bokkie, hy moet vasgemaak word.

Ongeskrewe literatuur

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord pelo

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord potsane

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord e a golegwa

4. Skematiese voorstelling

Pelo	ke	potsane
X/Primêre term	Y/Komparatief	Z/Sekondêre term
e a golegwa		
M/Mediator		

E. VOORBEELD MET VERTALING

"Matlho ke diala ga a tsaye sa motho."

Oë is versierings, dit vat nie die goed van ander mense nie.

Ongeskrewe literatuur

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord matlho.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord diala.

3. Mediatorgroep

Die mediatorgroep is die werkwoordgroep ga a tsaya sa motho.

Die mediator is die werkwoord ga a tsaye , terwyl die possessiewe betrekkiingswoordgroep sa motho die voorwerp is.

4. Skematiese voorstelling

Ma tlho	ke	diala
X/Primêre term	Y/Komparatief	Z/Sekondêre term
ga a tsaye	sa motho	
M/Mediator	M ₁ /Voorwerp	

SAMEVATTING

Die volgende woord- en woordgroepsoorte kan optree as primêre term, sekondêre term en mediator vir die komparatief ke.

A. PRIMÊRE TERM

Naamwoord

B. SEKONDÊRE TERM

Naamwoord

Naamwoordgroep

C. MEDIATOR

Werkwoord

Werkwoordgroep

Vergelykings met ke as komparatief kom veral in spreekwoorde voor.

4.3.5. Die instrumentale betrekkingwoord: "ka" as komparatief

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat die instrumentale betrekkingwoord ka net 'n vergelyking stig as daar 'n figuurlike parallelisme tussen die primêre term en sekondêre term bestaan. Die volgende voorbeeld is nie 'n vergelyking nie, omdat die figuurlike parallelisme ontbreek.

"Kgosi e rema ka selepe."

Die koning kap met 'n byl.

Die volgende voorbeeld is 'n vergelyking, omdat dit 'n figuurlike parallelisme besit.

"Lore lo ne lo le kana ka tlhomoso."

Die steel was so groot soos 'n koppelbalk.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"E ne e suma ka modumo wa motshitshi wa dinotshe."

Dit het gesuis soos die gedruis van 'n swerm bye.

Raditladi (a, p. 1)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is verskuil maar uit die makrokonteks is dit duidelik dat dit otele is.

2. Sekondêre groep

Die sekondêre groep is die komplement van die instrumentale betrekkingwoord ka : "modumo wa motshitshi wa dinotshe."

Die sekondêre term is die possessiewe betrekkingwoord= groep wa motshishi. Modumo is die komplement van die instrumentale betrekkingwoord ka , terwyl die possessiewe betrekking= woordgroep wa motshitshi optree as kwalifikatief.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoord e ne e suma.

4. Skematiese voorstelling

(Otele)	e ne e suma	ka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
modumo	wa motshitshi	wa dinotshe
X ₁ /Komplement	Z ₂ /Kwalitatief	Z/Sekondêre term

B. VOORBEELD MET VERTALING

"Re ne re le babedi ka menwana."

Qns was sons twee vingers.

Magoleng en Motlhake (1972, p. 1)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die versweë absolute voornaamwoord rona

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord menwana.

3. Mediator

Die mediator is die definiërende kopulatiewe betrekking= woordgroep re ne re le babedi.

4. Skematiese voorstelling

"(Rona)	re ne re le babedi	ka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
menwana		
Z/Sekondêre term		

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Lore lwa lerumo la gagwe lo ne lo le kana ka tlhomo."

Die steel van sy spies was so groot soos 'n koppelbalk.

1 Sam. 17:7

BESKRYWING

1. Primêre groep

Die primêre groep is die naamwoordgroep "lore lwa lerumo la gagwe."

Die primêre term is die naamwoord lore.

Die possessiewe betrekkingwoordgroep lwa lerumo tree op as kwalifikatief. Die tweede kwalifikatiewe groep is die possessiewe betrekkingwoordgroep la gagwe.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord tlhomo.

3. Mediator

Die mediator is die definiërende kopulatiewe betrekking= woordgroep lo ne lo le kana.

4. Skematiese voorstelling

Lore	lwa lerumo	la gagwe
X/Primêre term	X ₁ /Kwalifikatief	X ₂ /Kwalifikatief
lo ne lo le kana	ka	tlhomo
M/Mediator	Y/Komparatief	Z/Sekondêre term

D. VOORBEELD MET VERTALING

"Bontsi jo bo kanang ka dinaledi."

Letterlike vertaling

Die hoeveelheid daarvan is soveel soos die sterre.

Vrye vertaling

Soveel soos die sterre.

Brown, (1971, p. 115)

BESKRYWING

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoord bontsi.

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is die naamwoord dinaledi.

3. Mediator

Die mediator is die werkwoordrelatiewe groep jo bo kanang.

4. Skematiese voorstelling

Bontsi	jo bo kanang	ka
X/Primêre term	M/Mediator	Y/Komparatief
dinaledi		
Z/Sekondêre term		

E. VOORBEELD MET VERTALING

"...tlhapa e e kana ka tlou."

'n Vloekwoord wat so groot soos 'n olifant is.

Moroke (c, p. 26)

1. Primêre term

Die primêre term is die naamwoordgroep "tlhapa."

2. Sekondêre term

Die sekondêre term is tlou.

3. Mediator

Die mediator is die adjektiefrelatiewe woordgroep e kana.

4. Skematiese voorstelling

Tlhapa	e e kana
X/Primêre term	M/Mediator
ka	tlou
Y/Komparatief	Z/Sekondêre term

SAMEVATTING

Die volgende woord- en woordgroepsoorte kan optree as 'n primêre term, sekondêre term en mediator vir die komparatief ka.

A. PRIMERE TERM

1. Versweë naamwoord wat deur 'n onderwerpsmorfeem verteenwoordig word.
2. Naamwoord
3. Naamwoordgroep

B. SEKONDERE TERM

1. Naamwoord
2. Naamwoordgroep
3. Possessiewe betrekkingswoordgroep

C. MEDIATOR

1. Werkwoord
2. Adjektiefrelatiewe groep
3. Werkwoordrelatiewe groep
4. Definiërende kopulatiewe betrekkingswoordgroep

Vergelykings met ka as komparatief is baie skaars.

4.3.6. Woord- en woordgroepsoorte wat 'n bydrae lewer tot die vorming van vergelykings

Teoreties behoort enige van die volgende woorde- en woordgroepsoorte 'n bydrae te lewer tot die vorming van die vergelyking.

A. PRIMERE TERM

1. Versweë naamwoord wat deur 'n onderwerpsmorfeem verteenwoordig word
2. 'n Voornaamwoord
3. 'n Naamwoord
4. Enige voornaamwoordgroep
5. Enige naamwoordgroep

B. SEKONDERE TERM

1. 'n Voornaamwoord
2. 'n Naamwoord

- 3. Enige voornaamwoordgroep
- 4. Enige naamwoordgroep
- 5. 'n Bysin
- C. MEDIATOR
 - 1. Werkwoord
 - a. Hoofwerkwoord
 - b. Hoofwerkwoordgroep
 - c. Hulpwerkwoordgroep
 - d. Definiërende kopulatiewe betrekkingswoordgroepe
 - 2. Relatiewe groepe
 - a. Naamwoordrelatiewe groepe
 - b. Werkwoordrelatiewe groepe
- D. KOMPARATIEF
 - 1. Jaaka
 - 2. Ka
 - 3. Le
 - 4. Ke

4.4.0. DIE METAFOR IN TSWANA

Die metafoor het geen mediator nie, met die gevolg dat die parallelisme meer implisiet is. Die enigste komparatief wat gebruik kan word, is kopulatiewe betrekkingswoorde en dan vorm dié kopulatiewe betrekkingswoord 'n deel van die vehicle. Die metafore word op grond van hulle eienskappe in twee groepe verdeel, naamlik dié met die kopulatiewe betrekkingswoordgroep as tenor, en dié wat geen komparatief bevat nie.

4.4.1. Metafore met kopulatiewe betrekkingswoord=groepe as vehicle

Voordat die voorbeelde aangehaal word, is dit nodig om daarop te let dat nie alle kopulatiewe betrekkingswoorde beeldspraak vorm nie. Slegs dié wat 'n figuurlike parallelisme bevat, is beeldspraak. Die volgende voorbeeld is nie beeldspraak nie.

"Monna ke kgosi."

Die man is 'n koning.

Tussen monna en kgosi bestaan geen figuurlike parallelisme nie. Die volgende voorbeeld bevat wel beeldspraak.

"Morafe ke bojang."

Die volk is gras

In bogenoemde voorbeeld bestaan daar 'n figuurlike parallelisme morafe en bojang . Omdat daar geen mediator is nie, is dit 'n metafoor.

Net so bestaan daar ook geen figuurlike parallelisme tussen die dele in die volgende sin nie.

"Ngwana o bogale."

Die kind is kwaad.

In die volgende sin bestaan daar wel 'n figuurlike parallelisme.

"Ngwana o setoto."

Letterlike vertaling

Die kind is 'n karkas/lyk.

Vrye vertaling

Die kind is nakend.

Die figuurlike parallelisme bestaan tussen ngwana en setoto. Hierdie beeldspraak is 'n metafoor omdat daar geen mediator is nie.

Die beskrywing sal so gedoen word:

A. Voorbeeld van 'n metafoor met sy vertaling.

Beskrywing

1. Tenor
2. Vehiclegroep en/of vehicle.
3. Skematiese voorstelling.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"Morafe ke bojang."

Die volk is gras.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord morafe.

2. Vehicle

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep ke bojang.

3. Skematiese voorstelling

Morafe	ke bojang
A/Tenor	B/Vehicle

B. VOORBEELD MET VERTALING

"Lefoko e ne e le Modimo."

Die Woord was God.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord lefoko.

2. Vehicle

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep e ne e le Modimo.

(Let daarop dat die kopulatiewe betrekkingswoord
in die verlede tyd is.)

3. Skematiese voorstelling

Lefoko	e ne e le Modimo
A/Tenor	B/Vehicle

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Lentswe laago Morena

Ke sejo se monate."

Die stem van God is lekker kos.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord lentswe.

(Dit is nie nodig om die tenor verder te omskryf nie, omdat die omskrywing nie 'n deel van die metafoor vorm nie.)

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep "ke sejo se monate."

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep ke sejo , terwyl die kopulatiewe relatiewe groep se monate optree as kwalifikatief.

3. Skematiese voorstelling

Lentswe	ke sejo	se monate
A/Tenor	B/Vehicle	C/Kwalifikatief

D. VOORBEELD MET VERTALING

"Morena ke modisa wa me."

Die Here is my Herder.

Ps. 23:1

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord morena.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep "ke modisa wa me."

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep ke modisa, terwyl die possessiewe betrekkingswoordgroep wa me optree as kwalifikatief.

3. Skematiese voorstelling

Morena	ke modisa	wa me
A/Tenor	B/Vehicle	C/Kwalifikatier

E. VOORBEELD MET VERTALING

"Nna ke seboko ga ke motho."

Ek is 'n wurm en nie 'n mens nie.

PS. 22:7.

Hier is twee metafore.

"Nna ke seboko."

"Nna ga ke motho."

Die eerste metafoor kan so omskryf word:

1. Tenor

Die tenor is die absolute voornaamwoord nna.

2. Vehicle

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep ke seboko.

3. Skematiese voorstelling

Nna	ke seboko
A/Tenor	B/Vehicle

F. VOORBEELD

"Nna ga ke motho."

Dit is 'n metaforiese fout.

1. Tenor

Die tenor is die absolute voornaamwoord nna.

2. Vehicle

Die vehicle is die identifiserende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep ga ke motho.

3. Skematiese voorstelling

Nna	ga ke motho
A/Tenor	B/Vehicle

G. VOORBEELD MET VERTALING

"Mosadi o loleme."

Letterlike vertaling

Die vrou is h tong.

Vrye vertaling

Sy vertel leuens.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord mosadi.

2. Vehicle

Die vehicle is die definiërende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep o loleme.

3. Skematiese voorstelling

Mosadi	o loleme
A/Tenor	B/Vehicle

H. VOORBEELD MET VERTALING

"O matlho mantsi."

Letterlike vertaling

Hy het baie oë.

Vrye vertaling

Hy kyk rond.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is verskuil, maar uit die definiërende
kopulatiewe betrekkingswoord kan afgelei word dat
dit klas 1 enkelvoud moet wees.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die definiërende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep "o matlho a mantsi."

Die vehicle is die definiërende kopulatiewe
betrekkingswoordgroep o matlho, terwyl die
adjektiefrelatiewe groep a mantsi as kwalifikatief
optree.

3. Skematiese voorstelling

Klas 1 enkelvoud	o matlho	a mantsi
(verswyg)	B/Vehicle	C/Kwalifikatief

SAMEVATTING

Die volgende woordsoorte en woordgroepsoorte het opgetree
as tenor en vehicle van die metafoor.

A. TENOR

1. Versweë naamwoord wat deur 'n definiërende kopulatiewe
betrekkingswoord verteenwoordig word.
2. 'n Naamwoord
3. 'n Voornaamwoord

B. VEHICLE

1. Identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep
2. Definiërende kopulatiewe betrekkingswoordgroep

4.4.2. Metafore sonder 'n komparatief

By hierdie groep metafore is die komparatief afwesig.

A. VOORBEELD MET VERTALING

"Boomo ga bo age motse."

Moedswilligheid bou nie 'n stad nie.

Ongeskrewe literatuur

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord boomo.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep "ga bo age motse."

Die werkwoord ga bo age vorm die vehicle, terwyl die
naamwoord motse as voorwerp optree.

3. Skematiese voorstelling

Boomo	ga bo age	motse
A/Tenor	B/Vehicle	C/Voorwerp

B. VOORBEELD MET VERTALING

"Dikgong di ja barwaledi."

Die hout eet die draers

Ongeskrewe literatuur

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord dikgong.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep "di ja barwaledi."

Die werkwoord di ja is die vehicle, terwyl die
naamwoord barwaledi die voorwerp is.

3. Skematiese voorstelling

Dikgong	di ja	barwaledi
A/Tenor	B/Vehicle	C/Voorwerp

C. VOORBEELD MET VERTALING

"Ditau ga di adimane mênô."

Letterlike vertaling

Leeus leen nie vir mekaar tande nie.

Vrye vertaling

Mense van dieselfde beroep help nie mekaar nie.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord ditau.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep "ga di adimane mênô."

Die vehicle is die werkwoord ga di adimane,

terwyl die naamwoord mênô die voorwerp vorm.

3. Skematiese voorstelling

Ditau	ga di adimane	meno
A/Tenor	B/Vehicle	C/Voorwerp

D. VOORBEELD MET VERTALING

"Setlhako se ne se tlola molelo."

Die skoën het vuur uitgehaal.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord setlhako.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep "se ne se tlola molelo."

Die vehicle is die werkwoord se ne se tlola,

terwyl die naamwoord molelo as voorwerp optree.

3. Skematiese voorstelling

Setlhako	se ne se tlola	molelo
A/Tenor	B/Vehicle	C/Voorwerp

E. VOORBEELD MET VERTALING

"Re fala letlalo la lefatshe."

Ons krap die vel van die aarde.

Moroke (c, p. 8)

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die werkwoord re fala.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die naamwoordgroep "letlalo la lefatshe."

Die vehicle is die naamwoord letlalo, terwyl die
possessiewe betrekkingwoordgroep la lefatshe
optree as kwalifikatief.

3. Skematiese voorstelling

Re fala	letlalo	la lefatshe
A/Tenor	B/Vehicle	C/Kwalifikatief

F. VOORBEELD MET VERTALING

"A bua dipuo tse di sokameng."

Letterlike vertaling

Hy praat woorde wat skeef staan.

Vrye vertaling

Hy vertel leuens

Moroke (c, p. 12)

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord dipuo.

2. Vehicle

Die vehicle is die werkwoordrelatiewe groep tse di sokameng."

3. Skematiese voorstelling

Dipuo	tse di sokameng
A/Tenor	B/Vehicle

G. VOORBEELD MET VERTALING

"A o nosetse ka maaka."

Moroke (c, p. 16)

Die werkwoordwortel -nosetse beteken natgooi en laat drink.

Letterlike vertaling

Dan het sy dit (sy siel) met leuens natgegooi.

Dan het sy dit (sy siel) aan leuens laat drink.

Vrye vertaling

Sy het vir hom leuens vertel.

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is verswyg, maar uit die makrokonteks is dit duidelik dat dit Lobisa is.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep a o nosetse ka maaka.

Uit die makrokonteks is dit duidelik dat die voorwerps= morfeem o na mowa verwys.

Die vehiclegroep bestaan uit a nosetse mowa ka maaka.

Die vehicle is die werkwoord a nosetse, terwyl die naamwoord mowa as voorwerp optree.

Die instrumentale betrekkiingswoordgroep ka maaka tree op as deskriptiewe bepaling van die vehicle.

3. Skematiese voorstelling

(Lobisa)	a nosetse	mowa
verswyg	B/Vehicle	C/Voorwerp
ka maaka		
D/Deskriptief		

H. VOORBEELD MET VERTALING

"Dinaledi di busitse matlho."

Letterlike vetaling

Die sterre het die oë regeer.

Vrye vertaling

Dit het donker geword.

Raditladi (b, p. 7)

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die naamwoord dinaledi.

2. Vehiclegroep

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep di butsitse matlho."

Die vehicle is die werkwoord di busitse, terwyl die naamwoord matlho optree as voorwerp.

3. Skematiese voorstelling

Dinaledi	di busitse	matlho
A/Tenor	B/Vehicle	C/Voorwerp

I. VOORBEELD MET VERTALING

"Ka gasagasa matlho a me."

Letterlike vertaling

Toe het ek my oë gesaai.

Vrye vertaling

Toe het ek rondgekyk.

Raditladi (b, p. 7)

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is die versweë absolute voornaamwoord nna.

Dit is egter bekend uit die onderwerpsmorfem ka.

2. Vehicle

Die vehiclegroep is die werkwoordgroep "ka gasagasa matlho a me."

Die vehicle is die werkwoord ka gasagasa terwyl die naamwoord matlho optree as voorwerp. Die posses= siewe betrekkingwoordgroep a me tree op as kwalifikatief van die voorwerp.

3. Skematiese voorstelling

(nna)	ka gasagasa	Matlho
verswyg	B/Vehicle	C/Voorwerp
a me		
D/Kwalifikatief		

J. VOORBEELD MET VERTALING

"Lengana lethibedi."

Haakdoring voorkeerder.

Schapera (1965, p. 46) MOLEFE

BESKRYWING

1. Tenor

Die tenor is verskuil, maar uit die makrokonteks is dit duidelik dat dit Molefe is.

2. Vehicle

In bogenoemde aanhaling is daar twee vehicles naamlik lengana en lethibedi . Dit is 'n algemene verskynsel in die tradisionele Tswana-poësie dat meer as een vehicle na mekaar genoem word. Die doel van hierdie opeenhoping van vehicles is om die eer van 'n hooggeplaasde persoon te besing. Hierdie neiging het tot 'n groot mate verdwyn en kom nie algemeen in die geskrewe poësie voor nie .

3. Skematiese voorstelling

(Molefe)	Lengana	lethibedi
(verswyg)	B/Vehicle	B/Vehicle

K. VOORBEELD MET VERTALING

"Megogolope ya Mabule ya lwa

O montsho o kobile o mohubidu."

Die hane van Mabule het baklei

Die swarte het die rooie verdryf.

Schapera (1965, p. 46) MOLOFE

BESKRYWING

1. Tenor

In hierdie aanhaling is drie metafore.

Die tenors is verskuil. Uit die makrokonteks is dit duidelik dat montsho Molefe is, terwyl die ander haan sy broer is.

2. Vehicle

Die vehicles is in hierdie geval megogolope, o montsho en o mohubidu.

3. Skematiese voorstelling

(Molefe en sy broer)	megogolope
(verskuil)	B/Vehicle
o montsho	o kobile
B/Vehicle	
(Molefe se broer)	o mohubidu
(verskuil)	B/Vehicle

SAMEVATTING

Die volgende woordsoorte en woordgroepsoorte het opgetree as tenor en vehicle.

A. TENOR

1. Versweë naamwoord wat deur 'n onderwerpsmorfeem verteenwoordig word
2. Naamwoord
3. Werkwoord
4. Voornaamwoord

B. VEHICLE

1. Naamwoord
2. Naamwoordgroep
3. Werkwoord
4. Werkwoordgroep
5. Relatiewe groep

4.4.3. Woord- en woordgroepsoorte wat 'n bydrae kan lewer by die vorming van metafore

Teoreties kan die volgende woord- en woordgroepsoorte in 'n metafoor optree:

A. TENOR

1. Tenor verswyg of versteek
2. Naamwoord
3. Voornaamwoord
4. Werkwoord

Geen woordgroep kan as tenor optree nie.

B. VEHICLE

1. Naamwoord
2. Naamwoordgroep
3. Voornaamwoord
4. Voornaamwoordgroep
5. Werkwoord
6. Werkwoordgroep
7. Relatiewe groep
 - a. Adjektiefrelatiewe groep
 - b. Werkwoordrelatiewe groep
8. Kopulatiewe betrekkingswoordgroep
 - a. Identifiserende kopulatiewe betrekkingswoordgroep
 - b. Definiërende kopulatiewe betrekkingswoordgroep.

HOOFSTUK 5

5.0.0. DIE ONTSTAAN EN FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK

Daar is geen sin in om beeldspraak te beskryf sonder om aan die ontstaan en funksies daarvan te raak nie.

Hierdie is egter so 'n wye veld dat dit 'n selfstandige ondersoek regverdig.

Daar moet op gelet word dat die beelde wat gebruik word, binne die kulturele agtergrond van die skrywer/spreker en leser/hoorder val. Die beeldspraak wat gebruik word, moet interpreteerbaar wees, anders het dit geen waarde nie.

5.1.0. STIMULI VIR DIE ONTSTAAN VAN BEELDSPRAAK IN TSWANA

Darian (1973, pp. 48-57) wys daarop dat eksterne stimuli die vorming van beeldspraak beïnvloed. Hy noem: visuele, klank, gevoel, gevoelstoestand, meer as een sinuig, smaak, reuk, ruimte en tyd as moontlike stimuli by die vorming van die vergelyking.

In hierdie studie sal die stimuli onder die volgende hoofde bespreek word:

- (i) Sinuiglike beelde as stimuli vir die ontstaan van vergelykings.
- (ii) Gevoel en geestestoestand as stimuli vir die ontstaan van vergelykings.
- (iii) Tyd en ruimte as stimuli vir die ontstaan van vergelykings.

Hier sal slegs enkele voorbeelde aangehaal word om die invloed van die stimuli op die vorming van beeldspraak te illustreer.

5.1.1. Sinuiglike beelde as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak

In Tswana kom heelwat vergelykings voor wat gevorm is op grond van sinuiglike waarnemings.

A. GEHOOR

"Ke tla duma jaaka segwana phefo
Kgotsa ke duma fela jaaka botlole
Ke kurutla jaaka diphuka tsa phefo."

Raditladi (b, p. 8)

Ek sal dreun soos 'n windkalbassie.
Of ek dreun soos 'n bottel
Ek druis soos die vlerke van die wind.

B. GESIG

"Meriri ya rona mesweu mo ditlhogong
E mesweunyana jaaka bosweu jwa maswi.

Raditladi (b, p. 8)

Ons hare die wit op ons koppe
is witterig soos die wit van melk.

5.1.2. Gevoel en geestestoestand as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak

"Monna ke nku, o lelela teng."

Ongeskrewe literatuur

'n Man is soos 'n skaap, hy huil na binne.

"Pelo ke potsane e a golegwa."

Ongeskrewe literatuur

Die hart is 'n bokkie, hy moet vasgemaak word.

5.1.3. Tyd en ruimte as stimuli vir die ontstaan van beeldspraak

Die Tswana leef in 'n baie komplekse gemeenskap. Die tradisionele en die Westerse leefwyse bestaan naas mekaar. Dit is nodig om die invloed van die tydruimtelike aspek (milieu) in verskeie fasette op te deel om sodoende die invloed te bepaal.

A. DIE INVLOED VAN DIE TRADISIONELE LEWE OP DIE BEELDSPRAAK

Die invloed van die tradisionele lewe is veral duidelik

sigbaar in die tradisionele volkspoësie (pryslied),
die spreekwoord en gesegde. Hierdie invloed is vandag
nog sterk waarneembaar.

1. Invloed op die pryslied en ander vorme van tradisionele literatuur.

Hier word die metafoor, veral as metaforiese titel, gebruik om 'n persoon in 'n hoë posisie te prys bv.

"Tshukudu ya Matimakgabo."

Renoster van Matimakgabo.

Lekgetho (1979, p. 14)

"Modisa wa motse."

Wagter van die stat.

In die volgende gesegde word hierdie invloed nog duidelik gesien:

"Go besa tshega."

Om 'n stertriem te braai/n mislukking te maak.

"Le gotlo le lefa ka setopo."

'n Muis betaal met sy lyk.

2. Invloed op die geskrewe (moderne) literatuur

S.A. Moroke beskryf hoe Moepamere sy begrafnis wil hê. Hy sê hoe die bees geslag moet word "Go robatsa badimo." Moroke (a, p. 34)

Om die geeste te laat rus.

As 'n vreemdeling vir Moepamere kos gee, sê hy:

"Isie e fofa ka makoto."

'n Sprinkaan vlieg met sy voete.

Dit is effektiewe gebruik van 'n ou spreekwoord in 'n moderne verhaal.

B. DIE INVLOED VAN DIE NATUUR OP DIE BEELDSPRAAK

Om die grootheid van die kaptein (kgosi) te beskryf, word hy metaforiese titels toegevoeg. Hierdie metaforiese titels is gewoonlik die name van groot wilde diere soos:

tlou olifant
 nkwe luiperd
 tau leeu
 nare buffel.

Die klein dingetjies ontglip ook nie die Tswana se oog nie:

"Legotlo ga le lebane le dithotse."

h Muis kyk nie net vir pampoenpitte nie (hy eet alles).

Ongeskrewe literatuur

Net so word naywer deur hierdie metafoor weergegee.

"Ditau ga di adimane meno."

Leeus leen nie vir mekaar tande nie.

Ongeskrewe literatuur

"Ke tsamaile nosi jaaka lenong."

Ek het alleen geloop soos h aasvoël. (gevlieg)

Raditladi (b, p. 9)

C. DIE INVLOED VAN DIE LIEFDES- EN GESINSLEWE OP BEELDSPRAAK

Die huislike rusies word saamgevat in die spreekwoord:

"Baratani ke balwi."

Geliefdes is ve gters.

Rusies tussen verskillende lede van h familie word opgelos as elkeen sy eie huis bewoon.

"Dithhare ga di epiwe mo moleteng wo mongwe."

Bome word nie in een gat geplant nie.

Om die onbreekbare band van die huwelik te onderstreep word gesê:

"Bogadi ga bo tlhalelwa."

h Mens skei nie oor die bruidskat nie.

D. DIE CHRISTELIKE INVLOED OP BEELDSPRAAK IN DIE SEKULÊRE LITERATUUR

S.A. Mroke is lief om beelde van die Bybel in sy werke te gebruik:

"Molao wa Bamite le Baperesi."

h Wet van Meders en Perse.

Moroke (c, p. 12)

"O ne a itirele Nebukatenesara, kgosi ya Babelone."

Hy het van homself Nebukadnesar, die Babeloniese koning gemaak.

Moroke (c, p. 13)

In BOŠA BO GANETSANA LE BOTSOFE verwys S.A. Moroke na die
verlore seun: (p. 31) "Mosimane wa timelo."

E. DIE INVLOED VAN DIE MILIEU VAN DIE TSWANA OP DIE BYBEL EN HOSANNA

Die Tswana het nie h wewersbalk geken nie, daarom vertaal
hy die wewersbalk in 1 Sam. 11:7 met tlhomoso wat h
koppelbalk is.

Die hert is h vreemde wildsoort in Afrika, daarom vertaal
hy die hert in Ps. 42 met "Tholo" koedoe in die Bybel en met
"Kgama" hartebees in Hosanna.

Hieruit is dit duidelik dat hierdie vreemde wildsbok vir
die vertalers groot probleme besorg het.

F. DIE INVLOED VAN VERSTEDELING OP DIE BEELDSPRAAK IN TSWANA

Omdat die verstedeliking van die Tswana reeds begin het,
sal die beeldspraak nou ook al trekke van die stad hê.

Die invloed van simbole soos vlac is duidelik in:

"Sekgele sa rona se fofela marung."

Ons vlag vlieg na die wolke toe.

Raditladi (b, p. 8)

5.3.0. DIE FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK

Vestdyk (1956, p. 171) sê dat beeldspraak vier funksies het
naamlik h verduidelikende funksie, h verrykingsfunksie,
h funksie van konsentrasie en h verfraaiingsfunksie.

Die tradisionele benadering bespreek wel die beeldspraak op
grond van die funksie, maar dit is so gesegmenteerd dat dit
nie as basis vir die bespreking van die funksies gebruik kan
word nie. Die tradisionele benadering kan wel gebruik word om

die funksie van beeldspraak op te spoor.

5.3.1. Die verduidelikende funksie

Die metafisiese misterie en die gevoelsmisterie kan slegs met behulp van beeldspraak tasbaar word. Baie beeldspraak het ook om die metaforiese en gevoelslewe van die mens ontstaan.

A. BEELDSPRAAK OM DIE METAFISIESE MISTERIE

Beeldspraak in hierdie kategorie sluit God en sy onsigbare skepping soos tyd en ruimte in. Die Bybelskrywer vergelyk God met 'n veewagter, om só die almag van God te beklemtoon.

"Morena ke modisa wa me."

Die Here is my Herder.

Ps. 23:1

Deur hierdie beeld probeer hy om sekere van God se Eienskappe oor te dra. Die menslike verstand kan nie die voortgang van tyd verstaan nie, daarom word dit konkreet voorgestel deur dit met 'n rivier te vergelyk

"Metlha e ya jaaka noka."

Die tyd loop (vloei) soos 'n rivier.

Hosanna 23

Hierdeur word onder andere gesuggereer dat die tyd vir niemand wag nie en dat die tyd nooit kan terugkeer nie. Hierdie idee word ook in die idioom weergegee:

"Metse a maabane ga a tladise pitsa."

Die water van gister maak nie die pot vol nie.

Om die ouderdom se mag te beklemtoon word gesê:

"...boša bo itatlhela mo dinaong tsa botsofe."

Die jeug werp homself neer aan die voete van die ouderdom.

S.A. Moroke; BOSA BO GANETSANA LE BOTSOFE.

Modise (1979, p. 1) verwys in MAGA QANA ook na die verganklikheid van die mens:

"Nama ya motho e tshwana le letsela

Le le aparwang thata la ba la thunya."

'n Mens se vleis is soos 'n lap

wat baie gedra is, dit verbleik.

B. BEELDSPRAAK OM DIE GEVOELSMISTERIE

Die mens beskik net nie oor die woordeskat en die vermoë om emosies te beskryf nie, daarom maak hy van beeldspraak gebruik. Pyn is geen emosie nie, maar dit is 'n onaangename prikkel van die mens.

S.A. Moroke (c, p. 13) beskryf die pyn en woede so:

"Setlhako sa mong wa rona se ne se tlola molelo."

Ons baas se skoën het vuur uitgehaal (geskop).

Lerole verwys na die hoogmoed van Jakopo as hy antwoord:

"O ne a ja tlhaga. A o ne a itirile Nebukatenesare."

Hy het gras geëet. Hy het van homself 'n Nebukadnesar gemaak.

Die spreekwoord

"Ditau ga di adimane meno."

Leeus leen nie vir mekaar tande nie.

Ongeskrewe literatuur

Dit dui op die haat en naywer wat daar tussen mense van dieselfde beroep bestaan.

"Dikgomo di latswana maboya."

Beeste lek mekaar die hare

Ongeskrewe literatuur

Bogenoemde voorbeeld wys op die vertroosting wat mense mekaar bied.

Om die voortdurende hartseer te beskryf:

"Pu o ya 'gwe jaaka metse ga a elele."

Jou woorde is soos water wat nie vloei nie.

Raditladi (b, p. 16) LENTSWE LA MOLEDI

Om te wys dat die man nie met sy gevoel op sy mou rondloop nie, lui die spreekwoord:

"Monna ke nku o lelela teng."

Die man is soos 'n skaap, hy huil na binne.

5.3.2. Die verrykkingsfunksie

Beeldspraak maak dit moontlik vir die kunstenaar om dit wat hy sien en hoor in te sluit. Vergelyk hierdie verse van Raditladi M. Q. LHOKAGAE:

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo.

Kgotsa ke duma fela jaaka botlole."

of ek sal dreun soos 'n bottel.

Sonder om van klanknabootsing (wat gewoonlik niksseggende klanke is) gebruik te maak, het hy oor die gedruis van die wind geskryf.

Om glans in die oë te beskryf sê Raditladi in LOSO:

"Leitlho la mela benya jaaka naledi."

My oog het geblink soos 'n ster.

Om die sigbare beeld te versterk sê Moroke in LOBISA RADIPITSE

"Dintša tse di senneng meno jaaka lekau le gannwe ke kgarebe."

Die honde het tande wat uitsteek soos 'n jongman wat deur 'n meisie afgesê is."

In laasgenoemde aanhaling word die veglus van die honde gesuggereer.

Om die leser daarop te wys dat rykdom slegs deur harde werk verkry word, skryf S.A. Moroke in LOBOSA RADIPITSE:

"A e wetse godimo ga bone jaaka dipula?"

Het dit op hulle geval soos reën? (rykdom)

In hierdie vergelyking word dit gestel dat rykdom nie uit die lug val nie, die mens moet daarvoor werk.

Om die nederige afkoms van iemand te beklemtoon, lui die gesegde:

"O itsetse fela jaaka peba."

Hy het aan homself geboorte geskenk soos 'n muis.

5.3.3. Konsentreringsfunksie

Om lang beskrywings te vervang, word beeldspraak gebruik om die gedagte kort en kragtig oor te dra.

Om swaarmoedigheid te beklemtoon word die volgende beeld gebruik:

"Motho o rwele tshipi boemong jwa pelo."

Die mens dra 'n yster in die plek van die hart.

Om die gedagte oor te dra dat volke opbloeï en dan agteruitgaan en uiteindelik verdwyn sê Jesaja:

"Morafe ke bojang."

Die volk is gras.

Hierdeur word baie woorde uitgeskakel.

Konsentrasie is in wese 'n funksie van alle beeldspraak.

5.3.4. Die verfraailingsfunksie van beeldspraak

Verfraaiing is 'n wesenlike funksie van beeldspraak, maar as dit ontaard in die hooffunksie van beeldspraak verlaag dit nie net die waarde van die beeld nie, maar ook dié van die hele literêre werk.

Raditladi MOTLHOKAGAE het hierdie fout gemaak:

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo

Kgotsa ke duma fela jaaka botlole

Ke kurutla jaaka diphuka."

Ek sal dreun soos 'n windkalbassie

of ek dreun soos 'n bottel

Ek druis soos die vlerke van die wind.

5.3.5. SAMEVATTING

In die beeldspraak wat doeltreffend gebruik is, is die verduidelikingsfunksie, verrykkingsfunksie, konsentreringsfunksie en verfraailingsfunksie teenwoordig. Een of meer van bogenoemde funksies staan uit bo die ander. Indien die verfraailingsfunksie só ver uitstaan dat die ander wil verdwyn, verloor so 'n beeld sy trefkrag.

HOOFSTUK 6

6.0.0. GEVOLGTREKKING

Die verskillende aspekte wat in die loop van hierdie studie aangeraak is, sal in dié hoofstuk saamgevat word om die gevolgtrekkings te steun.

6.1.0. DIE BEGRIP: BEELDSPRAAK

Daar bestaan 'n hele aantal terme vir die begrip beeldspraak, maar geen een gee 'n duidelike omskrywing daarvan nie. Daar is op die term beeldspraak besluit, omdat dit die mees aanvaarbare Afrikaanse term is. 'n Baie belangrike gevolgtrekking wat gemaak word, is dat beeldspraak op figuurlike parallelisme berus. Hiermee word bedoel dat een van die elemente van die parallelisme letterlik en die ander figuurlik gebruik word. Die figuurlike parallelisme kan òf eksplisiet òf implisiet wees.

6.2.0. BENADERINGSWYSES

Nadat dit term beeldspraak omskryf is, is die drie benaderingswyses naamlik die tradisionele, die strukturele- en die T G benadering ondersoek.

6.2.1. Die tradisionele benaderingswyse

Die tradisionele benadering tot beeldspraak lewer talryke probleme op. Die redes wat hier aangevoer kan word, is dat beeldspraak beskryf word op grond van veronderstellings dat sekere verskynsels beeldspraak is.

Omdat die begrip beeldspraak nie behoorlik gedefinieer is nie, bestaan daar 'n onhanteerbare aantal subvorme van beeldspraak. Nadat al die sogenaamde beeldspraak ondersoek is, is bevind dat daar slegs twee vorme van beeldspraak is, naamlik die vergelyking en die metafoor.

Omdat daar in die tradisionele benadering soveel irrelevante terme is, het dit nie in aanmerking gekom vir die beskrywing van beeldspraak in Tswana nie.

6.2.2. Die strukturele benadering

Volgens hierdie benaderingswyse word beeldspraak op grond van die woordsoorte wat in die beeld voorkom bespreek. Die vergelyking en die metafoor as subvorme van beeldspraak is goed omskryf. Die vergelyking word omskryf as 'n eksplisiete figuurlike parallelisme. Elkeen van die vier elemente waaruit die vergelyking bestaan, is ook duidelik omskryf.

A. DIE VERGELYKING IS SO OMSKRYF:


1. Die primêre term is die letterlike been van die vergelyking.
2. Die sekondêre term is die figuurlike been van die vergelyking.
3. Die komparatief stig die vergelyking deur die primêre- en sekondêre terme met mekaar te verbind.
4. Die mediator skep die figuurlike parallelisme tussen die primêre - en sekondêre terme.

Die werking van die vergelyking kan dan so verduidelik word:

Die eerste element (primêre term X) word deur 'n eksplisiete parallelisme met die tweede element (sekondêre term Z) vergelyk.

"Leitlho la benya jaaka naledi."

'n Oog het geblink soos 'n ster.




Die derde element (mediator M) bring die eksplisiete figuurlike parallelisme tot stand. Die sin kan nou in twee dele verdeel word naamlik:

leitlho la benya.

Naledi ya benya.

Die werkwoord la benya is dus in hierdie geval die mediator.

Die sin kan dus so voorgestel word:



Die vierde element is die komparatief (Y) wat die primêre term en sekondêre term met mekaar verbind.

Indien een van hierdie elemente ontbreek is die uiting nie 'n vergelyking nie.

B. DIE METAFOOR IS SO OMSKRYF:

1. Die tenor is die letterlike been van die metafoor.
2. Die vehicle is die figuurlike been van die metafoor.
3. As daar 'n komparatief voorkom, is dit òf die identifiserende òf die definiërende kopulatief.
4. Die mediator is altyd afwesig.

Die werking van die metafoor

Die metafoor bestaan uit twee elemente wat implisiet met mekaar vergelyk word. Dit beteken dat daar geen mediator teenwoordig is nie.

"Dikgong di ja barwaledi."

Die hout eet die draers.

Die twee elemente wat met mekaar vergelyk word is dikgong en di ja.

Dit kan so voorgestel word:



Die tenor kan ook verswyg wees, maar dit moet dan bekend wees. Daar kan ook 'n komparatief teenwoordig wees, maar hier is die komparatief altyd 'n deel van die vehiclegroep.

"Monna ke phiri."

Die man is 'n wolf.

"Mosadi o loleme."

Die vrou is 'n tong.

Die tenor kan ook afwesig wees:

"O setoto."

Hy is 'n karkas.

Kortom, 'n metafoor bevat altyd 'n taalelement wat disjunk gebruik is.

Omdat die metafoor en vergelyking so goed gedefinieër is, is dit moontlik om toetse aan te lê om beeldspraak in die algemeen en die vergelyking in die besonder te identifiseer. Omdat die strukturele benadering ewe veel klem op die vorm en inhoud lê, is dit moontlik om die funksie van elke onderafdeling van die metafoor en die vergelyking weer te gee.

'n Belangrike gevolgtrekking wat uit bogenoemde gegewens gemaak kan word, is dat die strukturele benadering al die moontlikhede bevat om beeldspraak (as taalsimbool) volgens sy vorm, betekenis en funksie te beskryf. Hieruit vloei voort dat die strukturele benadering baie geskik is om beeldspraak wetenskaplik te bespreek.

Beeldspraak bevat altyd een taalelement wat disjunk gebruik is.

6.2.3. Die TG benadering

Hierdie benaderingswyse het veral twee groot gebreke, naamlik

- (i) Die vergelyking is nie goed omskryf nie.
- (ii) Beeldspraak word omskryf op grond van die oorskryding van sintaktiese seleksiereëls.

In die lig van bogenoemde gebreke is dit duidelik dat daar in die TG benaderingswyse geen onderskeid tussen die vergelyking en die metafoor getref kan word nie.

'n Belangrike gevolgtrekking wat hier gemaak is, is dat die TG benaderingswyse net die metafoor kan bestudeer. Hieruit vloei voort dat die beeldspraak volgens hierdie benadering op 'n gesegmenteerde wyse bestudeer word.

6.3.0. BEELDSPRAAK IN DIE SWARTTALE

As aanloop tot die studie van beeldspraak in Tswana is die werk van ander persone oor beeldspraak in die Swarttale van die Suidoostelike sone ondersoek en die volgende leemtes is gevind.

- A. Beeldspraak is op 'n lukraak-manier bestudeer. Daar is geen behoorlike omskrywing van die begrip beeldspraak gegee nie.

- B. Verskynsels wat nie beeldspraak is nie, is as beeldspraak geklassifiseer bv. Breed (1954) beskou sarkasme as beeldspraak. Malope (1977) beskou onder andere humor as beeldspraak.
- C. Die metafoor en vergelyking is nie behoorlik omskryf nie en dit het aanleiding gegee dat vorme wat nie 'n vergelyking of 'n metafoor is nie, as sulks geklassifiseer is. Malope (1977) het byvoorbeeld nie agter gekom dat ke, le en ka ook as komparatiewe van 'n vergelyking kan optree nie.
- D. Baie persone wat beeldspraak teëgekrom het in hulle studie= veld het dit heeltemal ontwyk. Persone wat in proefskrifte en verhandelings probeer het om beeldspraak - vir sover dit hulle studieterrein gekruis het - te beskryf was Breed (1954), Combrinck (1963) en Malope (1977). Die studie van beeldspraak in die Swarttale is nog relatief agter en verdien nog heelwat navorsing.

6.4.0. BEELDSPRAAK IN TSWANA

In die vierde hoofstuk is beeldspraak volgens die strukturele benadering beskryf. Toetse vir die identifikasie van beeld= spraak is aangelê. Daarna is 'n aantal voorbeelde van beeld= spraak in Tswana getoets en beskryf. Daar is paradigmas op= gestel om te bepaal watter woordsoorte as primêre terme, sekondêre terme, mediators, komparatiewe, tenors en vehicles kan optree.

Teoreties behoort die paradigma so te lyk:

A. PRIMÊRE TERME/GROEPE

1. Naamwoorde
2. Naamwoordgroepe
3. Voornaamwoorde
4. Voornaamwoordgroepe

'n Gevolgtrekking is gemaak dat die primêre term 'n naamwoord of 'n voornaamwoord moet wees.

B. SEKONDÊRE TERME/GROEPE

1. Naamwoord
2. Voornaamwoord
3. Voornaamwoordgroep
4. Naamwoordgroep

Die sekondêre term moet 'n naamwoord of 'n voornaamwoord wees.

C. MEDIATOR/MEDIATORGROEP

1. Werkwoord
2. Werkwoordgroep
3. Adjektiefrelatiewe groep
4. Werkwoordrelatiewe groep
5. Definiërende kopulatiewe betrekkingwoordgroep
6. Definiërende, kopulatiewe relatiewe groep

Die mediator is in die meeste gevalle 'n werkwoord of 'n werkwoordgroep.

D. KOMPARATIEF

1. Jaaka
2. Ka
3. Le
4. Ke

E. TENOR

1. Naamwoord
2. Werkwoord
3. Voornaamwoord

Geen woordgroep kan as tenor optree nie.

F. VEHICLE /VEHICLEGROEP

1. Naamwoord
2. Werkwoord
3. Naamwoordgroep
4. Werkwoordgroep
5. Relatiewe groep

Die vehicle kan enige woord of woordgroep wees.

6.5.0. DIE ONTSTAAN EN FUNKSIES VAN BEELDSPRAAK

Daar is verskeie stimuli vir die ontstaan van beeldspraak.

Dit moet gesoek word binne die samelewingsverbande waar die groep was en tans verkeer.

Die redes waarom beeldspraak gebruik word is talryk.

7.0.0. IMAGERY IN THE WRITTEN AND UNWRITTEN LITERATURE OF TSWANA

In the first chapter the following terms describe the concept of imagery: trope, plastic, figurative language, figures of speech, imagery, metaphor, rhetoric, kurion and poetic simile. The term imagery has been used throughout.

The term imagery can be described as a figurative parallelism. One of the elements is used literally, while the other one is used figuratively.

In the second chapter the three ways of approach, viz. the traditional, the structural and the transformative generative were studied.

In the study of the traditional approach all the terms that describe imagery were collected and described.

The following terms were found and studied:

simile, parable, fable, metaphor, allegory, personification, metonymy, synecdoche, climax, anticlimax, oxymoron, paradox, parallelism, hyperbole, sarcasm, irony, litotes, euphemism, rhetoric question, inversion, onomatopoeia, antonomasia, symbolism and emblems.

The conclusion was made that there are only two forms of imagery, viz. the simile and the metaphor.

In the study of the structural approach it was found that there are only two forms of imagery viz. simile and metaphor. The simile is described according to its subdivisions which are called the primary term, secondary term, mediator and comparative. The metaphor is described according to the tenor and vehicle.

The transformative generative approach describes the metaphor only. It is described according to syntactical deviations.

In the third chapter the works of various persons on imagery in the Black Language were studied. The conclusion was made that almost nothing has been done to date.

In the fourth chapter tests to identify imagery have been set and used to identify similes and metaphors in Tswana.

A paradigm was drafted to show the different subdivisions of the simile and metaphor.

In the fifth chapter the stimuli for the forming of imagery and functions were studied.

In the sixth chapter conclusions were made according to the previous chapters.

8.0.0. BIBLIOGRAFIE

BRONNELYS VAN GERAADPLEEGDE EN/OF GELESE WERKE

- Bang, D.N.
1951 "In Praise of Zulu Literature", Native Teacher's Journal
Volume 30, pp. 523-525.
- Barone, J.M.
1974 "Semantic Sets and Dylan Thomas' 'Light Breaks'",
Poetics 10, 97-131.
- Beebe, M.
1964 "Literary Symbolism" (Pardue University)
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika
1979 "Beibele"
- Berggen, D. "The use and abuse of Metaphor", The review of Metaphysics.
16, p. 237-258.
- Black, Max
1966 "Models and Metaphors", (Cornell).
- Bofatlhogi
1960 "Dikwalo tsa Padiso", (Bechuanaland Book Centre.
- Bolinger, D. "The Antomization of Meaning", Language 41, pp. 555-573.
- Breed, J.
1954 "n Oorsig oor die moderne Noord-Sotholetterkunde"
soos oorgeneem in Bantoe Woordkuns. (U.P.)
- Brown, J.T.
1969 "Among the Bantu Nomads", (Negro University Press, New York.
1971 "Setswana Dictionary", (Botswana Book Centre)
- Brown, S.J.
1966 "The World of imagery. Metaphor and Kindred Imagery."
(New York/Russell & Russel.
- Callaway, C.
1970 "Nursery tale, Traditions and histories of the Zoeloes."
(Negro University Press).
- Cantrell, J.V.
1978 "Zasema Mpondweni. Folk tales from Mpondoland," (Unisa).
- Combrink, A.P.
1963 "Die digter P. Mamogoba," Verhandelings (P.U. vir C.H.O.).
- Cope, T. (Redakteur)
1968 "Izibongo, Zulu Praise-Poems."

- Darian, S.G.
 1973 "Similes and the Creative Progress," *Language and Style* 6, pp. 48-57.
- De Groot, A.W.
 1964 "Inleiding tot de Algemene Taalwetenschap, tevens inleiding tot de Grammatica van het Hedendaagse Nederlands," (J.B. Wolters Groningen).
- Departement van Bantoe-onderwys.
 1976 "Tswana Terminologie en spelreëls," (Staatsdrukker Pretoria).
- Dhlomo, H.I.E.
 1947 "Zulu Folk Poetry," *Native Teacher's Journal*, Volume 27, 1947 - 48 October 1947 pp. 5-7 & 1948 January pp. 46-48.
- Doke, C.M.
 1955 "Zulu Syntax and Idiom," (Longmans, Green and Co. Londen, Cape Town, New York.)
- Doke, C.M. en Cole, D.T.
 1961 "Contributions to the history of Bantu Linguistics." (Witwatersrand University Press).
- Fowler H.W. & Fowler F.G. Redakteurs
 1958 "The concise Oxford Dictionary of Current English," Fourth Edition. (Oxford At the Clarendon Press).
- Franz, G.H.
 1930 "The Literature of Lesotho," (University of the Witwatersrand). (Reprint from *Bantu studies* September 1930)
- Gérard, A.S.
 1971 "Four African Literatures. Xhosa, Sotho Zulu Amharic," (University of California Press).
- Gildenhuys, J.G.
 1973 "n Kritiese ontleding van die aard en ontwikkeling van die novelle in Suid-Sotho," (Proefskrif UOVS.).
- Gräbe, I.
 1979 "Teorieë oor die hoofaspekte van Poëtiese Taalgebruik. Verkenning en Toepassing," (Proefskrif P.U. vir C.H.O.).
- Groenewald, P.S.
 1967 "Die studie van die Letterkunde in die Bantoetale; Rede uitgespreek by die aanvaarding van die professoraat in die Departement Bantoetale gelewer op 26 September," (Publikasie van die Universiteit van Pretoria. Nuwe reeks nr. 42).

- Grové, A.P.
 1963 "Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans," (Nasou).
 1977 "Woord en Wonder," (Nasou).
- Guma, S.M.
 1967 "The Form, Content and Technique of Tradisional Literature in Southern Sotho," (J.L. van Schaik).
- Helmer, J.
 1972 "Metaphor" linguistics. 88, pp. 5-14
- Hodza, A.C. & Fortune G.
 1979 "Shona Praise Poetry," (Oxford).
- N.G. Sendinguitgewers
 1968 "Hosanna"
- Isenberg, A.
 1963 "Symposium: Metaphor: on Defining Metaphor,"
 Journal on Philosophy LX pp. 609-622.
- Jordan, A.C.
 1973 "Towards an African Literature: The Emergence of Literary form of Xhosa," (University of California Press).
- Khatchandourian, H.
 1968 "Metaphor," British Journal of Aesthetics 8, pp.227-243.
- Kopane, P.K.
 1967 "Setswana se se phepa," (Unie-Boeke).
- Kruger, C.J.H.
 Ongedateer a. "Betekenis en semantiek," (Ongepubliseerde en ongedateerde klasgids).
 Ongedateer b. "Morfologie en Sintaksis van Noord-Sotho en Tswana (Kursus 111 en Hons.)," (Pro-Rege Potchefstroom).
 Ongedateer c. "Die Strukturalistiese taalwetenskap," (Ongepubliseerde klasaantekeninge).
- Kunene, D.P.
 1971 "Heroic Poetry of the Basotho," (Oxford).
- Kunene, M.
 1970 "Zulu Poems," (André Deutsch).
- Kunene, R.
 1962 "An Analytical survey of Zulu poetry both traditional and modern," (Universiteit van Natal).
- Leech, G.N.
 1966 "Linguistics and Figures of Rhetoric in Fowler,"
 (1966) (a pp. 135 - 156).

- Lekgetho J.M., Kitchin M.S. & Kitchin N.H.
 1979 "Boswa Jwa Puo," (Pula Press).
- Lestrade, G.D.
 1942 "Some Venda Folk-Tales communication from the school of African studies: New Series nr. 6. October 1942", (Universiteit van Kaapstad).
- Lewis, D.C.
 1948 "Poetic Image," (Jonathan Cape Town).
- Lotz, J.D.N.
 1959 "Die dierverhaal in Zoeloe," (UP. Proefskrif).
- Mahlasela B.E.N.
 1973 "A General Survey of Xhosa Literature from its beginning in the 1800 to the present. Working paper nr. 2," (Rhodes University).
- Makwela, A.O.
 1977 "E.A. Ramaila, the writer," (Universiteit van die Noorde - verhandeling).
- Malope R.M.
 1977 "Tshekatsheko-Tsenelele ya Dipadi Tsa Ntlha tse Tlhano tsa ga D.P.S. Monyaise," (Univesiteit van die Noorde - verhandeling).
- Mathivha, M.E.R.
 1972 "A survey of the literary achievement in Venda," (Universiteit van die Noorde - Proefskrif).
- Matthews, R.J. & Ver Eecke W.
 1971 "Metaphoric Metonymic Polarities: A structural Analysis," Linguistics 67 pp. 35-53.
- Modise, D.M.
 1979 "Magagana," (J.L. van Schaik Ltd. Pretoria).
- Mogoleng, B.D. & Motlhake S.F.
 1972 "Maboko a Setswana," (Van Schaik).
- Mokgokgong P.C.
 1966 "Popular Themes in Northern Sotho Prose Fiction," Bantoe-Onderwysblad Oktober 1970 pp. 22-23 en ook in Limi Januarie 1966.
- Moloi, A.J.M.
 1974 "The Southern Sotho Novel: A study of its form and expression," (Universiteit van die Noorde - Proefskrif).

Moloto, E.S.

1975 "The growth and tendencies of Tswana Poetry,"
(Unisa - Proefskrif).

1972 "The making of Tswana Poetry," Bantoe-Onderwysblad
September 1972, pp. 16-19.

Monyaise D.P.S. 1967 "Bogosi Kupe," (Van Schaik).

1979 "Go sã Baori," (Van Schaik).

1961 "Marara," (Van Schaik).

1965 "Ngaka, Mosadi Mooka," (Van Schaik).

1960 "Omphile Umpi Modise," (Bona Press).

Mooÿ, J.J.A.

1973 "Metafoor en Vergelyking in de Literatuur,"
Forum der Letteren 14, pp. 121-158.

Moroke, S.A.

ongedateer a. "Boša bo ganetsana la botšofe," (Bona Press).

ongedateer b. "Lehufa le lwa le Thuto," (Bona Press).

ongedateer c. "Lobisa Radipitse," (Bona Press Ltd. Johannesburg).

1979 "Matšhotlho," (Bona Press).

Ngcongwane S.D.

1975 "The influence of the Praise Poem on Modern Bantu Poetry,"
(Universiteit van Zoeloeland) Reeks 53:11.

1974 "Die Plek van die Kerklied in die Letterkunde van die
Bantoetaal," (Universiteit van Zoeloeland- verhandeling).

Nienaber C.J.M.

1962 "Woordkuns, Inleiding tot die Literatuurstudie,"
(J. L. van Schaik).

Nkabinde, A.C.

1977 "Zulu Prose and Praises. In Defence of a Living
Tradition," (Universiteit van Zoeloeland)
Publikasies Reeks 1
Serie 1 nr. 25.

Nyembezi, C.L.S.

1961 "A Review of Zulu Literature," (University of Natal Press).

Potgieter, E.E.

1958 "Enkele Volksverhale van die Ndzundza van Transvaal,"
(Unisa Pretoria).

Raditladi, L.

ongedateer a. "Mokoma-ditlhare," (Bona Press).

ongedateer b. "Sefalana sa Menate," (Bona Press).

Reddy, M.

1969

Reichling, A.

- 1969 "Verzamelde studies over hedendaagse problemen der taalwetenschap," (N.V. Uitgewersmaatschappij, W.E.J. Tjeen Willink/Zwolle).

Richard, I.A.

- 1936 "The Philosophy of Rhetoric," (New York, Oxford University Press).

Ricoeur, P.

- 1974 "Metaphor and the main problem of Hermeneutics," *New Literary History* VI pp. 95-111.
- 1978 "The rule of the metaphor. Multi-disciplinary studies of the Creation of meaning in Language." Translated by Robert Czerny with Kathleen McLaughlin and John Castelle, sj. (Routledge & Kegan Paul London and Henley).

Roux, J.C.

- 1970 "'n Literêre verhouding: 'n Studie na die aard van die digter-gedig-verhouding in die Sotho digkuns," (P.U. vir C.H.O. - Verhandelings).

Schapera

- 1965 "Praise-Poems of the Tswana Chiefs," (Oxford, At the Clarendon Press).

Schipley, J.T.

- 1943 "Dictionary of World Literature, Criticism-Forms-Techniques," (Kegan Paul, London).

Schoonees P.C. redakteur

- 1977 "H.A.T. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal," (Voortrekkerpers).

Schoonees P.C. & Van Bruggen, J.R.L.

- 1925 "Inleiding tot die studie van die Letterkunde," (J.H. de Bussy, Pretoria).

Scott, A.F.

- 1967 "Current Literary Terms. A concise Dictionary of their Origin and Use." (Macmillan London, St. Martin's Press, New York).

Seboni, M.O.M.

- ongedateer a. "Koketsa-Kitso ya lefatse," (Bona Press).
- ongedateer b. "Maboko a Maloba le Maabane," (Bona Press).

Seboni M.O.M. & Lekhela, E.P.

ongedateer "Boka Sentle," (Via Afrika).

Shepherd, R.H.W.

1936 "Literature for the South-African Bantu: A Comparative Study of Negro Achievement," (The Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee).

Shibles, W.A.

1971 "An analysis of Metaphor in the light of W.M. Urban's Theories," (Mouton).

Stutterheim, C.F.P.

1941 "Het begrip Metaphoor. Een Taalkundig en Wysgerig onderzoek," (H.J. Paris, Amsterdam).

Swanepel, C.J.

1971 "Opmerkings oor ongepubliseerde Suid-Sothodramas," Bantoe onderwysblad September 1972 pp. 13 - 15.

Swanepeol, P.H.

1978 "Mataforiese taalgebruik," Koers 43 nr. 1 pp. 63-73.

Swanepeol, S.A.

1977 "Beeldspraak," (Ongepubliseerde klasgids, P.U. vir C.H.O.).

Terblance, H.J.

1966 "Afrikaanse Woordeboek," (Afrikaanse Pers-Boekhandel).

Todorov, T.

1974 "On linguistic Symbolism," New Literary History VI, pp. 111-134.

Tracy, H.

1948 "Lalela Zulu: 100 Zulu Lyrics," (African music society).

Uhlenbeck, E.M.

1962 "De Beginselen van het syntactisch onderzoek. Taalonderzoek in onze tyd." (Servire /Den Haag).

Van Biljon, E.

1976 "Simbolisme in die Poësie van A. Roland Holst," (P.U. vir C.H.O. - Verhandeling).

Van der Merwe, H.J.J.M.

1963 "Terminologielys," in H.J.J.M. van der Merwe (redakteur) "Inleiding tot die Taalkunde," pp. 233- 257. (Van Schaik)

Van der Merwe, P.P.

- 1962 "Vers en Simbool: 'n Ondersoek na die simbool in sy betrekking tot die poësie," (Universiteits Stellenbosch - Proefskrif).

Van der Walt, M.J.

- 1963 a. "Semantiek," in H.J.J.M. van der Merwe (redakteur) "Inleiding tot die taalkunde," pp. 154- 168. (Van Schaik).
- 1963 b. "Sintaksis," H.J.J.M. van der Merwe. "Inleiding tot die taalkunde," pp. 195-109. (Van Schaik).

Van der Walt, T.

- 1973 "Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament - 'n Gids vir Bybelkunde studente," Deel B. "Die Messias op Aarde," (Pro Rege Pers).

Van Wyk, E.B.

- 1964 "Sinsleer," in H.J.J.M. van der Merwe (redakteur) "Studierigtings in die Taalkunde," pp. 39-71. (Van Schaik).

Van Dijk, T.A.

- 1971 a. "Moderne Literatuurteorie: Een eksperimentele inleiding," (The Hague, Mouton).
- 1972 "Some Aspects of Text Grammar. A study of the Theoretical Linguistics and Poetics," (The Hague, Mouton).
- 1971 b. "Taal Tekst Teken. Bydragen tot de literatuurteorie," (Van Gennep/Amsterdam).

Verster, J.R.

- 1974 "Die metafoor in die algemene Taal- en literatuurwetenskap," (UOVS. - Proefskrif).

Vestdijk, S.

- 1956 "De glancende Kiemcell," (De Driehoek, Amsterdam).

Welsh, P.

- "On Explicating Metaphor," The Journal of Philosophy pp. 622-623.

Werner, M.

- 1973 "Blacks Metaphors," The British Journal of Aesthetics 13, pp. 367-372.